**Mal 2:6**

Ware instruksie was in sy mond en partydigheid en onreg is nie op sy lippe gevind nie; hy het in vrede en opregtheid saam met My geloop en hy het baie mense teruggedraai van onregverdigheid af,
**7** want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar en mense moet instruksie uit sy mond soek, want hy is die boodskapper van יהוה-Tzva'ot. (God van die hemelse leërmag)

Hierdie boek dra ek met vreugde op aan:

יהוה, ons Enigste Skepper-God wat deur Sy onverdiende guns aan ons kennis van die Waarheid gee **(1 Tim 2:4; Tit 1:1)**

en aan Sy diensknegte:

Gerrie en Hanlie Coetzee.

**Amos 8:11**

"Let op, daar kom dae," verklaar יהוה-God, "wanneer Ek 'n hongersnood oor die land sal stuur, nie 'n honger na brood of 'n dors na water nie, maar eerder om die boodskap van יהוה te hoor en te doen."

# Een het drie geword

**Hierdie boek mag in geen formaat verkoop word nie.**
Dit is beskikbaar vir gebruik in die Koninkryk van God.
As u sekere dele van hierdie boek wil gebruik of vir ander wil gee, is u welkom om onveranderde kopieë te maak van dié dele, met die verstaan dat geen deel hiervan verkoop mag word nie.
E-Pos en Kopiereg kennisgewing moet dit vergesel.
fliperasmus@gmail.com
gerrie@padwlewe.org.za

Ook elektronies beskikbaar op www.padwlewe.org.za.
Op dieselfde webadres is nog ’n “moet bestudeer” boek te kry, nl:
**God van die Verbond / Feeste van die Verbond.**

Die nuutste uitgawe van

**Die Pad van Waarheid tot die Lewe**
Afrikaanse vertaling van die Bybel wat gedoen is vanuit die mees oorspronklike Aramees en Hebreeus wat beskikbaar is,
is gebruik in hierdie boek.

Hierdie vertaling van die Bybel is gratis beskikbaar by:
info@padwlewe.org.za

Gedruk deur: Camera Press c.c.

Die 1ste druk

ISBN Nr. 978-0-6397-6100-8

© Kopiereg: Flip Erasmus en Gerrie C Coetzee

# Inhoud


| Hfst | Onderwerp | Bladsy |
|---|---|---|
| | **Name van Bybelboeke en afkortings vir teksverwysings** | **vi** |
| | יהוה **- Die Vader se Naam** | **vii** |
| | **Voorwoord** | **viii** |
| **1** | **Yeshua - die Mens** | **1** |
| 1.1 | Inleiding | **1** |
| 1.2 | Die Karakter en Outoriteit (Naam) van Yeshua | **3** |
| 1.3 | Die Skrif verklaar dat Yeshua mens is | **6** |
| 1.4 | Die profesieë in die Tanakh (OT) verklaar dat Hy mens is | **11** |
| 1.5 | Sy koms uit die saad van ’n mens verklaar dat Hy mens is | **17** |
| 1.6 | Die Nuwe Verbond bevestig die profesieë | **22** |
| 1.7 | Kan God ’n “God” hê? Wie is dan God? | **25** |
| 1.8 | Yeshua verklaar self dat Hy mens is | **29** |
| 1.9 | Yeshua die Middelaar verklaar dat Hy mens is | **31** |
| 1.10 | Is daar enige Skrifbewyse dat Yeshua God kan wees? | **33** |
| 1.11 | Onbetwisbare bewyse teenoor aannames en afleidings | **36** |
| **2** | **Is die “Heilige Gees” ’n persoon?** | **55** |
| 2.1 | Inleiding | **55** |
| 2.2 | Wat leer die Skrif aangaande die Gees van God? | **58** |
| 2.3 | Die Sewevoudige Gees van God | **63** |
| 2.4 | Die Gees wat Afgesonderd is, die Teenwoordigheid van God | **65** |
| 2.5 | Hoe lei die Gees wat Afgesonderd is ons? | **68** |
| 2.6 | Die nie-persoonseienskappe van die Gees | **72** |
| 2.7 | Kan die Gees aangespreek word as “Hy” of “Hom” | **75** |
| 2.8 | Die Gees is afwesig in visioene van God se troon | **76** |
| 2.9 | Is daar Skrif-bewyse vir ’n “derde persoon”? | **78** |
| 2.10 | Rooms-Katolisisme | **84** |
| 2.11 | Samevattend | **86** |

# Inhoud


| Hfst | Onderwerp | Bladsy |
|---|---|---|
| **3** | **Die drie-eenheidsleer** | **87** |
| 3.1 | Die geskiedkundige bewyse van die ontstaan van die leer | **87** |
| 3.2 | Die ontstaan van die “drie-eenheid” - *(trinity)* | **90** |
| 3.3 | Waar kom die begrip “trinity” vandaan? | **92** |
| 3.4 | Die “drie-eenheid” word ’n amptelike dogma | **96** |
| 3.5 | Is daar Skrif bewyse vir die “drie-eenheid”? | **100** |
| 3.6 | Waarop word die kerk se drie-eenheidsdogma gebou? | **103** |
| 3.7 | Geloofwaardige drastiese stellings | **105** |
| 3.8 | Samevattend | **111** |
| **4** | **Wie is dan die enigste ware God?** | **112** |
| 4.1 | Agtergrond | **112** |
| 4.2 | Wie is God wat aanbid moet word? | **113** |
| 4.3 | Is daar meer as een God? | **116** |
| 4.4 | Die Karakter en Outoriteit van יהוה | **118** |
| **5** | **'n Uitnodiging** | **120** |
| **6** | **Die Ware Blye boodskap (Evangelie)** | **124** |

# Name van Bybelboeke en afkortings vir teksverwysings

**Die Wet:**

| | |
|---|---|
| Genesis | - Gen |
| Eksodus | - Eks |
| Levitikus | - Lev |
| Numeri | - Num |
| Deuteronomium | - Deut |

**Die Profete:**

| | |
|---|---|
| Y'hoshua (Josua) | - Y'ho |
| Rigters | - Rig |
| Sh'mu'el (Samuel) | - 1 Sh'm |
| | - 2 Sh'm |
| Konings | - 1 Kon |
| | - 2 Kon |
| Yesha'yahu (Jesaja) | - Yes |
| Yirmeyahu (Jeremia) | - Yir |
| Yegezk'el (Esegiël) | - Yeg |
| Hoshea (Hosea) | - Hos |
| Yo'el (Joël) | - Yo' |
| `Amos (Amos) | - `Am |
| `Ovadyah (Obadja) | - `Ov |
| Yonah (Jona) | - Yon |
| Mikhah (Miga) | - Mik |
| Nagum (Nahum) | - Nag |
| Havakuk (Habakuk) | - Hav |
| Tz'fanyah (Sefanja) | - Tz'f |
| Hagai (Haggai) | - Hag |
| Z'kharyah (Sagaria) | - Z'kh |
| Mal'akhi (Maleagi) | - Mal |

**Die Geskrifte:**

| | |
|---|---|
| Psalms | - Ps |
| Spreuke | - Spr |
| Iyov (Job) | - Iyo |
| Lied van Liedere (Hooglied) | - LvL |
| Rut | - Rut |
| Klaagliedere | - Kla |
| Prediker | - Pre |
| Ester | - Est |
| Dani'el (Daniël) | - Dan |
| `Ezra (Esra) | - `Ez |
| Negemyah (Nehemia) | - Neg |
| Kronieke | - 1 Kro |
| | - 2 Kro |

**Die Goeie Nuus:**

| | |
|---|---|
| Mattityahu (Mattheus) | - Mat |
| Markos (Markus) | - Mar |
| Luka (Lukas) | - Luk |
| Yoganan (Johannes) | - Yog |
| Handelinge | - Hand |

**Briewe:**

| | |
|---|---|
| Romeine | - Rom |
| Korinthiërs | - 1 Kor |
| | - 2 Kor |
| Galasiërs | - Gal |
| Efesiërs | - Efe |
| Filippense | - Fil |
| Kolossense | - Kol |
| Thessalonisense | - 1 Thes |
| | - 2 Thes |
| Timotheos (Timotheus) | - 1 Tim |
| | - 2 Tim |
| Titos (Titus) | - Tit |
| Filemon | - File |

**Algemene briewe:**

| | |
|---|---|
| Hebreërs | - Heb |
| Ya'akov (Jakobus) | - Ya'a |
| Kefa (Petrus) | - 1 Kef |
| | - 2 Kef |
| Yoganan (Johannes) | - 1 Yog |
| | - 2 Yog |
| | - 3 Yog |
| Y'hudah (Judas) | - Y'hu |
| Openbaring | - Open |

## Belangrike Afkortings

v.Y. - Jare voor Yeshua
n.Y. - Jare na Yeshua
e.v. - en volgende verse

## יהוה - Die Vader se Naam

Ons gebruik die oorspronklike Hebreeus, יהוה, uit respek, om Vader se Naam weer te gee. Daar is geen wet in Vader se Woord wat verbied dat dit gebruik word nie. Ek wil tog graag ’n vermaning plaas op die los en vas gebruik van God se Naam – ek glo die gebruik daarvan is toepaslik in die Woord self, asook in leringe vanuit die Woord, maar nie daarbuite nie. In die Aramese Tanakh en Nuwe Verbond word Maryah, מריא, sonder uitsondering, gebruik uit respek, met die betekenis - Meester Yah. Die Hebreeuse begrip אהיה אשר אהיה “Ahiyeh asher Ahiyeh”, van **Eks 3:14**, glo ek, is ’n Goddelike uitspraak en verklaring meer as ’n betekenis van Sy Naam en ek vertaal dit as “EK IS ONVERANDERLIK DIESELFDE.” Daar moet onthou word dat die Aramese Maryah, מריא, ook taalkundig die definitiewe, Díe Meester, kan beteken.

יהוה, word volgens taalkundige uitleg, uitgespreek as Yahuah. Vir die uitspraak, is die eerste “a” klank soos in “’n” en die laaste lettergreep as ’n baie sagte “whah” (soos in die Engelse uitspraak) klank. Dit het die betekenis van Ek is, Ek was en Ek sal wees - manlik enkelvoud.

## Baie Belangrik

Hierdie is ’n studiestuk vanuit Vader se “Handleiding”, Sy Boodskap vir ons as Sy Kinders. Vader begeer dat ons Sy oorspronklike wil sal uitleef. Lees asseblief elke deel volledig klaar en bestudeer elke teksverwysing in die boek. Dit is van lewensbelang vir elkeen van ons. Ons moet seker maak dat dit wat ons glo, werklik Vader se wil is en nie aangeleerde, menslike leringe is nie. Studieverse is tussen hakies of as boskrif (*superscript*), as deel van verse.

Wanneer u gekonfronteer word met dit wat nuut is, of met wat verskil van wat u tot nou toe geglo het, hou asseblief aan en lees klaar en bestudeer die Woord. Ons enigste korrekte antwoorde is daar alleen te kry. Mag Vader elkeen van ons bewaar om nie “tevrede te wees met waaraan ek gewoond is” nie. Ter wille van lewe, maak seker.

> **Yog 17:3** Dít is die ewige lewe: dat hulle U sal ken, want U is die God van Waarheid, asook Hom sal ken wat alleen deur U gestuur is, Yeshua, Die Gesalfde Een.

**Sonder om die Ware God van Waarheid te ken is daar nie ewige lewe nie; so ook om Yeshua te ken wat deur Vader gestuur is.**

# Voorwoord

Ek het groot geword in die Ned. Geref. Kerk en van kindsbeen af het ons die feeste van die kerk met oorgawe gevier. My eerste ontnugtering het gekom tydens ’n aanddiens in 1972 toe ons as gesin ’n diens bygewoon het waar die leraar ons oortuig het van die valsheid van Kersfees.

’n Ywerige lidmaat van jongs af, voorsitter van die Kerk-Jeug-Vereniging (KJV), later as diaken en ook as kategeet vir ongeveer vyftien jaar. As kategeet moes ek ’n les aanbied vir die klas wat blatant teenstrydig teen die Woord van God was en het ek geweier. Nodeloos om te sê, dit was die einde van my kategese loopbaan.

Na ’n aantal jare as kerkraadslid word ek aangestel as Skriba (’n betaalde amptenaar) vir meer as ’n dekade en dien ek op verskeie kommissies van die kerkraad, nl. Leer en Aktuele sake, Finansies en die Doopkommissie van waar ek met ywer die “leer van die kinderdoop van die kerk” met ’n passie ondersteun het. (Net omdat ek nie gekyk het wat leer die Woord van God i.v.m. die doop nie!)

Dit was van daardie tyd af dat ek al hoe meer die valse leringe binne die kerk teenoor die waarheid van die Woord van God begin raaksien het.

> **Deut 12:32** “Wat ek julle ook al beveel, dit moet julle doen; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van wegvat nie”. **Open 22:18-19**

Die hele Skrif en net die Skrif!

Tydens die laaste ±15 jaar as hoofouderling in die Evangelies Gereformeerde Kerk het hierdie gewaarwording van wat die kerk leer as waarheid, net nie geklop met wat die Skrif leer nie. Tydens ’n “Bybelstudie” byeenkoms is die vraag gevra of daar een is wat “’n Skrifverwysing” het vir die “drie-eenheid.” Nodeloos om te sê, Flip was voor op die wa met sy antwoord van **Mat 28:19**; die leraar is my steeds ’n antwoord skuldig.
’n Tydperk daarna lewer die leraar ’n boodskap getiteld: “Watter Jesus aanbid jy?” ’n Reeks boodskappe volg om te wys dat die Shabbat vervang is met Sondag. Die vrae ten opsigte van wat die Skrif leer teenoor wat “gepreek” word, het net meer en meer geword. Al hierdie verskille met die Woord van God het voortdurend gegroei in my. Die soeke na waarheid het al hoe sterker geword saam met die besef dat die verantwoordelikheid myne is en nie die kerk s’n nie.

Geïnspireer deur die Gees wat Afgesonderd is, met die waarheidsleringe wat ons ontvang het vanuit die PWL met ons “Gamali’el,” Gerrie Coetzee, het ek na langdurige en intensiewe Bybelstudie en leringe begin om opsommings saam te stel oor: Die Valse Feeste van die Kerk en ander dogmatiese mites. Dit sluit onder andere onderwerpe in soos: God se Wet en Feeste word verwerp; Kersfees; Ishtar - Easter; Die Doop; Vertroue teenoor geloof; Kan God se “genade” jou red?; Die mite van ’n Nuwe Testamentiese Christendom; Die Teken van die Nuwe Verbond en vele meer.

Die drang wat Die Gees wat Afgesonderd is in my gewerk het vir die samestelling van hierdie uiters belangrike boek, sou eers veel later kom, nadat ek na baie jare van leringe, selfstudie en navorsing nader moes kom aan die Karakter van die Skepper-God en die waarheid van Sy Woord.

Hierdie boek sal uiteraard baie ernstige diskrediet meebring / veroorsaak aan die vertroetelde, tradisionele Christelike leringe en tradisies. Verder is dit ook ’n waarborg om jou te prikkel en verseker sal dit baie lesers hewiglik ontstel. Dit sal egter ook dié wat tot ware vertroue gekom het, aanmoedig tot gehoorsaamheid aan die waarheid van God se Boodskap. Yeshua se gebed vir ons is dat ons in die waarheid moet bly, want net Vader se Boodskap is die Waarheid.

> **Yog 17:17** Vader, sonder hulle af in U waarheid, want U boodskap is die waarheid.

> **Yeg 34:7** daarom, julle herders, hoor en doen die Woord van יהוה
> **8** So waar as Ek leef, verklaar יהוה-God, omdat My skape ’n prooi geword het, selfs kos vir al die wilde diere van die veld, weens die gebrek aan ’n herder en My herders nie na My skape gesoek het nie, maar die herders hulleself gevoed en nie My skape gevoed het nie,

Vergelyk ook **1 Kefa 5:2**

Hierdie werkstuk het dit ten doel om die leser te wys om nie op mense se “opinies,” “veronderstellings,” “aannames” en “afleidings” staat te maak nie, maar dat hulle self die hele Woord van God moet ondersoek vir die waarheid soos die Beroiane van Thessalonike gedoen het. hulle het elke dag die boodskap met gretigheid ontvang terwyl hulle uit die Skrifte onderskei het om te sien of hierdie dinge so was. **(Hand 17:11)**

Hierdie is nie net ’n “moet lees” handleiding nie, maar is verseker bedoel vir die soekers na die pad van waarheid tot lewe soos gevind kan word in die Woord van God! Het Yeshua nie gesê dat: “die Waarheid sal julle vry maak” nie? **(Yog 8:32)**

Verder het die studie nog ’n baie belangrike doel nl. dat, wanneer met die waarheid gewerk word, dit nie is om af te breek nie, maar eerder om dit wat vir baie lank deur tradisie afgebreek is, te herstel en dit wat aanvaar was vir die waarheid, te weerlê met: wat leer die Skrif ons, wie is die Enigste Lewende Skepper-God, Sy Gees wat Afgesonderd is en Yeshua die mens.

Dit is dan met hierdie verstandhouding dat, wanneer jy die Pad van die Waarheid tot die Lewe in God se Woord ontdek het, jy ’n opdrag gekry het om dit te moet deel, tydig en ontydig, met hulle wat nog in die duisternis verkeer.

> **Mar 16:15** en Hy het vir hulle gesê: Gaan na die hele wêreld en verkondig My goeie boodskap in die ganse skepping.

Hier wil ek ook spesiaal melding maak van die hulp wat ek verkry het van die Coetzee familie met Skrif eksegese en van die PWL-Gemeentelede vir die taalversorging en tegniese bystand met die finalisering van hierdie boek.

Met afwagting vir die volheid van Sy waarheid.

Flip Erasmus
Mackay, Queensland,
Australië

# Hoofstuk 1

# Yeshua - die mens

## 1.1 Inleiding

Hierdie is nie ’n teologiese tesis of bewysstuk nie, maar eerder waarhede soos ons dit ontdek het vanuit die Woord van God alleen. Kom ons laat die Woord van God praat. Ons glo dat die kits-evangelie en emosionele leringe die hoof oorsaak is hoekom dit maklik was vir Yeshua om as God uitgebeeld te word. In die ware blye boodskap van verlossing is daar geen plek vir nog ’n godsfiguur nie. Ons gaan dus wys dat daar net een God en Skepper is en dat Yeshua nie God is nie.

1. Die Enigste Lewende Skepper-God het ’n man geskep, Adam, om Sy beeld te dra, te lyk soos Hy en Sy beeld te vermenigvuldig op die aarde en te heers oor die aarde sodat die mens Hom kan behaag en plesier.

    **Gen 1:27** - God het die mens geskep na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskep; man en vrou het Hy hulle geskep.

2. יהוה-God het Sy asem (Sy Gees en lewe) in die mens geblaas.

    **Gen 2:7** יהוה-God het die mens gevorm uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas sodat die mens ’n lewende gees, liggaam, wil en verstand geword het.

3. Die mens het egter hierdie LEWE wat God in hom geblaas het, verruil vir kennis deur sy eie besluit om die outoriteit van die Teëstander te aanvaar en Vader se outoriteit te verwerp en het so, ongehoorsaam aan God, sy verhouding met God en die aspek van ware lewe verloor.

4. יהוה-God het egter die belofte vir die herstel van die mens toe reeds gegee en reg deur die Skrif is dit die voortsetting van God se herstelplan vir die mens, om weer onder die Koningskap van God, deur die aangestelde Koning (die Gesalfde Een), Yeshua, te staan. Om dit sy eie te maak en vir homself te neem, **moes die mens egter elke stap, as individu, self kies en doen.**

    **Gen 3:15** Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar Saad. Hy sal jou kop vertrap en jy sal Sy hakskeen byt.” **Rom 16:20; Gal 3:17**

5. Hierdie belofte van herstel is voltooi in die 2de / finale Adam (Yeshua) wat die oorspronklike doel van die mens moontlik kom maak het deur vergifnis en deur die herstel van die oorspronklike verhouding tussen God en die mens. Let op – dit was Sy doel en opdrag.

**1 Kor 15:45** So is daar ook geskryf: die eerste mens, Adam, was 'n lewende gees; die laaste 'Adam', 'n Lewegewende Gees.

Hierdie skrywe dien dan as die bewys en lering waarom dit nodig was dat die Middelaar en Verlosser as volkome mens hierdie taak moes kom voltooi. Al die tekste en verwysings dien as bevestiging dat Yeshua mens was. Hy het gekom om die Vader te plesier en Sy wil te doen volgens die oorspronklike skeppingsdoel soos in **Gen 1:27**. Yeshua het nie iets nuuts kom doen nie. Hy het die Vader se plan kom voltooi en het die plek van Adam as menslike koning oor Vader se Koninkryk kom inneem.

**Yog 8:28** Yeshua het weer met hulle gepraat: "Wanneer julle die Seun van die mens opgelig het, dan sal julle weet: Ek is onveranderlik dieselfde en dat Ek niks doen vir My eie plesier nie, maar net dit wat My Vader My geleer het, dit sê Ek."

Net so moet ons ook kyk na:

**Yog 15:15** Hierna noem Ek julle nie meer slawe nie omdat die slaaf nie weet wat sy meester doen nie, maar Ek het julle vriende genoem omdat Ek alles wat Ek van My Vader hoor, aan julle bekendmaak.

Yeshua het Die Gesalfde Een en Seun van God **geword** en is nie so gebore nie:

**Hand 2:36** Laat die hele huis van Yisra'el daarom waarlik weet dat God daardie Yeshua, vir Wie julle gekruisig het, Die Meester en Die Gesalfde Een gemaak het."

**Heb 5:5** Net so het ook Die Gesalfde Een nie Sy lewe vereer om nie-Levitiese Hoofpriester te word nie, maar vir Hóm wat gesê het: "Jy is My Seun, vandag het Ek jou in die lewe gebring."
**(Ps 2:7; Hand 13:33; Heb 1:5)**

Ons nooi die leser uit om saam met ons en deur sy eie studie van die Boodskap van God, hierdie ontdekking te doen. Sola Scriptura - net die Skrif alleen - geen teologie, geen afleidings, geen tradisie, geen belydenisskrifte nie, net die Skrif / Boodskap van die Lewende Skepper-God alleen.

## 1.2 Die Karakter en Outoriteit (Naam) van Yeshua

Yeshua is die oorspronklike Aramese naam van die Verlosser, wat mense oor die algemeen as "Jesus" ken.

Voordat ons gaan kyk na wie hierdie Jesus is, is dit noodsaaklik om die aspek van Sy NAAM aan te spreek. As gevolg van wat ons geleer is uit tradisie is dit baie moeilik om iets soos 'n naam te verander en tog moet ons gaan kyk na wat die waarheid is.

**Eerstens:** 'n Naam kan nie vertaal of verander word nie, want dan word die betekenis van die naam verander en moet jy die betekenis van die vertaalde naam aandui om te sien of dit ooreenstem. In ons moderne tyd word geen klem gelê op die betekenis van 'n naam nie, terwyl in die tyd van die Woord was die betekenis van 'n naam baie belangrik. Dit het die karakter en optrede van 'n persoon bepaal en moet so gesien word. Die rede is in die betekenis van die woord "shem" wat algemeen vertaal word as "naam".

**Tweedens:** Die bewysbare betekenis van 'n naam is belangrik, want dit verteenwoordig die karakter van die persoon en kan nie verander word nie. In Hebreeus en Aramees is dit die woord "shem" *H8034* en dit beteken, meer volledig, die karakter en outoriteit wat die naam verteenwoordig:

*H8034 shêm*
*A primitive word (perhaps rather from H7760 through the idea of definite and conspicuous position; compare H8064); an appellation, as a mark or memorial of individuality; by implication honour, authority, character: -*
*+ base, [in-] fame [-ous], name (-d), renown, report.*
*Strong's H8034: AHLB H1473-A (N) "Hebrew names are words given to describe character. - I. Breath: The breath of a man is character, what makes one what he is. The name of an individual is more than an identifier but descriptive of his character or breath."* – dit is: jou lewe, gees of wese.

> **Efe 3:15** vanaf Wie elke vaderskap in die hemele en op die aarde sy karakter en outoriteit ontvang

Lees gerus **Efe 4:14-21** om die volle impak te kan kry van wat hier aangehaal word. Dit is al die wonderlike gawes en seën van die daaropvolgende verse wat ons s'n kan wees omdat ons Sy Naam, dit is Sy Karakter en Outoriteit, ontvang sodra ek tot vertroue gekom het, Sy Gees ontvang het en dus daarvolgens kan leef! Dit is hoekom dit so belangrik is dat ons Sy Naam en daardeur Sy Karakter en Outoriteit ken sodat ons Hóm kan ken. Ons kan egter nie 'n verbondsverhouding met Hom hê, as ons nie ons deel van die verbondsooreenkoms gehoorsaam en nakom nie. Daarom kan die naam nie sommer verander word nie.

Waarom gebruik ek nie die Naam “Jesus” nie? Eenvoudig, dit is vanuit die Aramees getranslitereer na Latyns en Grieks as “Iésous” en het daardeur sy karakter en betekenis verloor.
Dit het “onskuldig” gebeur deur gewone transliterasie. “Yeshua” sou in Grieks “Iesua” gewees het. Die “I” karakter sou die “Y” vervang het aangesien Grieks nie ’n “J” of ’n “Y” karakter gehad het nie. Meeste “J” en “Y” klanke is vervang deur ’n “I” en die uitspraak verbuig volgens die volgende letter. “Iesua” is ook in Grieks ’n vroulike naam, en om dit manlik te maak is die “a” vervang met ’n “s” volgens Griekse taalkundige reëls. Dus “Iesus”, wat met die ontwikkeling van die Germaanse / Engelse alfabet “Jesus” geword het.

**Die “naam” Jesus het dus geen betekenis nie en verteenwoordig daarom geen karakter of outoriteit nie.**

Dr David H Stern, die samesteller van die *“Complete Jewish Bible”* stel dit as volg:
*“……why not name him “George, because he will save his people from their sins”? Likewise in Greek the name Iésous has nothing to do with the Greek word sotêr for “Save”. Only in Aramaic does the explanation explain. The Aramaic name Yeshua which is the masculine from the word yeshu’ah – salvation – “he will save”.*

Kyk na die inlegkunde van die woorde soos aangegee in die Westerse Grieksvertaalde Bybels (UBS) en die *“Strongs Hebrew Bible Dictionary”* vir die naam *“Jesus G2424:”*

*Jesus G2424 Ἰησοῦς Iēsous ee-ay-sooce'*
*Of Hebrew origin [H3091]; Jesus (that is, Jehoshua), the name of our Lord and two (three) other Israelites: - Jesus.*

Die feit dat “Jesus” as weergawe van die naam in hierdie sin genoem word is ’n totale wanvoorstelling.
Hier kan ons sien dat die Griekse deel van die woordeboek sê dat “Jesus” vanaf die Hebreeuse woord “Jehoshua afkomstig is. Maar wanneer ons kyk na daardie woord (H3091):

*Y’hoshua H3091* יהושׁוּע *yehôshûa’*
*From H3068 and H3467; Jehovah-saved; Jehoshua (that is, Joshua), the Jewish leader: - Jehoshua, Jehoshuah, Joshua. Compare H1954, H3442.*

Wanneer ons die Hebreeuse “Yeshua opsoek (H3442), wat die oorspronklike naam is in die Hebreeuse en Aramese geskrifte, dan kry ons:

*Yeshua H3442 ישוע Yeshuwa` (yay-shoo'-ah) n/l.*
*1. he will save.*
*2. Jeshua, the name of ten Israelites, also of a place in Israel.*

Hierdie is die persoonlike naam Yeshua en is verskillend van die H3091.

Vanaf die inskrywings hierbo kan ons duidelik sien dat die naam "Yeshua" (Jesus) en "Y'hoshua" (Joshua) nie dieselfde is nie buiten dat altwee iets sê oor יהוה se redding.

In beide Aramees en Hebreeus word die Verlosser "Yeshua" genoem. Die Grieks verwys dus na 'n verkeerde Hebreeuse woord en mislei sodoende mense wat oppervlakkig navorsing doen.

Die woord "Jehovah" waarna hierbo verwys word, is die tetragram wat Vader se naam verteenwoordig nl. יהוה-YHWH **(Gen 3:13-17; 6:2-3** en kom meer as 7000 keer voor in die oorspronklike Skrif). Daar is ook geen verwysing na die betekenis van die naam "Jesus" in Hebreeus nie!
Bejammerenswaardig dat ek nie in een bekende Bybel in 'n Westerse taal die Naam van Vader wat Hy Homself mee bekendgestel het, kon kry tot onlangs nie! Dit is dan nie baie vreemd dat die Skrif self vra:

> **Spr 30:4** Vertel my: …..Wie het die wind in Sy vuiste versamel? Wie het die waters in 'n doek vasgebind? Wie het al die grense van die aarde vasgestel? Wat is Sy Naam (Karakter en Outoriteit) en wat is die Naam (Karakter en Outoriteit) van Sy Seun, as jy weet?

Kom ons kyk na die Naam soos hierbo aangegee as "Jehovah":

*H3068 יהוה yehôvâh yeh-ho-vaw'*
*From H1961; (the) self Existent or eternal; Jehovah, Jewish national name of God: - Jehovah, the Lord. Compare H3050, H3069.*

Baie interessant: Strongs wil dit hê dat die Naam 'n "Joodse nasionale naam" is vir Vader, in plaas daarvan dat dit Vader is wat Homself so bekendgestel het aan Sy ganse skepping!! Hy is die enigste God – daar is nie 'n ander god, met 'n ander naam, vir ander volke nie.

Bogenoemde inligting is, vir ons doel hier, genoeg om te bewys dat "Jesus" 'n Grieks-geskepte naam is deur transliterasie na die woord "Iesous, wat geen betekenis het nie. Aangesien "Yeshua" die oorspronklike vorm van die naam is, is dit meer akkuraat om dit te gebruik as om 'n Griekse weergawe te gebruik, nie net vir Die Gesalfde Een nie, maar dit ook reg te vertaal wanneer ons van 10 ander Yisra'eliete praat.

As die persoon se naam verkeerd deurgegee word, beteken dit sy karakter word nie reg verteenwoordig nie. Dan is daar ’n probleem wat herstel moet word, nie waar nie? Dit is dan nie die regte “Naam” of eerder, die regte Karakter en Outoriteit van die persoon nie. Ons kan tog nie kompromie aangaan met Yeshua se Karakter, of met Wie Hy is nie, veral omdat Hy Die Gesalfde Een is wat spesifiek aangedui moet word as die draer van Vader se verlossing.

Alhoewel ek nie die naam wat gebruik word in Grieksvertaalde Bybels sal slegpraat nie, wil ek eerder by die mees oorspronklike bly as gevolg van die Karakter wat dit verteenwoordig.

Die vraag bly nou oor: Noudat jy weet wat die waarheid is, wat gaan jy daaromtrent doen? Gaan jy die regte karakter toeskryf aan die een wat die verlossing gewerk het?

## 1.3 Die Skrif verklaar dat Yeshua mens is

Die doel met hierdie gedeelte is nie om Vader se Eenheid te bespreek nie, maar wel om vanuit die Skrif “Yeshua as mens” te bewys. Uit die aard van die inligting sal daar wel oorvleueling voorkom.

[Dit sal baie help om die lering “Die Eenheid van God” soos gevind kan word op die webtuiste www.padwlewe.org.za onder die “Aflaaibare” dokumente, ook te bestudeer asook te kyk na die opvolgende gedeeltes in hierdie boek.]

Voordat ons begin, kom ons vra drie vrae waarop ons direkte antwoorde moet kry om hierdie vraagstuk op te los.

1. Het Yeshua tydens enige geleentheid, selfs toe Hy direk gevra is wie Hy is, beweer dat Hy God, of ’n deel van God is, of dat dit in die geskrifte geprofeteer is?
2. Deel van die vals aanklagte wat die heel tyd teen Yeshua gebring is, het juis ingesluit dat Hy beweer het dat Hy God is. Was dit vals aanklagte?
3. Hoe moet Yeshua se eie woorde in **Luk 24:25-27** voor Sy hemelvaart verantwoord word?

**Luk 24:25** Toe sê Yeshua vir hulle: “O, onverstandiges, met verstand, wil en emosie wat stadig is om alles wat die profete gesê het te vertrou!

**26** Moes Die Gesalfde Een nie hierdie dinge deurgaan en in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid ingaan nie?”

**27** Hy het begin om vanaf Mosheh en al die profete vir hulle uit al die Skrifte, die dinge wat op Hom betrekking het, deeglik te verduidelik.

In die eerste plek wil ek jou vra om slegs te konsentreer op die Skrif en die Skrif alleen.

As ons van die standpunt af uitgaan dat die Skrif die enigste riglyn is vir ons lewens, dan moet ons aanvaar dat net dít die enigste waarheid is, dat nét dit genoegsaam is, dan sal ons nie deur enige ander lering ontspoor word nie. Ons mag nie in die Skrif in-lees wat ons soek nie. Ons moet toelaat dat die Skrif die lering bepaal en dit vereis dat jy versigtig sal omgaan met die Skrif.

> **Luk 8:18** Wees daarom versigtig **hoe julle luister,** want wie ook al het, aan hom sal gegee word en elkeen wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook dit wat hy dink hy het."

Een van die onderwerpe waaroor ek die waarheid gaan soek het, is dan die vraagstuk: "Is Jesus dan werklik God?" – of dan "As Yeshua God is, hoekom is daar so baie teenstrydighede daaroor in die Skrif?"

Daar is baie vrae in verband met die onderwerp; dinge wat vir lank as "waarheid" verkondig en aanvaar is.

Díe vraag moet dan beantwoord word:
**Wie was Yeshua, die Een wat ek ook, soos die meeste mense, leer ken het as Jesus?**

Was hy:
- 'n Gewone mens soos ek en jy?
- God?
- 'n Deel van die drie-eenheid god soos wat geleer word in die meeste kerke?
- Godmens apart van God?
- God wat geïnkarneer het as 'n Godmens?

Die Skrif is baie duidelik oor wie Yeshua is. Ons moet net voor in die Skrif begin om die volle waarheid te kan verstaan en wat daar geskrywe staan, aanvaar, anders word baie belangrike bewyse weggelaat. Ongelukkig word die leuens, wat van baie vroeg af geskep is, tot vandag toe steeds as waarheid verkondig.

Kom ons begin van voor af in die Skrif en laat die waarheid ons lei, want Yeshua self het verklaar: "die waarheid sal julle vry maak" **(Yog 8:32)**

Laat ons begin met die laaste vraag.

## Geïnkarneerde God?

Wanneer mense praat van Yeshua as die "geïnkarneerde God of "God-incarnate" in Engels, dan verwys hulle na die eeue oue idee dat gode hulself in 'n ander vorm kan plaas en so met die mense interaksie hê. Die woord het toe ook 'n teologiese doktrine / "mystery" geword in die ou kerk om Yeshua te beskryf. Dit word ook as deel van die drie-eenheidsleer gesien en bestaan nie regtig apart daarvan nie.
Hierdie "geïnkarneerde godheid" van Yeshua was vasgelê in die eerste "Council of Nicea" (325 AD) waar daar besluit is dat Yeshua "fully human, fully god" is, van dieselfde stof as God gemaak. Hierdie is later by die "Council of Chalcedon" (451 AD) vasgelê as 'n amptelike definisie van Yeshua as een persoon, met twee nature, een goddelik en een menslik:

*"... Lord Jesus Christ is to us One and the same Son, the Self-same Perfect in Godhead, the Self-same Perfect in Manhood; truly God and truly Man; the Self-same of a rational soul and body; co-essential with the Father according to the Godhead, the Self-same co-essential with us according to the Manhood..."*

*"... acknowledged in Two Natures unconfusedly, unchangeably, indivisibly, inseparably; ..."*

*"...and (both) concurring into One Person and One Hypostasis."*
*(excerpts from council of Chalcedon)*

Hipostase is 'n idee of beginsel wat die onderliggende realiteit skep en is 'n idee wat deur Plato ontwikkel is. Hierdie kerklike definisie is dus duidelik beïnvloed deur Griekse filosofie. Dit is ook nie regtig skokkend as mens besef dat die meerderheid van die "kerk-vaders neo-platoniste" was wat hulle opleiding in Griekse filosofie en "oratory gedoen het, gewoonlik voor hulle hul tot die Christendom bekeer het. Hulle het dan nooit die "ou dinge afgelê nie en het sodoende hulle filosofie in hulle lering ingebring.

Hier word God en Yeshua onderskei van mekaar in die laaste stelling as twee verskillende hipostases (idees), tog word hulle in "een" gedruk deur die stelling dat hulle van dieselfde stof is. Tipies met mens-gemaakte filosofieë, maak dit net nie sin nie en is dit intern teenstrydig.

Vir díe wat nie weet of wil erken dat dié Griekse filosofie in die kerk ingesluip het nie, verwys ek graag na net een bekende bron van 'n "betroubare kenner" en ek haal *"One of America's leading Bible expositors"* aan:

Geneem uit die voorwoord van *"The MacArthur Bible Commentary"; Dr John MacArthur* van die *New King James* weergawe, 2005.

> **Zak 12:10** "When God says they pierced "Me" He is certainly affirming the incarnation of diety – Jesus was God". (Bl 1071)

Bogenoemde is 'n tipiese voorbeeld.
Hier is die Afrikaanse weergawe in die 1933, 1953 vertalings:

> **Sag 12:10** Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; **en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag** soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind.

Kom ons kyk na daardie belangrike Skrif in 'n ander vertaling (Die PWL - derde druk) wat gedoen is sonder teologiese insette:

> **Z'kh 12:10** Ek sal die Gees van onverdiende guns en van smeekbede oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Yerushalayim uitgiet **en hulle sal opkyk na Hom vir Wie hulle deurboor het** en hulle sal oor Hom rou soos 'n mens rou oor 'n enigste seun en hulle sal bitterlik oor Hom huil soos die bitterlike gehuil oor 'n uniek eersgeborene. **Open 1:7**

Dit is dalk nou tyd om hier na die korrekte vertaling van **Z'kh 12:10** te kyk vanuit die Hebreeus.
Ons kyk net na die vetgedrukte Afrikaanse gedeelte wat van toepassing is in die Hebreeus.
והביטו אלי את אשר־דקרו

**Daar is 2 maniere om na die moontlike fout in hierdie gedeelte te kyk:**

1. **'n Masoretiese fout in die teks.**
   Die Masoretiese Teks lees (`aylay) = na my
   Die Dead Sea Scrolls lees (`aylav) = na hom
   Die yod (y) en die wav (v) verskil net in lengte en in antieke geskrifte kan dit maklik verwar word. Hier wys die Dooie See rolle die fout uit. **Dit word bevestig in die daaropvolgende woorde van die teks:** "hulle sal ***oor Hom*** rou.
   Hierdie is vir my genoegsame bewys, maar: Daar is egter ook 'n ander verklaring as die onwaarskynlike waar sou wees, naamlik dat dit "My" is:

2. **Grammatikale reëls:**

Die vetgedrukte gedeelte bo in die teks is ter sprake. Kom ons kyk na die konteks van minstens vers 4 af.
Wie is die hulle? – Vs 8 – Inwoners van Yerushalayim.
Wie is die My? – Vs 4 - Yahuah
Die sin maak nie betekenis-sin as dit “My” is nie: Sal My deurboor en oor Hom rou…..??

So, ons moet gaan kyk – as die “My” dan reg sou wees, waar is die probleem.

- Yahuah is aan die woord in hfst 12.
- Yahuah sê: Wehibitu elai et asher dakaru,
  en hulle kyk na My wie hulle gesteek het

Die woord “et is die voorwerpwyser en word nie vertaal nie, maar dit is nodig om die voorwerp aan te dui - as ons dit uitlaat dan kry ons presies die teks soos die verkeerde vertalings dit deurgee:
“en hulle kyk na My wie hulle deurboor het.”
“My wie hulle deurboor het” is dus die voorwerp.
“My” is egter ’n Persoonlike voornaamwoord en Hebreeuse grammatika vereis dat daar ’n wyser voor die definitiewe aanduiding moet wees. Die “et” word dus ingesit.
Die “et” verskyn egter nie voor die “My” nie, maar ná die “My”. Dit is dus nie deel van die voorwerp nie.
“en hulle kyk na My”….. “wie hulle deurboor het.” “Wie” is dus die voorwerp losstaande van “My”.

In Afrikaans kort hier nou ’n heenwyser na die voorwerp = aangaande – bevestig deur die Hom in die volgende deel van die sin. Dit sou “My” gewees het as Yahuah die een was wat deurboor of gesteek is.
“Hulle kyk na My aangaande hom wat hulle deurboor het.
Sommige sal dadelik na die uitsonderings wil wys, maar ons sien dit nie by ’n direkte voorwerp nie. Albei hierdie scenarios wys dat hier afsonderlik gepraat word van Vader en van die Een wat deurboor is.

Na aanleiding van die uitleg van die bogenoemde verwysing, is die gedagte dat Yeshua God is wat geïnkarneer het, ’n verwerplike gedagte wat sy oorsprong het, soos uitgewys, vanuit die Griekse filosofieë. Dit is Satan se manier om die waarheid te verdoesel en te meng met filosofieë wat leeg is en God se waarheid te verswak! Verder het die kerk dit reggekry om mense te laat glo dat daar ’n kitsoplossing is vir al sy leringe -‘Ons hoef dit nie te bewys nie – ons het geleer en stel vir jou die waarheid en jy moet dit net aanvaar.’

Ons wil graag hier die woord “Kerk definieer soos dit in die boek gebruik word. Met “Die Kerk hier, verwys ons na die tradisionele kerk waaruit baie dogma kom en in ander kerke gebruik word. Die geskrifte wat aangehaal word is ook grotendeels uit Gereformeerde kerke se geskrifte.

## 1.4 Die profesieë in die Tanakh (OT) verklaar dat Hy mens is

Hierdie is ’n baie belangrike onderwerp.
Kom ons begin voor in wat jy glo die Handleiding (nl. God se Woord) vir jou lewe moet wees, want dít alleen is vaste, onveranderde Waarheid.
**Onthou: Vervulling van profesieë bewys dat die Skrif waar is.**
In die geval van Yeshua is daar ongeveer 50 direkte en tot soveel as 360 indirekte profesieë in verband met Sy koms as mens!! *(The Basis of Christian Faith pp156-157, Floyd Hamilton 1946)*
Wat sê God se Woord en hoe word Hy voorgestel in die profesieë?

> **Deut 18:15** יהוה, jou God, sal ’n profeet soos ek uit jou midde, uit jou broers,vir jou laat opstaan; na hom moet julle luister
> **(Yog 6:14; Hand 3:23; 7:37)**

> **Deut 34:10** Sedert daardie tyd het daar geen profeet soos Mosheh in Yisra’el opgestaan, vir wie יהוה van gesig tot gesig geken het, nie,

Mosheh stel dit onomwonde dat ’n mens soos hy sal kom. In **Luka 24** in die Nuwe Verbond, bevestig die mense dit!

> **Luk 24:19** Hy sê vir hulle: “Watter dinge?” Hulle antwoord Hom: “Aangaande Yeshua, van Natzeret, wat ’n profeet was, kragtig in daad en boodskap voor God en voor die hele nasie.

Ek gee graag die Hebreeuse verklarings van sekere woorde sodat gesien kan word dat wat geleer word baie vrae laat en groot probleme veroorsaak. Kyk eerstens na die woord “profeet” soos aangehaal in bogenoemde teks! Ek haal aan uit die *“Strongs Hebrew-Greek Dictionary”* wat gratis beskikbaar gestel word deur Rick Meyers se “E-Sword”:

*Profeet H5030* נָבִיא *nâbîy'*
*From H5012; a prophet or (generally) inspired man: - prophecy, that prophesy, prophet.*

In **Deut 34:10** kry ons ’n interessante uitspraak, die profeet moes nog kom! Daar was niemand anders soos Mosheh nie. Kyk weer mooi na die vers. Dit

is dus nie korrek om te beweer dat Yeshua reeds in die Tanakh daar was nie of om te dink dat Hy deel sou uitmaak van die mens geformuleerde "drie-eenheidsgod" *(co-equal)* wat nog sal "inkarneer" in 'n Godmens nie.

**Kom ons kyk na Skrif:**

**Yes 7:14** יהוה sal daarom self aan julle 'n teken gee: let op, 'n maagd sal swanger word en **geboorte gee aan 'n seun** en sy sal Sy Karakter en Outoriteit `Immanu'el noem. **Mat 1:23**

**15** Hy sal dikmelk en heuning eet teen die tyd dat Hy sal weet hoe om die bose te weier en **om die goeie te kies**,

Hoe is dit dan moontlik as Hy "God" sou wees soos wat beweer word, dat 'n "God" 'n keuse moet maak tussen reg en verkeerd (sonde)? **Vers 15** skep dus 'n groot probleem en 'n ernstige verduideliking is hier, deur die verkondigers dat Yeshua God is, nodig. Hoe kan die Skrif ditself weerspreek?

In presies dieselfde lig:

**Heb 5:8** Alhoewel Hy die Seun is, het Hy gehoorsaamheid geleer deur respekvolle vrees en lyding **Luk 2:51,52; Heb 4:15**

Hoe is dit dan moontlik as Hy "God" sou wees soos wat beweer word, dat Hy gehoorsaamheid moes leer en aan wie moes Hy respekvolle vrees bewys?

Dit is ewe belangrik om te kyk na die opsetlik verkeerdvertaalde teks in:

**Yes 9:6. Hierdie vers word in die Statenbybel en ou Afrikaanse vertalings as vers 5 aangeteken.**
Die vraag moet gevra word hoekom so 'n vers opsetlik verkeerd vertaal word?

**1933 - OAV Yes 9:5** Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, ***Sterke God, Ewige Vader,*** Vredevors

Hier word die verwagte Mashiag "Ewige Vader en "Sterke God genoem. Selfs die drie-eenheidsleer stel dit dat die Seun nie die Vader is nie - hoe dan nou? Om 'n punt te probeer maak, gaan die vertaler te vêr met afgeleide betekenis van woorde en praat teen die leer wat hy probeer staaf.

**PWL - Yes 9:6** want 'n jong Seun is vir ons gebore, 'n Seun is vir ons gegee; die regering sal op Sy skouers rus; Sy Karakter en Outoriteit word genoem: Wonderlike Raadgewer, Magtige Krygsman, Ewige Prins van Vrede.

Kom ons kyk self na die Hebreeus:

| | |
|---|---|
| כּי־ | want |
| ילד | vir ons ’n seun |
| ילד־ | gebore |
| לנָוּ | vir ons |
| בּן | seun |
| נתּן־ | gegee |
| לנוּ | vir ons |
| ותּהי | en om te wees |
| המּשׂרה | die koninkryk |
| על־ | op sy |
| שׁכמו | skouers |
| יקרא | om te roep |
| שׁמוֹ | sy naam |
| פּלא | wonder |
| יועץ | raadgewer |
| אל | Magtige |
| גּבּוֹר | krygsman |
| עד | ewig |
| שׂר־ | vors / leier |
| שׁלום׃ | vrede |

**Jy moet self besluit.**

Vanuit die Hebreeus is die volgende vertaling van vers 6 dus korrek.

**Yes 9:6** want ’n jong Seun is vir ons gebore, ’n Seun is vir ons gegee; die regering sal op Sy skouers rus; Sy Karakter en Outoriteit word genoem: Wonderlike Raadgewer, Magtige Krygsman, Ewige Prins van Vrede.
**7** Daar sal geen einde wees aan die vermeerdering van Sy regering en van Sy vrede, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit in stand te hou met regverdigheid en onpartydige opregtheid, van toe af aan en vir ewig nie. Die ywer van יהוה-Tzva’ot sal dit uitvoer. **Hand 1:6; Heb 1:8**

**Yes 42:1** “Let op, My Kneg wat Ek ondersteun; My gekose Een in Wie My Lewe verheug is. Ek het My Gees op Hom gelê; Hy sal regverdige oordeel na die nasies bring.
**2** Hy sal nie uitskree of Sy stem verhef, of Sy stem op die straat laat hoor nie.
**3** Die gekneusde riet sal Hy nie breek en die dowwe lamppit nie uitblus nie; Hy sal getrou ’n regverdige oordeel bring.

**4** Hy sal nie moedeloos of vergruis word totdat Hy regverdigheid op die aarde gevestig het nie en die kuslande sal afwagtend op Sy wet wag.” **Mat 12:19-21**

**Let op vers 1:** Soos geprofeteer: Vader sou Sy Gees op Hom lê, Hy het dit nie gehad nie! Indien Yeshua deel uitgemaak het van ’n drie-eenheidsgod is hierdie uitspraak ’n verdere probleem.

**Yes 50:6** Ek het my rug gegee vir die wat slaan en my wange vir die wat die baard uitpluk; ek het nie my gesig toegemaak vir vernedering en gespoeg nie, **Luk 6:29**

**Yes 52:14** Net soos baie hulle oor jou verstom het, so is Sy voorkoms meer ontsier as enige mens en Sy voorkoms meer as die seuns van die mens.
**15** So sal Hy baie nasies reinig, konings sal hulle mond toehou as gevolg van Hom, want wat nie aan hulle vertel is nie, sal hulle sien en wat hulle nie gehoor het nie, sal hulle verstaan. **Yes 64:3,4; Rom 15:21; 1 Kor 2:9; 15:3,4**

**Dit verwys mos na niks anders as na ’n mens nie.**

**Yes 53:1** My meester, wie het ons boodskap geglo? Aan wie is die arm van יהוה openbaar? **Yog 12:38; Rom 10:16**
**2** Hy het voor Hom opgegroei soos ’n jong loot en soos ’n wortel uit verskroeide grond. Hy het geen gestalte of majesteit gehad dat ons na Hom sou kyk nie en ook geen voorkoms sodat ons tot Hom aangetrokke sou wees nie.
**3** Hy is verag en deur die mense in die steek gelaat, ***’n Man*** van smarte en bekend met droefheid en is verag soos een vir wie mense hulle gesig wegsteek en ons het Hom nie geag nie.
**4** Sekerlik het Hy óns siektes en óns benoudhede gedra; tog het óns Hom beskou as een wat aangetas is, **Mat 8:14-17** deur God geslaan en onderdruk,
**5** maar Hy is deurboor vir ons oortredinge van die wet, Hy is vergruis vir ons onregverdighede; die tugtiging was op Hom sodat dit goed kan gaan met ons en deur Sy kastyding is ons genees.
**(Mal 4:1-2; 1 Kefa 2:24; Rom 4:25; 1 Kor 15:3)**
**6** Ons almal het afgedwaal soos skape, ons het elkeen na sy eie pad gedraai, maar יהוה het die onregverdigheid van ons almal op Hom laat val.
**7** Hy was onderdruk en geteister, tog het Hy nie Sy mond oopgemaak nie; soos ’n lam wat na die slagting gelei word en soos ’n skaap wat stil is voor sy skeerders, so het Hy nie Sy mond oopgemaak nie.
**(Mat 26:63; 27:12,14; Open 5:6)**

**Yes 53:10** maar dit het יהוה behaag om Hom te vergruis, Hom te laat ly; Hy het Homself as ’n Oortredingsoffer gemaak sodat ewigheid dit sal sien; Hy sal Sy dae verleng en die goeie wil van יהוה sal deur Sy hand voorspoedig wees. **(Yog 12:24; 1 Kor 15:36-44)**

**Yir 33:17** want so sê יהוה: “Daar sal nooit vir Dawid ***’n man*** (H376) ontbreek om te sit op die troon van die huis van Yisra’el nie **(Ps 89:4,5; Open 22:16)**

**Z’kh 13:7** Ontwaak, o swaard, teen My herder en teen ***die man*** (H376) wat My vennoot is!” verklaar יהוה-Tzva’ot. “Slaan die herder sodat die skape verstrooi mag word en Ek sal My hand teen die kleintjies draai. **(Mat 26:31; Mar 14:27)**

Ek beklemtoon die woord **“man”** in bogenoemde verse en vra die vraag: As Yeshua “God” was, hoe kan Vader wat die Skrif ingestel het **(2 Tim 3:16)** so ’n fout begaan het om Hom aan te dui as ’n “man” en nie as “deel” (*co-equal*) van die sogenaamde “drie-eenheid” nie? Hierdie woord “man” kom in al die verskillende Bybels voor wat ek van weet! Kyk na *“Strongs*:

*Man H376 איש 'îysh eesh*
*Contracted for H582 (or perhaps rather from an unused root meaning to be extant); a man as an individual or a male person; often used as an adjunct to a more definite term (and in such cases frequently not expressed in translation.): - also, another, any (man), a certain, + champion, consent, each, every (one), fellow, [foot-, husband-] man, (good-, great, mighty) man, he, high (degree), him (that is), husband, man [-kind], + none, one, people, person, + steward, what (man) soever, whoso (-ever), worthy. Compare H802.*

**Yeg 37:24** My Dienskneg Dawid sal Koning oor hulle wees, hulle sal almal een Herder hê **Yog 10:16** en hulle sal in My wette loop en My instellings onderhou en hulle gehoorsaam. **(Hos 3:5; Mik 5:1,3)**

**Mal 3:1** “Let op, Ek gaan My boodskapper stuur en hy sal die pad voor My skoonmaak. Die Meester, wat julle soek, sal skielik na Sy tempel toe kom en die Boodskapper van die verbond, in Wie julle vreugde vind, let op, Hy kom,” sê יהוה-Tzva’ot,
**2** “maar wie kan die dag van Sy koms verdra? Wie kan staande bly as Hy verskyn? Want Hy is soos die suiweraar se vuur en soos die seep van die wasser.
**3** Hy sal sit as ’n Smelter en Reiniger van silwer en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle suiwer maak soos goud en silwer sodat hulle aan יהוה offers kan bring in onpartydige opregtheid,

Nodeloos om te vra: Waar was Yeshua in die Tanakh as die vers sê dat Vader gaan nog die “boodskapper” stuur? Die Hebreeuse woord vir “boodskapper H4397” het ook geen spesiale godsdienstige beskrywing nie. In *“Strongs”* word hierdie “boodskapper” nie as “God” aangewys nie:

*Boodskapper H4397 מלאך mal'âk mal-awk'*
*From an unused root meaning to despatch as a deputy; a messenger; specifically of God, that is, an angel (also a prophet, priest or teacher): - ambassador, angel, king, messenger.*

**Dan 9:26** Ná die twee en sestig tydperke van sewe weke sal Die Gesalfde Een doodgemaak word en die stad sal sonder ’n heerser wees en die afgesonderde stad sal saam met die komende koning vernietig word en die einde daarvan sal ’n reuse verbanning wees en aan die einde van die oorlog, word verlatenheid vasgestel.

Die ortodokse Jood vermy die boek Daniël as gevolg van hierdie profesie omdat hulle Yeshua verwerp het. Verder is dit insiggewend dat die Ware “God” nie doodgemaak kan word nie. Hier word van ’n mens gepraat.

**Kla 3:29** Laat hy homself nederig maak, want daar is ’n versekerde verwagting! 30 Laat hy sy wang draai vir die een wat hom slaan, laat hom gevul wees met skaamte, **Luk 6:29**

**Z’kh 3:8** Luister en hoor nou, Y’hoshua, die hoofpriester, jy en jou vriende wat voor jou sit; inderdaad is hulle manne wat ’n teken is, want let op, Ek gaan My Dienskneg, die Spruit, inbring,

**Z’kh 9:9** Swaai in die rondte van vreugde, oorvloediglik, o dogter van Tziyon! Skreeu dit uit, o dogter van Yerushalayim! Let op, jou Koning kom na jou toe; Hy is regverdig en toegerus met verlossing, nederig en ry op ’n donkie, op ’n jong donkie, die vul van ’n donkie. **(Mat 21:5; Yog 12:15)**

Dit is belangrik om te let op die verwagting van Die Gesalfde Een (Mashiag - of Messias soos in Afrikaans gebruik word) in die 2 dele: Sy koms as Dienskneg en Sy koms as Koning. Albei verwys na die menslike eienskappe van Die Gesalfde Een. Die Jode het Hom net as koning verwag en dit is een van die redes hoekom hulle Hom nie kon aanvaar as Mashiag nie. Nie een van hulle het ’n dienende Mashiag verwag nie.

## 1.5 Sy koms uit die saad van 'n mens verklaar dat Hy mens is

Die "Saad profesie aangaande Die Gesalfde Een, wat Yeshua is, is een van die oudstes in die Bybel:

> **Gen 3:15** Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en **haar Saad**. Hy sal jou kop vertrap en jy sal Sy hakskeen byt."

> **Gal 3:16** Die beloftes is aan Avraham belowe en **aan sy Saad as 'n verbond.** Hy sê nie vir hom: 'Aan jou sade,' asof dit na baie wys nie, maar "Aan jou Saad," soos na een: **na Hom wat Die Gesalfde Een is**

Vader kondig self Yeshua se toekomstige koms aan net na die sondeval.

> **Gal 3:17** en ek sê dít: dat die verbond, wat deur God, in Die Gesalfde Een, van die begin af bekragtig is, **Gen 3:15** nie deur die geskrewe wet, wat vier honderd en dertig jaar later gekom het, gekanselleer is om so die belofte tot niet te maak nie,

'n Ewige belofte! Hierdie verwysing is deel van God se ewige verbond met die mens en kan deur geen mens of instelling tot niet verklaar word nie.

> **Gen 12:1** יהוה het vir Avram gesê: …….
> **2** en Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou karakter en outoriteit (naam) groot maak en jy sal 'n seën wees

> **Gen 28:14** en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde en jy sal uitbrei na die weste en die ooste en na die noorde en die suide en in jou en jou Saad sal al die families van die aarde geseën wees. **(Gen 12:2-3; 22:18; 26:4 Gen 22:18; Gen 26:3-5).**

> **Gen 21:12** maar God het aan Avraham gesê: "Laat dit nie verkeerd wees in jou oë ter wille van die seun en van jou slavin nie, luister na Sarah in alles wat sy van jou verwag, want in Yitz'gak sal jou Saad genoem word **Rom 9:7**

Hierdie uitspraak het die gevolg dat Die Gesalfde Een as mens uit 'n mens gebore moet word en in die volgende vers dat Hy nog nie daar is nie.

> **Num 24:17** Ek sien Hom, maar nie nou nie, ek aanskou Hom, maar nie naby nie: 'n Ster sal kom uit Ya'akov, 'n Septer sal opstaan uit Yisra'el, deur die voorkop van Mo'av breek en al die seuns van Shet afbreek. **Yog 5:46**

**Rom 9:7** Ook nie omdat hulle almal Avraham se nageslag is, is hulle kinders nie, want dit is gesê: "in Yitz'gak [Gen 21:12] sal hulle jou nageslag genoem word." [Ps 105:6]
**(Rom 4:13; Gal 3:16; Mat 1:1; Lukas 3:34; Heb11:17-19)**

**Hand 3:25** Julle is kinders van die profete en van die verbond wat God met ons vaders gesluit het toe Hy vir Avraham gesê het: 'In jou Saad sal al die families van die aarde geseën wees.' [Gen 22:18; 26:4]

**Mat 1:2** Avraham was die vader van Yitz'gak; Yitz'gak was die vader van Ya'akov; Ya'akov was die vader van Y'hudah en sy broers;

Duidelik gaan die geslagte aan tot by Miryam - Yeshua se moeder waaruit Hy as mens gebore is.

**Heb 5:5** Net so het ook Die Gesalfde Een nie Sy lewe vereer om nie-Levitiese Hoofpriester te word nie, maar vir Hóm wat gesê het: "Jy is My Seun, vandag het Ek jou in die lewe gebring."
**(Ps 2:7; Hand 13:33; Heb 1:5)**

**Hand 2:36** Laat die hele huis van Yisra'el daarom waarlik weet dat God daardie Yeshua, vir Wie julle gekruisig het, Die Meester en Die Gesalfde Een gemaak het."

Dit is nie verbasend dat Vader laat profeteer het dat Yeshua vanuit 'n vrou gebore sou word en van 'n menslike saad is en dit dus presies so gebeur het nie. Verder ook dat Hy Die Gesalfde Een gemaak is - nie was nie.

Dit is duidelik dat die Saad wat deur die Gees in Miryam geplaas is, 'n volmaakte menssaad was sodat die volmaakte Adam weer kon kom en heers. Dit was die doel. Dit is die ware begrip van die Koninkryk van God.

**1 Kor 15:45** So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees.

**Gebore uit die Stam van Y'hudah.**

Voortvloeiend vanuit die verbond met Avraham, Yitz'gak en Ya'akov (Yisra'el), en die voortsetting deur die eersgeborene, duik daar 'n probleem op. Re'uven, die eersgeborene, slaap by die vrou van sy Pa en word onthef van sy eersgeboortereg. Daarna veroorsaak Shim'on en Levi probleme vir hulle Pa deur hulle wraak vir die verkragting van hulle suster en word hulle onthef van hul regte. Levi kry die eersgeboortereg as priester vir die

volk nadat die stam besluit het om by Mosheh te staan tydens die goue kalf episode. Die volgende seun is Y’hudah en hy ontvang die eersgeboortereg as heerser en dus waaruit Die Gesalfde een as belofte gebore sal word. Dit is dan ook die stam van Y'hudah wat terugkom uit Bavel na die ballingskap en wat ’n tydsaanduiding in die profesie is wanneer Die Gesalfde Een sal kom.

**Gen 49:10** Die staf sal van Y’hudah nie weggaan nie, nóg die wetgewer van tussen sy voete uit totdat die Een kom aan Wie die septer behoort; aan Hom sal die nasies gehoorsaam wees.
**(Yes 2:3; 3:1; Mik 4:1,2; Yog 5:46)**

**Mat 1:2** Avraham was die vader van Yitz’gak; Yitz’gak was die vader van Ya’akov; Ya’akov was die vader van Y’hudah en sy broers;

**Heb 7:14** want dit is bekend dat **ons Meester vanuit Y’hudah** opgegroei het; ’n stam waarvan Mosheh niks aangaande die priesterskap gesê het nie.

**Uit die nageslag van Dawid – ’n mens**.

**2 Sh’m 7:12** As jou dae voltooi is en jy by jou vaders neergelê word, sal Ek jou nageslag na jou oplig, **wat uit jou liggaam sal voortkom en Ek sal sy koningskap bevestig**. **Yog 7:42**
**13** Hy sal vir My Naam (Karakter en Outoriteit) ’n huis bou en Ek sal die troon van sy koninkryk bevestig tot in ewigheid. **Hand 2:30**
**(Yes 9:6-7; Yes 11:1; 2 S’hm 7:13 & 16; Ps 89:36; Ps 132:11)**

**Yir 23:5** “Let op, daar kom dae,” verklaar יהוה, “wanneer Ek vir Dawid ’n Onpartydige en **Opregte Spruit sal opwek en Hy sal as Koning regeer** en wys optree en regverdig oordeel en onpartydige opregtheid doen in die land.

**Rom 1:3** aangaande Sy Seun, wat **na die vlees gebore** is uit **die saad van die huis van Dawid**.

Sha’ul bevestig Yeshua as profetiese verklaring met ’n dubbele bewys van mens-wees en uit die stamboom van ’n mens; dus, Skrif verklaar Skrif.

**Hand 2:29** Broers, ek kan openlik met julle praat oor die stamvader Dawid, dat hy dood is en ook begrawe is en sy graf is by ons tot vandag toe
**30** omdat hy ’n profeet was en geweet het dat God vir hom met ’n eed gesweer het: **‘Een uit die vrug van jou liggaam sal Ek op jou troon laat sit,’** **2 Sh’m 7:12-13; Ps 132:11**

**31** het hy, deur dit vooruit te sien, **gepraat van die opstanding van Die Gesalfde Een** en dat Hy nie in Sh'ol gelos sal word nie en Sy liggaam ook nie verderwing sal sien nie;
**32 hierdie Yeshua is deur God opgewek**, waarvan ons almal getuies is.

**Yir 33:15-17 &26; Amos 9:11; Z'kh 12:8; Mat 9:27; Mat 15:22; Mat 22:42-45; Luka 1:31-32 &69-70; Yog 7:42; Hand 2:30; Hand 13:22**

In een van Dawid se Psalms is daar dan ook 'n bewys dat Yeshua, waarvan hier in die profesie gepraat word, mens moet wees.

**Ps 110:1** 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek: יהוה het met my Meester gepraat: "Sit aan My regterhand totdat Ek U vyande U voetstoel maak."

Hierdie vers is deur die Fariseërs en deur Yeshua **self gebruik om na die Mashiag te verwys.** Dit bewys dat die verhouding tussen God die Vader 'godheid' en Yeshua díe van 'nie-godheid' is. Die Mashiag word **adoni** (my meester) genoem en in elkeen van die 195 keer wat dit voorkom beteken adoni (my meester) 'n meester of baas wat nie God is nie. Adonai (met 'n lang klinker) daarteenoor, verwys uitsluitlik na die Een God in al 449 keer wat dit voorkom. Adonai is die titel "Meester van 'godheid' en adoni verwys na 'n aardse meester en nooit na 'godheid' nie. Dit moet ook onderskei word van Adonaí, met 'n kort klinker, wat 'n grammatikale byvoeging het en wat "ons meester beteken.
As Mashiag "Adonai genoem is, sou dit "twee gode in die Bybel voorgestel het en dit is veelgodedom.

Woordeboek verklaring:
**Adoni — verwys na mense: my meester, my here **(Ps. 110:1; Gen 18:12)**
Adonai — verwys na God…Meester *(Brown, Driver, Briggs, Hebrew and English Lexicon of the Old Testament, under adon* [= lord]) (Vertaal). **

*** "The form ADONI ('my lord'), a royal title (1 Sh'm 29:8), is to be carefully distinguished from the divine title ADONAI ('my Lord') used of Yahweh." "ADONAI — the special plural form [the divine title] distinguishes it from adonai [with short vowel] = my lords" (International Standard Bible Encyclopedia, "Lord," p. 157). ***

**Ps 110:1** behoort ons almal te wys en te beskerm teen die veronderstelling dat daar twee is wat God is. **Ps 110:1** is een Bybelse teks wat die Seun definieer as mens teenoor die Vader wat die enigste God is. Hoekom is dit

dan dat ’n aantal kommentare en vertalings die feit verkeerdelik stel aangaande **Ps 110:1**? Hulle sê dat die woord wat vir die Mashiag in **Ps 110:1** gebruik word 'adonai' is. Dit is nie. Die kommentare verskans hierdie teks wat God differensieer van Sy Seun. Die Hebreeuse teks gee aan die Mashiag die titel van 'adoni' wat hom onderskei van die Een wat as godheid aangespreek word. Die Mashiag is die aangestelde en gesalfde menslike Meester. Hy is nie die Meester-God nie. Let op – hierdie is ’n profetiese teks en verwys na Yeshua wat sal kom as die seun van Dawid, soos in die volgende vers gewys en dat Hy nie in daardie tyd reeds bestaan het nie.

**1 Sh’m 29:8** Dawid sê vir Akhish: “Maar wat het ek gedoen? Of wat het u in u dienskneg gevind van die dag af dat ek voor u gekom het tot vandag toe dat ek nie mag gaan veg teen die vyande van **my meester** die koning nie?” – **Adoni**

**Ps 110:1** ’n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek. יהוה het met **my Meester gepraat**: “Sit aan My regterhand totdat Ek U vyande U voetstoel maak.” - **Adoni**

**(Mat 22:43,44; Mar 12:36; 14:62; Luk 20:42,43; 22:69; Hand 2:34,35; Rom 16:20)**

*Dictionary of Deities and Demons in the Bible, p. 531:*
*“Lord in the OT is used to translate ADONAI when applied to the Divine Being. The [Hebrew] word…has a suffix [with special pointing] presumably for the sake of distinction…between divine and human appellative” (Hastings Dictionary of the Bible, “Lord,” Vol. 3, p. 137).*
*“Hebrew Adonai exclusively denotes the God of Israel. It is attested about 450 times in the OT…Adoni [is] addressed to human beings* ***(Gen. 44:7, Num. 32:25, 2 Kings 2:19 [etc.])****.*

*We have to assume that the word adonai received its special form to distinguish it from the secular use of adon [i.e., adoni]. The reason why God is addressed as adonai, [with long vowel] instead of the normal adon, adoni or adonai [with short vowel] may have been to distinguish יהוה from other gods and from human lords” .*

In die volgende teks in die boek Handelinge haal Luka die Tanakh woordeliks aan!

**Hand 3:22** want Mosheh het gesê: ‘יהוה sal vir julle ’n profeet, wat net soos ek is, uit julle broers laat opstaan; luister na alles wat Hy vir julle sal sê

**23** en elke gees wat nie na dié profeet luister nie, sal vanuit die mense vernietig word. **Deut 18:15-19**

Al die Nuwe Verbond skrywers het geen probleem gehad om Yeshua voor te stel as mens nie omdat hulle vanuit die Tanakh se profesieë aangaande Die Gesalfde Een verstaan het dat Hy 'n mens sal wees, die enigste verwysing wat hulle gehad het! Geen verdraaiings is sigbaar in hulle verklarings nie!

## 1.6 Die Nuwe Verbond bevestig die profesieë

In Mattityahu begin die Nuwe Verbond met die stamregister (ek noem dit die geboorte register) van Yeshua, waarom?

1. Natuurlik om te bewys dat Sy afkoms uit die geslag van mense is, want mense word gebore!
2. Om te wys dat Hy uit die nageslag van Y'hudah is soos geprofeteer.
3. Om te wys dat Hy uit die nageslag van Dawid is soos geprofeteer.
4. Om te wys dat Hy die Koning op die troon van Dawid is soos geprofeteer.

Die Skrifte verklaar die vervulling van die profesieë en verklaar Yeshua as mens:

**Mat 1:18** So het die geboorte van Yeshua, Die Gesalfde Een, gebeur:

**Luk 11:27** Terwyl Hy dit sê, het 'n vrou uit die mense met 'n harde stem vir Hom gesê: "Gelukkig is die baarmoeder wat U gedra het en die borste wat U gevoed het."

**Rom 9:5** aan die vaders en **vanuit hulle** het Die Gesalfde Een in die vlees verskyn.

**Luk 1:26-35 -** teenoor dat dit vroeër net 'n belofte was.

**Gal 4:4** maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun gestuur. **Hy is uit 'n vrou gebore** en onderworpe aan die geskrewe wet,

**Rom 8:3** want omdat die wet magteloos was, deur die swakheid van die vlees, het **God Sy Seun in die vorm van die vlees**, wat sondig, gestuur, ter wille van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel

**1 Kor 15:21** Net soos die dood deur 'n mens gekom het, net so het die lewe van hulle wat dood is, **deur 'n Mens gekom,**

**1 Kor 15:47** Die eerste mens was stof vanuit die grond, **die tweede Mens**, Die Meester vanaf die hemel.

Weereens verwysend na die belofte wat vanaf Vader sou kom.

**1 Tim 2:5** want God is een en die Middelaar tussen God en die mense, **die Mens, Yeshua**, Die Gesalfde Een, is een.

Kan daar enige twyfel wees oor die uitsprake van Sha'ul, wat deur Vader self gekies is??

Sha'ul verwys allermins na 'n Godmens. Ons riglyn is nie opinies, afleidings, bewerings en aannames nie, maar dit wat eenvoudig daar staan.

**2 Kor 13:14** Die vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, die liefde van God en die gemeenskap van die Gees wat Afgesonderd is bly by julle almal! Dit is waar!

Kyk na en bestudeer die volgende verse deur Sha'ul:
**Rom 1:7; 1 Kor 1:3; 2 Kor 1:2; Gal 1:3; Efe 1:2; Fil 1:2; Kol 1:2; 1 Thes 1:1; 2 Thes 1:1-2; 1 Tim 1:2; 2 Tim 1:2; Titus 1:4.**

Het enige van die ander studentevolgelinge dan geleer dat daar 'n Godmens is? Geensins nie! Kyk na die volgende!!

**Yog 1:45** Filippos het vir Natan'el gekry en vir hom gesê: "Ons het Hom gevind van Wie Mosheh in die wet en van Wie ook die profete geskryf het. **Hy is Yeshua, die seun van** Yosef van Natzeret."

Ons sê nie hiermee enigsins dat Hy die fisiese seun van Yosef was nie – net dat Hy die vervulling van die profesieë in die Tanakh was en hy as mens voorgestel word volgens die gebruik van die tyd waar iemand bekend gestaan het in terme van wie sy ouers was.

Baie insiggewend: Kyk mooi en jy sal sien dat die mense van daardie tyd presies geweet het wie Yeshua is! Verseker ook die studentevolgelinge, waarvan Filippos een was! Waarom? Hulle het die Tanakh woordeliks geken, vandaar dat sulke uitsprake gemaak kon word! Vergelyk dit met die kerk se verklaring dat Hy deel sou uitmaak van 'n drie-eenheid god wat nêrens in die ganse Skrif gekry kan word nie behalwe as jy aannames en afleidings maak wat geen Skrifbewyse het nie of ingevoegde verse gebruik wat in geen ouer geskrifte te vind is nie!
Die volgende is een van die mees betekenisvolle verklarings wat ons kan vind in die Skrif ten opsigte van Yeshua as mens.

**2 Yog 1:6** Dit is liefde: dat ons leef volgens Sy opdragte. Dit is die opdrag, wat julle van die begin af gehoor het, waarin julle leef, **Yog 15:14**

**7** want baie misleiers het uitgegaan in die wêreld in: die een wat nie bely **dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie**; hy is ’n misleier en teëstander teen Die Gesalfde Een. **1 Yog 2:22-23**

Dit is die belangrikste “kennisgewing” van Vader oor Yeshua se menswees realiteit. Hoe moet ons dit verstaan en wat moet gemaak word met dié bewys? Soos die kerke glo dat Hy eers iets anders was en toe mens geword het? Duidelik staan dit nie in die teks nie. Hy het as mens, d.w.s. “vlees, gekom vir die eerste keer. Voor Yeshua “vlees was, was Hy nie. Ons kan hierdie verklaring tog nie net eenvoudig ignoreer of bes moontlik weg vertaal of nog erger, verwerp wat daar staan nie! ’n Verskriklike aanklag vir die wat Yeshua anders voorstel as wat vers 7 sê wie Hy is.
**Let op:** Die misleiding het reeds bestaan, vandaar die dringende waarskuwing.

**1 Yog 2:22** Wie is die leuenaar anders as hy wat ontken dat Yeshua Die Gesalfde Een is? Dit is die vals gesalfdes: hy wat die Vader ontken, ontken ook die Seun. **Yog 8:55**
**23** Elkeen wat die Seun ontken, vertrou ook nie in die Vader nie. Wie ook al die Seun bely, bely ook die Vader. **Yog 20:28; 2 Yog 1:7,9,10**

**Ons het bepaal dat Die Gesalfde Een voorspel is as mens – jy verwerp dus die ware Gesalfde Een as jy Hom as mens verwerp.**

Albei hierdie verse word ingesluit in die vals leer van die drie-eenheid – dat Yeshua God is en ook mens is. Dit is egter glad nie wat hier of enige ander plek in die Woord staan nie.

Ontken jy Hom as “mens”? Voeg jy by of laat jy weg?

*“To delete or to add to God’s Word is to deny God as the standard of truth”.*

**Open 22:18** Ek getuig teenoor elkeen wat die boodskap van die profesie van hierdie boek hoor: wie ook al by hierdie dinge byvoeg, God sal die plae, waarvan in hierdie boekrol geskrywe is, op hom sit
**19** en wie ook al iets van die boodskap van hierdie profesie uit die boekrol wegvat, God sal sy deel wegvat uit die boekrol van die lewe en uit die afgesonderde stad uit, die dinge waarvan in hierdie boekrol geskryf is.

**Deut 12:32** Wat ek julle ook al beveel, dit moet julle doen; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van wegvat nie.
**(Deut 4:2; Spr 30:6; Mat 5:17-19)**

Sou jy rustig na die aanhaling kyk kan jy nie huiwer om te vra: Waarom die “drie-eenheidsleer”? As jy Yeshua misken as die “Man” wat gekom het en

Hom anders voorstel, is ek bevrees dat jy God se veroordeling gaan ontvang omdat jy die leuenaars glo wat van Hom "God" wil maak soos in bogenoemde verwysing gewaarsku word!! Kyk gerus na die ontsettende gevolge in **Openbaring 22:18-19** as bygevoeg of weggelaat word uit God se Woord.

Bogenoemde is sommige van die profesieë en die vervullings wat deel is van die bewyse van Waarheid. Daar is nie een wat nie vervul is tot in die kleinste besonderhede nie en alles is bewysde Waarheid dat Hy as mens sou kom. As Yeshua nie as mens gekom het nie, het Hy nie die profesieë vervul nie en was Hy nie Die Gesalfde Een volgens die belofte nie. Die skokkende afleiding is dus **dat die Jesus wat deur die kerk verkondig word, nie die beloofde Gesalfde Een kan wees nie (Mashiag) en daar dus nie 'n verlosser is nie!**

Hoekom moes Die Gesalfde Een 'n God wees - is daar enige aanduiding daartoe? Hoekom sou daar dan nie 'n verlosser wees as Hy nie ten volle mens is nie?
Daar moes 'n tweede, 'n laaste, 'n Adam kom om die mens se taak wat aan hom gegee is op aarde te herstel en die offers te voltooi. Dit is die rede waarom die verlossing nodig is. Vader het nie Sy planne verander nie. Die mens moet steeds leef volgens Sy beeld en Sy opdragte uitvoer en Die Gesalfde Een het die pad kom oopmaak deur die voorbeeld te stel en om die skuld van die mens finaal te verwyder sodat ons dit kan doen. God kon dit nie namens die mens doen nie.

Is dit nie helder en duidelik dat Yeshua, as Die Gesalfde Een, net 'n mens was en is nie? Bevestiging van Sy koms in die Nuwe Verbond as mens het die profesieë bewaarheid.

## 1.7 Kan God 'n God hê? Wie is dan God?

Die profesieë aangaande die Mashiag:

> **Mik 5:3** Hy sal opstaan en Herder wees in die sterkte van יהוה, in die majesteit van die Karakter en Outoriteit **van יהוה, Sy God** en hulle sal bly, want in daardie tyd sal Hy groot wees tot aan die eindes van die aarde. **Mat 2:6**

> **Yog 20:17** Yeshua sê vir haar: "Moenie My vashou nie, want Ek het nog nie opgegaan om by My Vader te wees nie, maar gaan na My broers toe en sê vir hulle: 'Ek gaan **op na My Vader en julle Vader en My God en julle God**'."

**Heb 1:9** U het onpartydige opregtheid liefgehad en die wetsoortreders gehaat; daarom het God, **U God**, U gesalf met die olie van vreugde bo U kamerade.” **Ps 45:7-8**

Uit hierdie verse aangaande Die Gesalfde Een en uit Sy eie mond, verwys Hy na Sy Vader en Sy God. As ek nou beweer dat Yeshua God is, is Hy ’n God wat ’n God het wat Hy erken. Ek vertrou dat elkeen die onmoontlikheid van so ’n stelling kan sien.

Dit is baie belangrik om uit hierdie stelling die vraag te beantwoord: Kan God ’n God hê? Wie is dan eintlik God?
As Yeshua nie mens is nie, is daar geen aanvaarbare verduideliking hiervoor nie, behalwe dat Yeshua ’n “kleiner god” was. Dit verkondig duidelik veelgodedom, maak nie saak hoe jy daarna kyk nie.
Yeshua is gehoorsaam en is ondergeskik aan Vader.

**Heb 5:8** Alhoewel Hy die Seun is, het Hy gehoorsaamheid geleer deur respekvolle vrees en lyding **Luk 2:51,52; Heb 4:15**

Hierdie is ’n baie belangrike punt: God hoef niks te leer nie; en dan allermins gehoorsaamheid! Hoe gaan Hy dit toepas en teenoor wie, as Hy dit **geleer** het? Waarom sou Hy gehoorsaamheid moes leer deur respekvolle vrees en dit aan wie?! Vir wie moes Hy dan respekvolle vrees hê as Hy deel sou uitmaak van ’n “co-equal” Godheid?

Hy is deur God as Hoofpriester aangestel, volgens die beeld van Malki-Tzedek.

**Heb 5:10** Hy is deur God as Hoofpriester aangestel, volgens die beeld van Malki-Tzedek.

Hoe kan deel van God ons hoofpriester wees wat intree vir ons by die Vader? Die hoofpriester is juis die tussenganger wat ons help om die verhouding met Vader te herstel. Hoekom word Hy aangestel as Hy in elk geval God is? Hoe kan God **aangestel word** in ’n sekere posisie?

**Mat 11:27** Alles is aan My oorgegee deur My Vader en niemand ken die Seun ten volle nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader ten volle nie, behalwe die Seun en **elkeen aan wie** die Seun dit wil openbaar.

**Luk 10:22** Hy het Hom omgedraai na Sy studentevolgelinge en vir hulle gesê: “Alles is aan My oorgegee deur My Vader en niemand weet wie die Seun is nie, behalwe die Vader en wie die Vader is nie, behalwe die Seun en **hý aan wie die Seun dit wil openbaar**.”

Met ander woorde: Elkeen wat Vader 100% gehoorsaam en in oorgawe leef ken God ook ten volle, maar dit maak so ’n mens nie God nie.

**Yog 3:35** Die Vader het die Seun lief en **het alles in Sy hand gegee**.

**Yog 5:19** Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Dit is ’n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: die Seun **kan niks uit Sy eie wil doen nie** behalwe wat Hy die Vader sien doen, want die dinge wat die Vader doen, dit doen die Seun ook, net soos Hy,
**20** want die Vader het Sy Seun lief en **wys Hom alles wat Hyself doen** en groter werke as hierdie sal Hy Hom wys sodat julle verwonderd kan wees,

Hier is dit duidelik dat Yeshua alles van die Vader leer en ontvang. Sou Hy deel wees van ’n “godheid, sou dit beteken Hy is ’n “lesser god wat weereens veelgodedom en verwerplik is.

**Yog 8:28** Yeshua het weer met hulle gepraat: “Wanneer julle die Seun van die mens opgelig het, dan sal julle weet: Ek is onveranderlik dieselfde en dat Ek niks doen vir My eie plesier nie, maar **net dit wat My Vader My geleer het**, dit sê Ek.
**29** Hy wat My gestuur het, is saam met My. Die Vader het My nie alleen gelos nie **omdat Ek altyd doen wat Hom tevrede stel**.”

Hierdie woorde: “My nie alleen gelos nie” – wys ook vir ons dat Yeshua die Vader nodig gehad het net soos die bloed wat Hy gesweet het van angs voor die kruisiging, die angs van ’n man was wat sy God nodig het.

Ek vra weer: Indien Hy “God” was waarom kry ek soveel verwysings dat Vader “alles in Sy hand gegee” het en Hy doen niks behalwe wat Vader Hom wys of sê nie en bowenal dat Hy Vader nodig gehad het?

**Yog 17:2** soos U Hom outoriteit oor alle vlees gegee het sodat Hy aan alle vlees wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee.

**Yog 17:7** Nou weet Ek dat alles wat U My gegee het, uit U Teenwoordigheid kom,

**8** want die boodskappe wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek vanuit eenheid met U uitgegaan het.

In Yeshua se gebed vir ons wat hierbo aangehaal word, erken Hy dat alles aan Hom gegee is deur die Vader, Hy het dit nie gehad nie!! Hy het nodig gehad dat Iemand dit vir Hom gee. Deurdat Yeshua dit ontvang het, Sy eie lewe afgelê en met oorgawe God se lewenswyse geleef het, kon Hy in eenheid met God wees (**Yog 17)** soos wat elkeen van ons een met Hom moet wees deur ons lewens as ’n lewende, afgesonderde en vir God aanvaarbare offer te leef. **(Rom 12:1)**

**Yog 10:15** net soos My Vader My ken en Ek My Vader ken en Ek My lewe aflê ter wille van die skape.
**16** Ek het nog ander skape wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook bring. Hulle sal ook na My stem luister en die ganse kudde sal een wees met een Herder;
**17** daarom is die Vader tevrede met My omdat Ek My lewe aflê om dit weer op te neem.
**18** Niemand vat dit by My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het die outoriteit om dit af te lê en Ek het die outoriteit om dit weer op te neem. Hierdie opdrag het Ek van My Vader ontvang.” **Luk 14:26**

**Yog 15:10** As julle My opdragte uitvoer, sal julle in My liefde bly, net soos Ek die opdragte van My Vader uitvoer en in Sy liefde bly.

Hierdie is in werklikheid ’n baie belangrike vers. Die Skrif is duidelik: Jy wys jou liefde vir God deur gehoorsaamheid. Hier verklaar Yeshua dat Hy dieselfde doen om sodoende in Vader se liefde te BLY. Indien Yeshua deel is van die sg. “Godheid”, kan Hy dan uit die liefde van God beweeg? Iets klink vreeslik verkeerd hier.

**Mat 28:18** Yeshua het nadergekom en met hulle gepraat en vir hulle gesê: “Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee en soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle. **1 Kor 15:24-28**

**1 Kor 1:30** Vanuit Hom is julle in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua, wat vir ons die Wysheid van God, Onpartydige Opregtheid, Afgesonderdheid en Verlossing geword het

Kyk na die groot getuienis in die Skrif: Yeshua het outoriteit **ontvang** en het ook Verlosser **geword**. Hy het dit nie voorheen gehad nie – dit is aan Hom gegee deur die Vader.

**Yog 5:27** Hy het aan Hom outoriteit gegee om ook te veroordeel.

Waarom sou Vader Hom dan outoriteit gegee het as Hy reeds deel was van ’n “co-equal” drie-eenheid, Hy moes dit mos reeds “gehad het”?!

**Yog 3:35** Die Vader het die Seun lief en **het alles in Sy hand gegee**.

**Yog 13:3** Yeshua, wetende dat die Vader alles in Sy hande gegee het en dat Hy van God uitgegaan het en na God toe teruggaan,

**Yog 17:2** soos U Hom **outoriteit oor alle vlees gegee het** sodat Hy aan alle vlees wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee.

**1 Kor 15:27** "Want **Hy het alles onderwerp onder Sy voete**," maar wanneer Hy sê dat alles ondergeskik gemaak is, is dit duidelik dat Hy wat alles aan Hom ondergeskik gemaak het, uitgesonder is
**28** en wanneer alles ondergeskik aan Hom gemaak is, dan sal ook die **Seun Homself ondergeskik maak aan die Een** wat alles ondergeskik aan Hom gemaak het sodat God alles in almal kan wees. **(Dan 7:11-14)**

**Efe 1:22** Hy het alles onder Sy voete geplaas **Ps 8:7** en Hom wat hoër as alles is as **Hoof oor die gemeente**,
**23** wat Sy liggaam is, **aangestel;** die volledigheid van Hom wat alles in almal volledig maak; **1 Kor 15:23-28**

**1 Yog 3:8** Hy wat sonde doen, is vanuit die teëstander, want die teëstander is van die begin af 'n sondaar. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die teëstander te vernietig.

## 1.8 Yeshua verklaar self dat Hy mens is

Die Sondag (Eerstedag) net na Sy opstanding aan die einde van die Shabbat, versoek Hy Miryam as volg:

**Yog 20:17** Yeshua sê vir haar: "Moenie My vashou nie, want Ek het nog nie opgegaan om by My Vader te wees nie, maar gaan **na My broers** toe en sê vir hulle: 'Ek gaan op na My Vader en julle Vader **en My God en julle God**'."

Dit is uiters belangrik dat daar nie net bogenoemde verwysings is nie, maar vele meer soos:
**1 Kefa 1:3; Rom 7:25; Rom 15:6; 2 Kor 1:3; 2 Kor 11:31; Kol 1:3.**
Dit is geen illusie dat Yeshua self verklaar dat Vader Sy Vader is en dat God ook Sy God is nie!

**Open 22:16** Ek, Yeshua, het My boodskapper gestuur om hierdie dinge teenoor julle te getuig voor die gemeentes. Ek is onveranderlik dieselfde, die Wortel **Mik 5:1; Yog 8:58** en **die Nakomeling van Dawid**, sy Kameraad **Yir 33:17; Mat 1:6; Luk 1:32** en die helder Môrester." **2 Kefa 1:19**

Hoe anders, Yeshua verklaar sélf dat Hy mens is, nakomeling van Dawid!! Dit is onweerlegbaar die Waarheid!
Die samestellers van die Griekse Nuwe Testament maak van Jesus "God," maar waarom wys hulle eie vertaling dat Satan, wat die Skrifte asook die geestelike realm en teenwoordigheid van God ken, daarin dat Jesus die Seun van God is?

**(AOV) Mat 4:3** En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is,

**(AOV) Mat 4:6** en sê vir Hom: As U die Seun van God is,

**(PWL) Mat 4:10** Toe sê Yeshua vir hom: "Gaan weg, jou teëstander, want daar is geskrywe: '**Aanbid יהוה, jou God en dien Hom alleen**'." **(Deut 6:13; 10:20; Luk 4:8)**

Sou Yeshua enigsins deel uitgemaak het van 'n drie-eenheidskonsep, moet ons die baie duidelike uitsprake dat Hy mens is en dat God alleen aanbid moet word, verklaar….. Dit kan ons nie doen vanuit slegs die Skrif nie!!

Is dit nodig om te vra: Hoe leer Hy Sy studentevolgelinge om te bid? Waar, binne Sy lering oor gebed, pas Hy dan in?

**Mat 6:9** Julle moet dan so bid: '**Ons Vader** wat in die hemel is, U Karakter en Outoriteit (Naam) is afgesonderd;

**Yog 14:28** Julle het gehoor dat Ek vir julle gesê het: 'Ek gaan weg en Ek kom weer na julle toe.' As julle My liefgehad het, sou julle bly wees dat Ek gesê het: 'Ek gaan na My Vader toe' **omdat My Vader groter is as Ek**.

**1 Kor 11:3** maar ek wil hê dat julle moet weet dat Die Gesalfde Een die hoof is van elke man en die man is die hoof van die vrou en **God is die hoof van Die Gesalfde Een.**

In hierdie verse is dit duidelik dat die Vader 'n posisie en outoriteit beklee wat bo die van Yeshua is. Dit is nie moontlik om 'n godsbegrip te hê met verskillende vlakke van outoriteit nie. Daar is net een God wat die outoriteit

het en in die hemel is, groter is as Yeshua en Sy God en ons God is.
Kyk hoe hanteer Yeshua die volgende situasie: Net nadat Hy een van die grootste wonderwerke gedoen het, die opwekking van El'azar, het Hy 'n besondere ontmoeting gehad met net so 'n besondere vraag.

**Mar 10:17** Toe Hy op die pad gereis het, hardloop een en val op die knieë neer en vra Hom: "Goeie Leermeester, wat moet ek doen om die ewige lewe te erf?"

Yeshua se eerste reaksie was nie om die man se vraag te beantwoord nie, maar spreek hom eerstens skerp aan op sy aanhef van "Goeie Leermeester" en wys hom tereg:

**Mar 10:18** Yeshua sê vir hom: "Waarom noem jy My goed? Daar is nie een goed nie, behalwe net Een, God.

Weereens, kyk wat sê Strong's vir die negatiewe begrip "nie een" G3762 *"not even one man or woman".* Vir die positiewe betekenis van "Een, sien die volgende punt. Sou Yeshua "Godmens" gewees het, kon Hy mos in der ewigheid nie hierdie uitspraak gemaak het nie; Hy het egter geweet dat Hy net 'n mens is!!

Kyk hoe spreek Miryam Hom aan toe haar oë oopgemaak word:

**Yog 20:16** Yeshua sê vir haar: "Miryam!" Sy draai om en sê vir Hom in Aramees: "Rabbuli!" wat beteken 'my Leermeester.'

Hoe kom enigiemand verby hierdie bewyse in die Skrif as hulle steeds vashou aan 'n "co-equal" God? Daar is tot dusver geen probleem met bewysbaarheid dat Yeshua verklaar dat Hy mens is nie terwyl daar geen uitsprake is dat Hy ook God is nie!

## 1.9 Yeshua as Middelaar tussen God en mens verklaar dat Hy mens is

**1 Tim 2:5** want God is een **Deu 6:4** en die Middelaar tussen God en die mense, die Mens, Yeshua, Die Gesalfde Een, is een.

In hierdie woordeboek - wat deur meeste as die beste Hebreeus / Engelse woordeboek beskou word, is daar absoluut geen konsep van gesamentlike eenheid of 'n kombinasie nie. Daardie afleiding van die woord kon dus slegs uit sommige, latere bronne kom.

Kom ons kyk na die woordeboek uiteensetting van die woord wat hier gebruik word as “een:”

*Brown-Driver-Briggs' Hebrew Definitions - early 1900's*
*- Transliteration: 'echad*
*- Phonetic: ekh-awd'*
*- Definition:*
*1. one (number)*
*a. one (number)*
*b. each, every*
*c. a certain*
*d. an (indefinite article)*
*e. only, once, once for all*
*f. one...another, the one...the other, one after another, one by one*
*g. first*
*h. eleven (in combination), eleventh (ordinal)*

Die woordeboek stel dit onomwonde dat EEN net een kan beteken en nie meer as een of “’n eenheid” soos wat die kerk dogma leer nie!
Soos in **Deut 6:4.**

*Gesinius's Hebrew and Chaldee Lexicon to the OT Scriptures - 1810 translated 1824 (P 29)* sê dat “egad net “een beteken met die volgende woord in die woordeboek wat ek graag wil bysit vir volledigheid:

Pl. אֲחָדִים - *(1) the same, Gen 11:1; comp.Lat. uni, as unismoribus vivere (Cic. pro. Flacco 26; Terent. Eun. ii. 3,675).*
*(2) joined in one, united; Eze 37:17,* וְהָיוּ לַאֲחָדִים
*and they shall be (the two sticks) joined in one.*

Aangesien hierdie meervoudsvorm van die woord “egad bestaan, maak dit vir my sin dat hierdie meervoud eerder gebruik sou word as na ’n gekombineerde eenheid verwys sou word, soos die tweede betekenis voorstel, MAAR dit word nooit gebruik wanneer na God verwys word nie.
Dieselfde word gevind in *Bagster's Analytical Hebrew and Chaldee Lexicon.*

Selfs in die Griekse woordeboek vind ons die betekenis van die woord vir mens / man:
*G444 ἄνθρωπος anthrōpos Mens*
*From G435 and ὤψ ōps (the countenance; from G3700); manfaced, that is, a human being: - certain, man.*

So ook verwys die woord “Mens G444 in die vers na ’n “ware” mens en nie ’n Godmens of “geïnkarneerde Godmens nie. Die Woord is baie duidelik in die aanduidings ten opsigte van die koms van ’n “Mens” wat sal kom as die Bemiddelaar / Tussenganger tussen God en die mens. Daar is geen moontlikheid dat Vader en Yeshua ooit gesamentlik een *(co-equal)* kon wees nie. Dit is Woord-Waarheid!

> **Heb 8:6** maar nou het Yeshua, Die Gesalfde Een ’n beter bediening ontvang as daardie, net soos wat die verbond ook beter is, waarvan Hy Tussenganger gemaak is, met beter beloftes as wat gegee is,

> **Heb 9:15** As gevolg hiervan is Hy Tussenganger van ’n nuwe verbond, **Yir 31:30-33** want in Sy dood was Hy Verlossing vir díe wat teen die eerste verbond oortree het sodat ons die belofte mag ontvang, díe wat geroep is tot ’n ewige erfenis,

> **Heb 12:24** en by Yeshua, die Tussenganger van die nuwe verbond en die sprinkeling van bloed wat duideliker praat as dié van Hevel.

Alles is dan so duidelik in die skrif! Waarom kom besoedel ons dit met komplikasies?!

**Yeshua bid en tree in as Tussenganger by Vader as volmaakte mens, soos Adam.**

In Sy donkerste uur van benoudheid as mens, bid Hy tot Vader om die beker moontlik weg te neem, maar die bonatuurlike gebeur, Vader versterk Hom.

> **Luk 22:43** ’n Boodskapper uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk.

Nou die vraag: Hoekom sal Vader “’n Boodskapper uit die hemel stuur om Hom te versterk” as hy God sou wees?

## 1.10 Is daar enige Skrifbewyse dat Yeshua God kan wees?

Ons het reeds ’n gedeelte van **Yoganan 17** bespreek en indien die hele gedeelte bestudeer word, sal jy vind dat Yeshua glad nie God kan wees nie. Ons kyk nou na ’n verdere gedeelte:

> **Yog17:20** Ek bid egter nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle boodskap in My sal vertrou

**21** sodat hulle almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U is en dat hulle ook in Ons een mag wees. **Yog 10:30; 1 Kor 8:6**
**22** Ek het aan hulle die Gemanifesteerde Teenwoordigheid gegee wat U My gegee het sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is sodat die wêreld kan vertrou dat U My gestuur het;
**23** Ek in hulle en U in My sodat hulle volledig een kan wees en sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.

Hierdie en ander gedeeltes moet baie versigtig gelees word, want dit dra ’n uiters belangrike verklaring van Yeshua! Hy bid hier vir die studentevolgelinge en gevolglik ook vir ons: **“U, Vader, in My en Ek in U is en dat hulle ook in Ons een mag wees.” en “sodat hulle een mag wees net soos Ons een is”** Hier moet baie duidelik verstaan word dat hierdie “een wees” nie dit is wat die drie-eenheidsleer leer dit is nie – dit kan nie, want dan is ek wat een met Hom is, ook God en dit weet elkeen van ons is nie moontlik nie.

Wat veronderstel dit dan: Die basis van hierdie eenheid is gesetel in gehoorsaamheid aan die openbaarmaking wat Vader deur Yeshua aan Sy studentevolgelinge gegee het. Ons as vertrouelinge moet dan ook so verenig word in eenheid deur die waarheid wat die Woord ons leer. Eenheid is slegs moontlik in die uitleef van Vader se Karakter, die doel waarvoor ons geskep is.
As ons dan een is met Hom soos Hy met die Vader en dit sou beteken dat Hy God is – wat is ek dan? Nee, Hy kan een met die Vader wees omdat Hy as mens volmaak volgens Vader se Karakter geleef het. Hierdie volmaakte, sondelose mens was die voorbeeld vir elke mens om ook net so volmaak te leef.

**1 Yog 2:6** hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig **om so te leef soos wat Hy geleef het**. **1 Kefa 2:21**

**Efe 4:3** Wees ywerig om die eenheid van die Gees te beskerm deur die bande van vrede

**4** sodat julle in een liggaam en in een Gees sal wees, net soos toe julle geroep is in een versekerde verwagting van julle roeping,
**5** want daar is een יהוה, een vertroue, een doop,
**6** een God, die Vader van almal, wat oor almal en by almal en in ons almal is,

Hierdie teks bevestig dat Vader dan ook “in die” wedergebore mens is deur die Gees en dit maak nie van so ’n mens God nie!!

**Fil 2:2** maak my blydskap volledig deur een gedagte te hê; een liefde; een gees; een denke.

**1 Kor 12:13** want ons is ook almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink,

Hierdie eenheid is nie denkbeeldig nie, maar ’n eenheid in waarheid waarin al die vertrouelinge deel in Yeshua en een is van denke, karakter en wil van God! Dit is hoekom Sha’ul sê dat ons ons gedagtes moet vernuwe in **Rom 12:2.**

**Rom 8:27** en Hy wat die verstand, wil en emosie ondersoek, weet wat die bedoeling van die Gees is omdat Hy, ooreenkomstig die wil van God, vir die afgesonderdes intree.

**Rom 8:34** Wie is dit wat veroordeel? Die Gesalfde Een is Hy wat gesterf het, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook **aan die regterkant van God is**, wat ook vir ons onthalwe intree.

**Yog 14:6** Yeshua antwoord hom: “Ek is onveranderlik dieselfde, die Pad, die Waarheid en die Lewe; niemand **gaan na My Vader toe, behalwe deur My nie**.

Al hierdie gedeeltes wys die verhouding tussen Yeshua en God die Vader. Hulle is nooit as ’n eenheid beskryf nie, maar is een van karakter en leefwyse, soos ons ook moet wees.

**1 Yog 2:1** Kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle sodat julle nie moet sondig nie en as iemand sondig, is daar **vir ons by die Vader die Loskoper vanuit die vloek, Yeshua,** Die Gesalfde Een, die Onskuldige,

Sou Hy God wees, kon Hy mos nooit as Onskuldige beskryf word nie? Onskuldige staan teenoor die moontlikheid van skuldig wees.

**Heb 5:7** Ook toe Hy in die vlees geklee was, het Hy gebede en versoeke met ’n kragtige geroep en trane aan Hóm geoffer, wat Hom uit die dood uit lewe kon gee en Hy is verhoor.

Hier is weer ’n bewys dat Vader weereens Yeshua se gebede verhoor het. Hoe kan dit verklaar word dat God die “ander” God se gebed verhoor? Duidelik kan die “co-equal gedagte ook nie hier gestaaf word nie, maar as Yeshua God sou wees, is dit weereens veelgodedom en dus ’n verwerplike gedagte. **(Rom 8:1; Rom 4:24)**

Vader-God het ook vir Yeshua lewe gegee vanuit die dood. As Hy God was sou Hy dit mos self kon doen. **(Hand 17:31; 1 Kefa 1:21)**
Hoe kan dan, na aanleiding van bogenoemde Woordverwysings, enige twyfel bestaan dat Yeshua iemand anders kan wees as die Man en die mens wat reeds so vroeg soos in **Gen 3:15** in die Skrif aangedui is?

Kyk baie versigtig na **Heb 8:1-3**. Hoe kon Hy, wat volgens die kerk se leer "God" is, vir Homself 'n offer bring?

> **Heb 8:1** Die hoofpunt van dít alles: ons hét so 'n nie-Levitiese hoofpriester wat sit op die regterkant van die troon van HaG'dulah (die Grootheid) in die hemel.
> **2** Hy, en nie 'n mens (Leviet uit die aardse priesterdom) nie, is die Bedienaar van die Huis van Afgesonderdheid en van die ware Tabernakel (tentwoning), wat God opgeslaan het.
> **3** Elke hoofpriester word aangestel om geskenke en offers te bring; daarom moes Hy ook iets vir Homself hê om te offer,

Die hele Hebreërsbrief moet sorgvuldig gelees word om nog 'n duideliker beeld te kry van hierdie mens, Yeshua.

## 1.11 Onbetwisbare bewyse teenoor aannames en afleidings

Hierdie skrywe sal nie volledig wees sonder om ook na die "opgemaakte bewyse" in die Bybel te kyk waardeur die kerk probeer sê dat Yeshua "God" is nie.
Ten spyte van die onbetwisbare bewyse dat Yeshua nie God kan wees nie, glo die kerk steeds anders. Ek wil daarom hier na net 'n paar van die verwysings kyk wat die kerk aanhaal en leer as bewyse dat Yeshua God is. Hiervoor gebruik ek "Die Bybel, 1983-vertaling" teks omdat die meeste mense in die Afrikaanse kerke hierdie Bybel gebruik (ABNV). Die 1953 OAV is in baie opsigte dieselfde.

**Voorbeeld 1.**

**ABNV** – "Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem. Die naam beteken God by ons. **(Mat 1:23)**

Hier is 'n verduideliking en uitleg van die betekenis van woorde nodig.
Die betekenis wat hier gegee word vir Immanuel is 'n afgeleide en nie die volledig korrekte betekenis nie. Die woord "el" word as "God" vertaal terwyl dit nie korrek is in betekenis nie. Die woord beteken "magtige en

as afgeleide beteken dit “God” omdat dit ons magtige is. Dit maak net ’n verskil in hoe ek kyk na die vers.
As hierdie betekenis regdeur toegepas word los dit baie van die probleem-vrae op. Vir volledigheid, kyk ook op **bl. 47.**

*Strongs - H410*
אל *'el (ale) n-m. 1. firm strength, sturdiness.*

*Aramaic*
אלה - *power, have power; authority, have authority; authority, give authority*

*Ancient Hebrew Lexicon of the Bible - Benner, Jeff A*
אל *'el— Power: One who holds authority over others such as judges, chiefs and gods.*

*The New Catholic Encyclopedia[9] states:*
*Since the word ‘ēl* ***corresponds to*** *the word god, it has been rightly concluded that the proto-Semites invoked only El. In fact, if the word god had applied to various deities, the personal names in ‘ēl would have had an equivocal meaning. It is legitimate to translate El as god but this practical monotheism does not imply a clear awareness that the gods adored by neighbouring peoples did not exist.”*

Hierdie verklaar dan ook die “verkeerde vertaling in **Heb 1:8** in die meeste vertalings, wat, indien reggestel volgens die betekenis hierbo, so lyk:

> **Heb 1:8** Met betrekking tot die Seun sê Hy egter: “U troon, o Magtige met outoriteit, is vir tydlose ewigheid, die septer van U Koninkryk is ’n reguit, suiwer septer.

Die vertaling word bevestig deur die “septer en “Koninkryk in die sin.

**Verklaring:**
Wat sê die vers presies? “hulle sal Hom `Immanu'el noem” Daar staan nie Hy is Immanu’el nie! Kyk maar gerus, ek kry ook nêrens ’n verwysing dat Hy as “Immanu’el” aangespreek is nie! Waarom dan die verwysing? Omdat Hy presies kom doen het wat die mens se skeppingsdoel was van die begin af. Die Gees wat Afgesonderd is, kom woon in die afgesonderdes en het dus ook in Yeshua gewoon. **(Yog 14:15-26)**.
In die Skrif vind ons verskeie simbole en verteenwoordigings waardeur Vader tussen Sy mense beweeg en bly: Die pilare van vuur en rook, die Ark van die verbond, ens. “God met ons” word dan uiteindelik ervaar in die volmaakte verteenwoordiging - Yeshua ons verlosser en daarna in elkeen wat Sy pad van gehoorsaamheid stap.

**Gen 1:27** God het die mens geskep na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskep; man en vrou het Hy hulle geskep. **Mat 19:4; Mar 10:6**

Vader het in Hom kom woon op die aarde tussen mense; daarom erken ek dat Yeshua ten volle mens moes wees om namens ons die mens se sonde te dra en die Middelaar wat Vader voorsien het, te wees as mens. Die Een wat Sy Karakter en Outoriteit ten volle geleef het en só ons voorbeeld is om na te volg. Nou kan jy sien dat Hy die fisiese verpersoonliking van die Ewige, Almagtige God is. Dit wys presies waarvoor ons geskep is en wat Immanu'el impliseer! Ons moet leef soos Hy, met die Lewende Skepper-God in ons. Hy is so genoem, want dit is wat mense kon sien omdat Yeshua Vader-God se beeld (Karakter) ten volle op aarde kom leef het as voorbeeld vir elke persoon. Dit is hoe Adam geskep is, maar hy het gekies om ongehoorsaam te wees en daarom is die tweede Adam, Yeshua, as die plaasvervangende mens geskep en Hy het gekies om volledig, volmaak gehoorsaam te leef as voorbeeld vir Sy medemens om ook so te leef. Ja, die Lewende Skepper-God het deur Sy Gees in Yeshua gewoon as voorbeeld van Vader se lewenswyse.

**Voorbeeld 2.**

**ABNV – Mat 28:19** Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees,

**PWL - Mat 28:19** Gaan daarvolgens, maak studentevolgelinge van al die nasies, doop hulle in die Karakter en Outoriteit van die Vader en die Seun en die Gees wat Afgesonderd is

**Verklaring:**
Hierdie vers het nie die doel om ’n Gods-beeld uit te wys nie, maar om jou die nodigheid te wys van “maak studentevolgelinge van al die nasies,” sodat hulle die Karakter en Outoriteit van Vader en Yeshua mag “aantrek / opsuig soos ’n spons” (die betekenis van die woord wat as doop vertaal word) deur middel van die werking van Vader se Gees wat Afgesonderd is soos gesien kan word in die volgende vers. **(Luk 4:18)**. Dit is ook van belang dat die woord “naam” in hierdie sin enkelvoud is. “Naam” het ons reeds gesien beteken “karakter en outoriteit”; dus word die taak gegee om mense in Vader se Karakter – wat die karakter is wat Yeshua kom leef het – deur die werking van die Gees, wat God is, aan te trek.

**Voorbeeld 3.**

**ABNV – Luk 4:18** " Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig....
**PWL - Luk 4:18** "Die Gees van יהוה is op My en as gevolg daarvan het Hy My gesalf met die doel om die goeie boodskap aan die armes te verkondig; ..... **(Yes 61:1)**

**Verklaring:**
Die vers wys dat "Die Gees van יהוה is op My (Yeshua).." Hoe is dit moontlik om daarin te sien dat die aanspraak van Yeshua Hom as God sou verklaar? Hierdie is tipiese aannames, veronderstellings, afleidings en woord verdraaiings en dus geen bewys nie! Ons het reeds gewys dat die Gees ook op die wedergebore kind van God is! **(1 Kor 15:27-28; Yog 17:20-23)**

**Voorbeeld 4.**

**ABNV – Joh 1:1** In die begin was die Woord (G3056) daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God
**PWL - Yog 1:1** In begin het die boodskap reeds bestaan en daardie boodskap het saam met God bestaan en God self was daardie boodskap. **Mik 5:1**

**Verklaring:**
Kom ons kyk na die betekenis van die woord "Woord" soos in die vers aangegee in Grieks, wat ook die oorspronklike betekenis vanuit Aramees weergee:

*Woord G3056 λόγος logos log'-os*
*The New Strong's Exhaustive Concordance of the Bible defines among the various meanings the following:*
*1. Motive*
*2. mental faculty*
*3. Reasoning*
*4. Intent*
*5. Thought*
*6. Divine Expression.*
*What is really illuminating is the fact that, according to the Strong's Concordance I referenced, a Greek philosopher named Heraclitus first used the term logos around 600 B.C. to designate* ***the divine reason or plan which coordinates a changing universe.*** *Thus, we have a historic precedent which shows the proper understanding of logos is as* ***the "Divine Plan, thought, or motive of the Almighty Creator.***

Die woord “Logos” beteken dus die motief en boodskap agter die woord en nie die woord nie. Dit is die boodskap wat God van die begin aan die mens gebring het as sy skeppingsroeping en wat weer deur Yeshua bevestig is.

Hier is dit ook belangrik om te wys dat die voornaamwoord wat in dievertalings in **vers 2** gebruik word – nie in die oorspronklike is nie. Dit verwys na **“hierdie,”** nie **“HY”** nie.

> **Yog 1:2** Hierdie (Nie Hy nie) het aanvanklik saam met God bestaan.

Kom ons kyk wat wys *“Mickelson’s Enhanced Strong’s Dictionaries of the Greek and Hebrew Testaments”* aangaande die inkarnasie mite (soos hierbo na verwys) van die Rooms UBS beheerde Bybels van **Yog 1:1-3**.

’n Presiese aanhaling:

*12. (specially, with the article in John) the Word of God (capitalized), the Divine Expression, the Creator, the Word of Yahweh (i.e. the Anointed One, whether pre- or post-incarnate; that is, when Jesus is not embodied in the unglorified state of the old flesh of clay man, being quite dependent upon the Holy Spirit in that humble state of subsistence; see* ***John 1:1-14***

Hierdie insetsel bewys hoe diep hierdie filosofie mense raak, waar tot die woordeboek-inskrywing verander volgens wat die kerk die betekenis wil maak, en nie wat die betekenis van die woord is nie.
Yeshua was, soos die volgende vers wys, net in die voorkennis van God, en moes nog kom!

> **Hand 2:23 hierdie Een, wat in die voorkennis en wil van God,** hiérvoor tot Hom afgesonder was, wat julle oorgelewer het in die hande van die wetteloses, Hom gekruisig en vermoor het,

Soos die bewys hierbo duidelik is, **is die begrip dat “Jesus” as die “Woord” beskryf kon word, absoluut nul! Dit verwys nie na ’n persoon nie, maar na ’n ding, naamlik die boodskap.** Hy was ook in die voorkennis van God beplan en nie fisies van die begin af daar nie. Die Gesalfde een, Yeshua, het die boodskap - God se plan vir die mensdom, - fisies kom leef en het so die lewende Boodskap geword.

**Voorbeeld 5.**

**ABNV – Joh 1:14** Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.
**PWL - Yog 1:14** Die boodskap het Vlees geword en het onder ons gebly en ons het Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien,

**Verklaring:**
**Eerstens:** Soos hierbo na verwys, is die Griekse UBS vertalings uiters hopeloos met die poging om van Jesus God te wil maak met swak vertaling. Hier impliseer kerk dogma dat Jesus deur middel van inkarnasie (God wat mens geword het en dan weer God geword het???) mens geword het! Sou ek kyk wat "inkarnasie" werklik is, is dit skrikwekkend dat die kerk hom skuldig maak aan Griekse filosofiese denke en gebruike.
**Tweedens: "**Die boodskap het mens geword beteken dat die boodskap (idee) wat God gehad het, het nou in die vlees gekom en is as waarheid kom wys. Dit is en was nie 'n persoon nie – dit is die boodskap. Vader se oorspronklike Boodskap oor die mens se doel en Vader se wil, het vlees geword deurdat Vader dit deur 'n mens vir ons kom demonstreer het.

**Voorbeeld 6.**

Die volgende word volledig in 'n latere hoofstuk hanteer, maar dit is hier belangrik om die teendeel te wys van Wie God is.
Ek wonder net wat Vader sou dink wie Yeshua is as Hy sê:

**1 Sam 2:2** Daar is niemand afgesonderd soos יהוה nie; inderdaad, daar is niemand buiten U en ook is daar geen Rots soos ons God nie.

**Yes 45:5** Ek is יהוה en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie;
**6** sodat mense kan weet van die opkoms van die son tot sy ondergang dat daar buiten My geeneen is nie; Ek is יהוה en daar is geen ander nie; **Deut 6:4**

In net twee tekse agtermekaar word nie minder as 5 keer die stelling gemaak dat daar net een God is en dit is יהוה alleen!!

**Yes 45:14** So sê יהוה: "Die produkte van Mitzrayim en die handelsware van Kush en die S'vaïete, manne van gestalte, sal na jou toe oorkom en joune wees; hulle sal agter jou loop; hulle sal in kettings oorkom en voor jou buig; hulle sal jou versoek: 'Waarlik, God is by jou en daar is geen ander, geen ander God nie!

(Kyk mooi – twee maal agter mekaar word die begrip 'geen' beklemtoon en ons het reeds bewys dat een net een is, en nie 1+1+1=1 nie).

**Yes 45:18** want so sê יהוה, wat die hemele geskep het; Hy is die God wat die aarde gevorm en dit gemaak het, Hy het dit vasgestel en dit nie as ’n verwoeste plek geskep nie, maar dit gevorm om bewoon te word: “Ek is יהוה en daar is geen ander nie. **Deut 6:4**

**Yes 46:9** Onthou die dinge wat van ouds af was, want Ek is God en daar is geen ander nie; Ek is God en daar is niemand soos Ek nie;

In vyf tekse in twee hoofstukke word dit nie minder nie as 10 keer bevestig. Hoe nou? Hoeveel keer moet Vader sê: “**buiten Hom is daar niemand nie**”. Niemand beteken niemand nie - ook nie Jesus nie! Hoe ondenkbaar is dit dat die kerk steeds aangaan om ’n drie-eenheid te propageer wat van Yeshua probeer God maak as daar soveel bewyse daarteen is?

*Geeneen H369 אַיִן 'ayin ay'-yin*
*As if from a primitive root meaning to be nothing or not exist; a non-entity; generally used as a negative particle: - else, except, fail [father-] less, be gone, in [-curable], neither, never, no (where), none, nor (any, thing), not, nothing, to nought, past, un [-searchable], well-nigh, without, Compare H370.*

**Verklaring:**
As selfs Strongs wys dat: *“meaning to be nothing or not exist; a non-entity; neither, never, no (where), none, nor (any, thing), not, nothing,* daar niks / niemand is nie, maar die kerk teologie wil dit hê dat daar drie “persone” in sy teologie bestaan, waar lê die probleem? Dit is niks minder nie as blatante Skrif verwerping, nog erger, dit verwerp Yahuah as Enigste Lewende Skepper-God deur byvoegings en weglatings. Hoeveel keer wil jy nog sien dat 'geen' is presies wat Vader bedoel het, niemand nie, ook nie Yeshua nie?

**Voorbeeld 7.**

**ABNV – Rom 1:3** en dit handel oor sy Seun. As mens is Hy uit die geslag van Dawid gebore:
**PWL - Rom 1:3** aangaande Sy Seun, wat na die vlees gebore is uit die saad van die huis van Dawid

**Verklaring:**
Hoe kan daar ’n dogma gebou word teenoor die onbetwisbare bewyse, soos hierdie vers wat selfs in die Griekse UBS vertalings duidelik sê “as mens” en nie mens-God of Godmens nie! Ook nie mens wat eers God was nie.

**Voorbeeld 8.**

**ABNV – Rom 9:4** Hulle is tog Israeliete; vir hulle het God as kinders aangeneem en in sy heerlikheid laat deel; met hulle het Hy die verbonde gesluit en aan hulle die wet van Moses gegee, asook die tempeldiens en die beloftes; hulle stam van die aardsvaders af, en uit hulle is die Christus as mens gebore – Hy wat God is, verhewe bo alles en lofwaardig vir ewig! Amen.

**PWL - Rom 9:4** Hulle wat Yisra'el is, het ontvang: die plasing tot kinders, die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God, die verbond, die geskrewe wet, die dienswerk daarin, die beloftes **5** aan die vaders en vanuit hulle het Die Gesalfde Een in die vlees verskyn. Tot Hom wat God oor alles is, is lofprysing en seën vir 'n tydlose ewigheid! Dit is waar.

**Verklaring:**

Hier het ons 'n definitiewe voorbeeld van hoe die vertaling lei tot 'n misleidende afleiding. Let op dat die dogma dat Yeshua geïnkarneer het in die verkeerd vertaalde teks duidelik gewys word nl. as "mens gebore" maar tog "God is"!!

"hulle stam van die aardsvaders af, en uit hulle is die Christus as mens gebore – Hy wat God is,"

Verder word aangeneem dat die sin wat aandui "Tot Hom wat God oor alles is" **(Rom 9:5)** is die bewys dat Yeshua God is. Soos reeds gesê: Hier word een teks uit verband aangehaal! Kry die konteks reg en jy sal sien dat Yeshua nie aangedui word as God nie. Die konteks moet minstens vanaf vers 4 in verband gebring word. Die sin "Tot Hom wat God oor alles is, is lofprysing en seën vir 'n tydlose ewigheid! Dit is waar." is verseker nie deel van wat Yisra'el sou ontvang het nie! God wat dit (vers 4) vir Sy volk gegee het, moet die dank ontvang! Lees versigtig en jy sal die verskil sien!!

**Voorbeeld 9.**

**ABNV – 1 Kor 12:6** maar dit is dieselfde God wat alles in almal tot stand bring.

**PWL - 1 Kor 12:6** Daar is 'n verskeidenheid van wonderwerke, maar God wat alles in elke persoon werk, is een God,

**Verklaring:**

Ek wonder wat is die probleem, want Sha'ul wys presies wie God is. Die onderstaande teks wys dit duidelik en dit is beslis nie Yeshua nie. In twee agtereenvolgende verse kry ons 'n duidelike waarheid van Wie God is!

**2 Kor 3:17** יהוה is die Gees en waar die Gees van יהוה is, daar is vryheid.
**18** Meer nog, almal van ons, met onbedekte gesig, sien die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה soos in ’n spieël en word voortdurend verander na Sy beeld, tot meer en meer van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid, deur יהוה, die Gees.

Hierdie verklaring wys presies wie God is – Hy ís ondubbelsinnig die Gees self! Die Gees is dan ook nie ’n aparte persoon nie en sluit nie “Jesus” in nie!

**Voorbeeld 10.**

**ABNV – 1 Kor 12: 5** Daar is ’n verskeidenheid van bedieninge, maar dit is dieselfde Here wat die opdragte gee; 6 daar is ’n verskeidenheid van kragtige werkinge, maar dit is dieselfde God wat alles in almal tot stand bring.
**PWL - 1 Kor 12:5** Daar is ’n verskeidenheid van bedieninge, maar יהוה is een.
**6** Daar is ’n verskeidenheid van wonderwerke, maar God wat alles in elke persoon werk, is een God,

**Verklaring:**
Reeds bewys dat dit יהוה God en nie Jesus is nie. Die probleem hier is dat “Here” in die ander vertalings beide vir Vader en vir Jesus gebruik word en die twee dan in een sin, soos hier, verwarring skep.

**Voorbeeld 11.**

**ABNV – 2 Kor 13:14** Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees.
**PWL - 2 Kor 13:14** Die vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, die liefde van God en die gemeenskap van die Gees wat Afgesonderd is bly by julle almal! Dit is waar!

**Verklaring:**
Weerspreek Sha’ul homself in wat hy gesê het in **Rom 1:3 met 2 Kor 13:14?**

Soos reeds hierbo gemeld: Moet ek een vers gebruik om “aan te neem, te veronderstel, af te lei, beweer, en wat nog, om ’n dogma te bou? Is die noem van die drie, met verskillende take, in een vers genoeg om ’n afleiding van eenheid te maak? Kyk maar na die volgende bewyse: **Rom 1:7; 1Kor 1:3; 2 Kor 1:2; Gal 1:3; Efe 1:2; Fil 1:2; Kol 1:2; 1 Thes 1:1; 2 Thes 1:1-2; 1 Tim 1:2; 2 Tim 1:2; Titus 1:4.**

Het die ander apostels dan geleer dat daar 'n drie-eenheid is? Waarom sou in hierdie gedeeltes net melding gemaak word van Die Vader en Yeshua en nie die "Heilige Gees" nie? Kyk gerus na die genoemde Lering "Die Eenheid van God."

Net in een van Sha'ul se briewe, **2 Kor 13:14,** kom die bewoording "Vader, Seun en Gees" voor. Kom ons ontleed die vers versigtig. Die vers wys my uitdruklik dat: vergenoegdheid van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, die liefde van God en die gemeenskap van die Gees wat Afgesonderd is, bly by julle almal!
Met die verwysing hier na die Gees, word baie spesifiek gewys dat dit nie 'n verwysing na 'n "persoon" is nie, maar die gemeenskap (fellowhip) van die Gees van Afsondering is. Ek herhaal, daar is geen sprake daarvan dat hier 'n teologiese verklaring aangaande die natuur van God gegee word nie! Die punt wat Sha'ul hier maak, is dat die Gees van Afsondering die samebindende faktor is wat ons saam bind in Goddelike regverdige gemeenskap. Hier gaan dit nie net om gemeenskap met mekaar nie, maar met Vader en die Seun. Ondubbelsinnig verwys die teks na "gemeenskap van die Gees.." en nie "met" die Gees nie. My vraag is: Waarom sou Yoganan in **1 Yog 1:3** ons anders wys? Hier is mos nog 'n geleentheid om melding te kon maak van drie persone?

> **1 Yog 1:3** Hy vir Wie ons gesien en gehoor het, openbaar ons ook aan julle sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê en ons gemeenskap is met die Vader en met Sy Seun, Yeshua, Die Gesalfde Een.

Daar word uitdruklik nie na die "Heilige Gees" as 'n persoon verwys nie?! Nodeloos om te sê dat Yeshua nooit na die Gees wat Afgesonderd is, verwys het as 'n persoon nie!!

**Voorbeeld 12.**

> **ABNV – Gal 3:20** Maar as daar net één is wat handel, is 'n tussenganger nie nodig nie, en God is net een.
> **PWL - Gal 3:20** 'n Tussenganger verteenwoordig nie een alleen nie, maar God is een.

> **ABNV – 1 Tim 2:5** Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het.
> **PWL - 1 Tim 2:5** want God is een **Deut 6:4** en die Middelaar tussen God en die mense, die Mens, Yeshua, Die Gesalfde Een, is een.

**Verklaring:**
Ons het reeds genoemde vers ontleed en duidelik gesien dat daar net een Lewende Skepper-God is en dat daar niemand naas Hom is nie en een Mens, Yeshua, wat nie God kan wees nie.

**Voorbeeld 13.**

**ABNV – Kol 2:9** In Hom is die volle wese van God beliggaam,
**PWL - Kol 2:9** want in Hom bly die hele volheid van wat God is gesamentlik

**Verklaring:**
Hier word duidelik gewys dat die volheid van God, die Vader, in Yeshua bly as eenheid en nie dat Hy God is nie.

**Voorbeeld 14.**

**ABNV – Heb 1:8** Maar van die Seun sê Hy: "U troon, o God staan vir ewig vas, met u koninklike septer laat U reg geskied.
**PWL - Heb 1:8** Met betrekking tot die Seun sê Hy egter: "U troon, o Magtige met outoriteit, is vir tydlose ewigheid, die septer van U Koninkryk is 'n reguit, suiwer septer. **Yes 9:6-7; Ps 89:15; Ps 97:2; Ps 110:2**

**Verklaring:**
In die eerste plek kan hier onder geen omstandighede verwys word na die troon van God nie, want die Seun het net 'n ereposisie aan die regterkant van die troon van God en word nooit uitgebeeld dat Hy op Vader se troon sit nie! **(Hand 7:56; Luk 20:42; Mat 22:24).**

Tweedens is Yeshua se Koninkryk gesetel op die aarde soos bevestig vanuit die Skrif, want die Seun se Koninkryk is gesetel in Sy vader Dawid soos deur die hele Skrif gesien kan word.

**Open 22:16** Ek, Yeshua, het My boodskapper gestuur om hierdie dinge teenoor julle te getuig voor die gemeentes. Ek is onveranderlik dieselfde, die Wortel **Mik 5:1; Yog 8:58** en die Nakomeling van Dawid, sy Kameraad **Yir 33:17; Mat 1:6; Luk 1:32** en die helder Môrester." **2 Kefa 1:19**

**Yes 9:7** Daar sal geen einde wees aan die vermeerdering van Sy regering en van Sy vrede, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit in stand te hou met regverdigheid en onpartydige opregtheid, van toe af aan en vir ewig nie. Die ywer van יהוה-Tzva'ot sal dit uitvoer. **Hand 1:6; Heb 1:8**

**Hand 2:30** omdat hy ’n profeet [Neg 12:36] was en geweet het dat God vir hom met ’n eed gesweer het: ‘Een uit die vrug van jou liggaam sal Ek op jou troon laat sit,’ [2 Sh’m 7:12-13; Ps 132:11]

**Voorbeeld 15.**

**ABNV – Kol 1:15** Die Seun is die beeld van God, wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping.
**PWL - Kol 1:15** Hy, wat die afbeelding is van die onsigbare God, die Eersgeborene van alles wat geskep is. [Heb 1:3]

**Verklaring:**
**Die Seun is die presiese beeld van die Karakter van God,** dit wat elkeen van ons moet leef en wat Vader se oorspronklike plan met die mens was en Hy (Yeshua) is nie self God nie! **(Gen 1:26,27).** God wat die Gees is, kan nie gesien word nie – Dit is waar!

Hoe kan Vader self Yeshua se koms in die Tanakh aankondig as ’n “Man” (wat ’n mens is; ook soos bo aangedui) en ’n menigte soortgelyke bewysbare aanduidings in die Nuwe Verbond en nêrens vind ek die aanduiding dat Vader Hom “God” verklaar het of ’n stelling dat Hy “geïnkarneer” het, nie! Dit kan alleenlik gesien word as jy verkeerde aannames, veronderstellings, vals afleidings en om Yeshua te inkarneer tot Godmens en nog vele meer, maak.

**Voorbeeld 16.**

**AOV '53 - Joh 20:28** En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God!
**PWL - Yog 20:28** T’oma antwoord en sê vir Hom: “My Meester en my Heerser!” [1 Yog 2:23]

**Verklaring:**
Hier is die korrekte betekenis van die woord 'God' baie belangrik. Die woord “God” het ’n reeks betekenisse gekry en baie van hulle is vreemd aan dit wat in die Skrif gevind word. Kom ons gaan kyk:

Die woord 'god' is ’n vertaling van die woorde 'el', 'eloha' en die meervoudvorm 'elohim'. Dit is ’n Kenanitiese woord wat oorgeneem (geleen) is deur Hebreeus en het verwys na die panteon gode - elohim - van die Kenaniete en “el was hoe hulle na hulle hoofgod verwys het. Dit beteken egter nie “dit wat aanbid word soos wat ons vandag in die moderne wêreld daarna verwys nie, maar beteken letterlik “Magtige. Dit is wie ons outoriteit en magtige is wat oor ons heers. Nou gebruik ons die woord om na hierdie Magtige te

verwys wat oor ons heers, maar dit is ook die Een wat ons aanbid. Ons moet, om semanties korrek te wees, hierdie twee van mekaar skei. Dit word egter deur ons, in verwysing na aanbidding, vir God gebruik; dus verwys dit vir die opregte Geesvervulde kind van God na die enigste ware Magtige God, Yahuah en na geen ander voorwerp of wese wat deur mense aanbid word nie. Dit is egter in hierdie korrekte begrip van die betekenis van die woord waarin T'oma hierdie woord gebruik wat dan verkeerdelik in die ander vertalings deurgegee word as God. Verklaring van “el op Bl. 37.

**Voorbeeld 17.**

**AOV '53 - 1 Kor 12:3** Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus ’n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees.

**PWL - 1 Kor 12:3** Ek sê daarom vir julle dat niemand wat deur die Gees van God praat, Yeshua ’n vervloeking noem nie en niemand kan sê: “Yeshua is Die Meester,” behalwe deur die Gees wat Afgesonderd is nie. **[1 Yog 4:2]**

**Verklaring:**
Die skynbare probleem is dat die vertalers in die ou Afrikaanse vertalings die woord 'Here' vir beide Vader se naam en ook vir die vertaling van 'Adonai' / 'Adoni' gebruik het en daar dus ’n verwarring is van wie gepraat word. In die PWL is daar nie hierdie probleem nie. Ek wil ook verder uitwys dat in die PWL, wat vanuit die Aramees vertaal is, hier die woord 'Maryah' gebruik word met ’n 'alef' einde. Hier is dus ’n “díe met ’n klem en behoort dus vertaal te word met 'díe Meester'.

**Voorbeeld 18.**

**Die voorbestaan van Yeshua.**

Ek gaan begin met ’n stelling en vrae wat asseblief ernstig oorweeg moet word. **Yeshua leef!**
As Hy leef en aan die regterhand van die Vader sit, as wat sit Hy daar?
Is dit as God, dan is daar twee gode langs mekaar en dit kan nie.
Is dit as mens met ’n verheerlikte liggaam - was Hy dan ook mens voor die tyd, voordat Hy aarde toe gekom het? Dit is tog nie moontlik!
So hoe moet ons die verse verstaan in **Yoganan 6** en elders?

**Hand 17:31** omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in onpartydige opregtheid sal oordeel **deur die Man** wat Hy aangestel het en Hy het Sy vertrouenswaardigheid aan almal bewys, deur Hom uit die dood uit te laat opstaan."

Dit is duidelik dat Hy daar is as Man. Die lewende Yeshua, wat opgewek is uit die dood, is ons versekering dat Hy gaan kom om die huidige aarde te herstel en Vader se Koninkryk te vestig. **(Hand 1:11; 3:19-20)**

Soos die Fariseërs, Skrifgeleerdes en selfs van die Jode wat aanhoudend probeer het om Yeshua met strikvrae te probeer uitvang en Hom te beskuldig dat Hy vals was, sal daar sekerlik ook met bogenoemde teksverwysings gepoog word om die voorbestaan van Yeshua te bewys. Soos voorheen gesê, niks mag uit konteks geneem word nie, want Skrif moet Skrif verklaar! Dus moet die verwysings in konteks van die Skrif gelees word en nie wat ek wil "in lees, aflei, veronderstel of my opinie gee van wat daar staan nie!

Bogenoemde teksverwysings kan nie en mag nie in isolasie gelees word nie, want dit skep dan 'n vals beeld wat lei tot allerhande vals leringe soos om te probeer bewys dat Yeshua 'n "voorbestaan" gehad het. Dit is uiters noodsaaklik vir korrektheid dat **hoofstuk 6** in korrelasie gebring word met **Yog 1:1** (vanuit die korrekte vertaling) soos uiteengesit op Bl. 39 - Voorbeeld 4. Selfs die woordeboeke (soos voorheen aangehaal) wat die sogenaamde Griekse ontledings weergee, wys duidelik vir ons dat Yeshua Vader se "Goddelike plan" was en dat daar geen gedagte kan wees dat Yeshua 'n "voorbestaan" gehad het nie. Hierdie bewys dan hoe die "voorbestaan" leer net eenvoudig deur vals veronderstellings, aannames, opinies en verdraaiings ontstaan het.

**Yog 8:23** Hy sê vir hulle: "Julle is van benede, **Ek is van bo**. Julle is uit hierdie wêreld, Ek is nie uit hierdie wêreld nie.

Hierdie stelling word gebruik om te bewys dat Yeshua in die hemel was voor geboorte. Die konteks en Yeshua se woorde bewys die stelling onwaar. Yeshua verklaar dit aan die Jode en verduidelik verder dat hulle gedagtes en optrede vanuit hierdie wêreld is en Syne nie, maar van bo = vanaf die Vader.

Iemand wat van die wêreld is, is van benede. **(1 Yog 2:15)**. Dit is hoe hierdie woorde verstaan moet word.

**Yog 6:38** want Ek het uit die hemel afgekom, nie om My wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.

**Yog 6:42** Hulle het gesê: "Is Hy nie Yeshua, die seun van Yosef, Wie se vader en moeder ons ken nie? Hoe kan Hy dan sê: 'Ek het vanuit die hemel afgekom?'"

**Yog 6:51** Ek is onveranderlik dieselfde, die Lewende Brood, wat vanuit die hemel afgekom het. As iemand van hierdie Brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. Die Brood wat Ek sal gee, is My liggaam, wat Ek ter wille van die lewe van die wêreld, sal gee."

Ons gaan die konsep in al die verse saam hanteer.
Yeshua praat oor Sy liggaam en bloed asook dat Hy gaan teruggaan na waar Hy vandaan kom. Die gedagte was so vreemd vir die studentevolgelinge dat hulle geloop het. 'n Bewys dat hulle niks geweet het van 'n voorbestaan nie.

**Yog 6:60** Baie van Sy studentevolgelinge wat gehoor het, het gesê: "Hierdie boodskap is moeilik, wie kan dit verstaan?"

Kyk verder na die titel wat Yeshua Homself noem: "die Seun van die mens.

Wat beteken hierdie moeilike woorde? Hulle kom aan die einde van 'n lang gesprek met die Jode gebaseer op die gee van 'man-hu' in die wildernis en die omstandighede gee die sleutel tot hulle betekenis.

Die 'man-hu' word "die brood uit die hemel uit vir julle gegee het genoem. Yeshua noem Homself "die Brood wat vanuit die hemel afgekom het. Beteken dit die 'man-hu' is in die hemel vervaardig en het afgekom aarde toe? Nee, dit het saam met die dou op die grond geval **(Num 11:9)**, maar dit het hulle oorsprong in die gedagtes en beplanning van God en daarom die stelling. Op dieselfde manier en met dieselfde rede maak Yeshua die stelling oor Homself.

Tog wil ek wys op die begrip "Brood van die Lewe" wat 'n verrykende betekenis het soos gevind word in verse 32, 33, 34, 35, 41, 50, 51. Dit is noodsaaklik om na die begrip in die hoofstuk te verwys want, net soos wat Vader die 'man hu' beplan en voorsien het vanuit die hemel, is dit dieselfde met Yeshua wat Vader se "Goddelike plan" was na die sondeval.

**Yog 6:62** Julle sal daarom waarlik die Seun van die mens sien opvaar na die plek waar Hy aan die begin was.

Hierdie is maar net 'n baie moeilike begripsvertaling probleem - die vers is reg vertaal, tog kan die woord wat gebruik word vir "opvaar eerder "opstaan beteken en die laaste deel as "waar Hy vroeër was (as mens hier lewend op

aarde), vertaal kan word. Die werklike betekenis is dan dat Yeshua wonder of hulle aanstoot sal neem as Hy uit die dood uit opstaan, soos wat hulle is oor al die ander dinge wat Hy gesê het.

> **John 17:5** Nou, Vader, wees tevrede met My in eenheid met Uself met die goedkeuring wat Ek by U gehad het voordat die heelal was. **Hand 3:13**

Beteken dit dat Yeshua persoonlik by die Vader was **of** dat Vader Sy **volmaakte plan** tot uitvoer bring? Die laasgenoemde, want dieselfde taal en begrip word in ander gevalle gebruik.
Kefa verklaar:

> **1 Kefa 1:20** wat wel voor die tyd hiervoor aangestel is, voor die vorming van die wêreld, maar in hierdie laaste tye openbaar is, om julle ontwil.

Die vers maak dit baie duidelik. Dit gaan oor Vader se plan wat uitgevoer is - dit is die plan wat van die begin af by Vader was.

> **Efe 1:4** net soos Hy ons vroeër, in eenheid met Hom, gekies het van voor die ontstaan van die wêreld af, om afgesonderd en sonder vlek in Sy Teenwoordigheid te wees en ons vroeër in liefde vir Homself aangestel

Sou dit dan, in dieselfde taal en begrip as die ander verwysings, beteken dat gelowiges ook bestaan van voor die grondlegging van die aarde? Tog sekerlik nie. Dit is ook dieselfde taal wat gebruik word vir Yirmeyahu.

> **Yir 1:5** "Voordat Ek jou in die baarmoeder gevorm het, het Ek jou geken en voordat jy gebore is, het Ek jou afgesonder; Ek het jou as 'n profeet vir die nasies aangestel." **Ps 139:16**

> **Yog 6:46** Niemand het die Vader gesien nie, behalwe Hy wat van God af kom, Hy het self die Vader gesien.

Yoganan gebruik dikwels die woord in die konteks van "sien met jou gedagtes of "begryp, want dit is ook wat die woord beteken. Om Vader te ken en verstaan. In hierdie geval is dit duidelik dat dit is wat Hy bedoel want oral in die Tanakh lees ons van mense wat Hom "sien, maar nie in Sy volheid nie. **(Eks 3:6; 6:2-3; Gen 18:1; Yes 6:1)**

In **Yog 1:18** is hierdie begrip baie duidelik.

**Yog 1:18** Niemand het God nog ooit gesien nie, maar die enigste Uniekgeborene van God, wat aan die bors van die Vader is, dié het Hom bekend gemaak.

U word net so genooi om aan die bors van Vader - naby Hom met 'n intieme verhouding - te bly en Sy Karakter en Outoriteit te ervaar en te kan ken.

**Ter afsluiting van hierdie afdeling is daar 2 belangrike oorwegings:**

**Eerstens:**

Ek hanteer die volgende omdat dit baie mense se wanpersepsies is:

***As jy nie in die drie-eenheid glo of dat Yeshua God is nie, kan jy nie gered word nie.***

Ek gebruik vrylik 'n studie wat in sy gemeente gemaak is deur Rev. Matthew Calitz.

*1. Yeshua moet aanbidding ontvang as God:*

Kom ons kyk na die aanbiddingspatroon in Openbaring.

**Open 5:9** wat 'n nuwe lofprysingslied sing en sê: "U is waardig om die boekrol op te tel en sy seëls los te maak, want U is doodgemaak en het ons vanuit elke stam, volk en nasie, met U bloed, vir God losgekoop

**10** en U het hulle, vir ons God se Koninkryk, priesters en konings gemaak en hulle sal oor die aarde heers."

**12** en hulle het met 'n harde stem gesê: "Die Lam wat doodgemaak is, is waardig om die krag, rykdom, wysheid, mag, eer, lof, grootheid en seën te ontvang."

Hier sien ons dat Yeshua vereer word vir wie Hy is en wat Hy gedoen het. Teenoor wat ons sien aanbidding tot Vader is - as God:

**Open 4:8** Die vier wesens het gestaan en elkeen het ses vlerke aangeheg gehad, wat rondom en van binne vol oë was en hulle het dag en nag nie stilgebly nie en gesê: "Afgesonderd, Afgesonderd, Afgesonderd is יהוה-God wat alles vashou; Hy wat is en wat was en wat kom!"

Sonder twyfel is dit net God die Vader wat aanbid word as God.

**Fil 2:11** en elke tong sal erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, Die Meester is, tot eer, lof en aanbidding van God-die-Vader.

Yeshua word erken as Meester - as die Koning wat oor ons sal heers.

*2. Verlossing is om te verklaar dat Yeshua God is.*

Daar is absoluut geen Skrif om so 'n stelling te regverdig nie en moet kom van afleidings of vergesogte interpretasies van verse.

Hier volg net 'n paar Skrif-stellings van wat nodig is vir verlossing:
🕐 Bely dat יהוה die enigste ware God is - **Eks 20:3; Deu 6:4; 1 Kor 8:4**
🕐 Jy moet יהוה met jou hele wese liefhê - **Deu 6:5; Mat 22:37**
🕐 Vertrou in en gehoorsaam die Seun - **Yog 3:36**
🕐 Bely Yeshua as Die Gesalfde Een - **Mat 16:16; Yog 9:22; 20:31; Hand 5:42; 17:3; 18:5; 1 Yog 5:1**
🕐 Bely Yeshua is die Seun van God - **Mat 16:16; Yog 20:31; Hand 9:20; 1 Yog 5:5,11**
🕐 Oortuiging van sonde, onpartydige opregtheid en oordeel - **Yog 16:8**
🕐 Om Vader as enigste God en Yeshua as Mashiag te ken - **Yog 17:3**
🕐 Moet glo dat Yeshua in die vlees gekom het - **2 Yog 1:7**

Wat is die bewys van verlossing?
⌛ Dat jy vrugte dra - **Yog 15:8; Efe 4-6:9; Ya'a 2:14-26; 1 Yog 5:2-3**

**Tweedens:**

Die Skrif verwag dat daar ten minste 2 afsonderlike getuies moet wees om 'n saak te bewys.

**2 Kor 13:1** Hierdie is die derde keer dat ek na julle toe kom. In die mond van twee of drie getuies sal alles vasstaan wat gesê word.

**Deut 19:15** ....... deur die getuienis van twee of drie getuies sal 'n saak vasgestel word.

Yeshua verklaar dat hulle 2 is wat getuig:

**Yog 8:12** Yeshua het weer met hulle gepraat en gesê: "Ek is onveranderlik dieselfde, die Lig van die wêreld; wie My ook al volg, sal nie in die duisternis loop nie, maar sal die Lig van die lewe vind"
**13** Die Fariseërs het vir Hom gesê: "U getuig van Uself, U getuienis is nie waar nie."

**16** en al oordeel Ek, My oordeel is waar **omdat Ek nie alleen is nie, maar Ek is saam met die Vader wat My gestuur het**
**17** en dit is ook in julle wet geskrywe, **dat die getuienis van twee mense waar is.**
**18** Ek is onveranderlik dieselfde. **Ek, wat van Myself getuig en My Vader, wat My gestuur het, het van My getuig.**"

Yeshua sou hier 'n leuenaar gewees het as dit anders was, maar verklaar in bogenoemde gedeelte dat Yeshua en Vader 2 afsonderlike getuies is.

Deur die nakoming van die vereistes van die wet, verklaar Yeshua dus dat Hy mens is. As Yeshua hierdie vereiste verbreek het, kon hy nie ons verlosser wees nie. Dus moes hy afsonderlik van God wees om so 'n stelling wettiglik te mag maak.

## Kom ons kyk na 'n laaste gedagte

**1 Yog 4:2** Hieraan word die Gees van God geken: elke gees wat erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het, is vanuit God **(1 Kor 12:3)**

Sou jy die waarheid ontken dat Yeshua vir die eerste keer in die Nuwe Verbondgeskrifte gekom het en nie erken dat Hy as mens gekom het nie (ook nie dat Hy eers as 'n god of engel in die Tanakh gekom het nie) is jy nie vanuit God nie, want dit is 'n uitdruklike voorwaarde. Kyk mooi, die wat sê Hy was eers "God", "het God nie"! Hier word slegs verwys na die Ware, Enigste, Skepper-God. Weereens een van die baie belangrike stellings met voorwaardes! Verder bevestig die teks dat ons God kan ken! Die kerk wil dit hê dat ons God nie kan ken nie, aangesien hulle drie-eenheidsleer onverstaanbaar is! 'n Stelling wat nêrens in die Skrif te vinde is nie.

# Hoofstuk 2

# Is Die “Heilige Gees” ’n persoon?

## 2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk het ten doel om te bepaal wat die Skrif ons wys in verband met die “Heilige Gees” (in hierdie skrywe verwys ons ook daarna as ”die Gees wat Afgesonderd is” aangesien die woord in Hebreeus wat gebruik word vir 'Heilig' eintlik beteken om afgesonderd te wees) teenoor wat die kerk leer dat dit ’n derde persoon is in die “drie-eenheidsdogma. Die waarheid moet ten alle koste gesoek en nagevolg word. Die hoof verwysingsbron vir dié doel ís en bly die Skrif wat ons glo jy ook verklaar as die enigste riglyn vir jou lewe. Saam met die Skrif gaan ons ook die geskiedenis, wat onbetwisbaar opgeteken is, ondersoek. Dit sal ook goed wees om na die reeks “Die Gees van God” op YouTube by “Padwlewe te kyk vir verdere verduideliking.
Wees verseker dat niemand vrygespreek gaan word as gevolg van onkunde nie! Jy sal nie kan sê “maar die kerk het my so geleer” nie. Kyk na die verdoemende Skrif in die verband:

**Rom 1:18** Die woede van God word daarom van die hemel af openbaar oor al die boosheid en onregverdigheid van die kinders van die mens, hulle wat die waarheid deur boosheid verhoed
**19** aangesien ’n kennis van God aan hulle openbaar is, want God het dit aan hulle openbaar. **Ps 97:6**
**20** Die geheime van God, asook Sy ewige krag en Goddelikheid, word van die skepping van die heelal af aan Sy skepsele in hulle intelligensie openbaar sodat hulle geen verskoning het nie **Ps 19:2-5; Yog 6:45; Hand 17:27; Tit 2:11**
**21** omdat hulle God geken het en Hom nie as God vereer, geloof en aanbid, **Ps 14:3** of Hom gedank het nie, **Deut 28:47; Ps 50:23; Dan 5:23; 1 Kro 16:27-29; Luk 17:18** maar gebrekkig geword het in hul redenering en hulle verstand, wil en emosie dof geword het, sonder begrip. **Efe 4:17-19**

**1 Kefa 4:5** Hulle sal rekenskap gee aan God, wat die lewende en die wat dood is, sal oordeel,
**6** want as gevolg hiervan het Hy ook aan die dooies die goeie boodskap verkondig sodat hulle in die vlees geoordeel kan word as mens, maar sal lewe deur God in die Gees,

**Heb 8:10** "Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra'el," sê יהוה: "Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees **Yir 31:31-34**

Hierdie verwysings is bewys dat daar geen verskonings, "genade" of kompromie met enige iemand aangegaan sal word oor onkunde nie omdat Hy 'n Regverdige God is. Jy het gesien wie God werklik is en God se opdragte baie duidelik en uitdruklik gekry en jy moet daarop reageer!

**2 Kefa 2:6** en deur die stede van S'dom en `Amorah tot as te verbrand, hulle veroordeel het tot uitwissing en as 'n voorbeeld gestel het vir hulle wat in die toekoms goddeloos sou wees; **Gen 19**

*Dr John MacArthur* se kommentaar hieroor is as volg: *"God sent an unmistakable message to all future generations that wickedness results in judgement"*. Hierdie *"wickedness"* sluit in byvoeging, weglating en verdraaiing van die Skrif soos onder andere hierdie en ander leringe van die kerk!

Mense neem net aan dat enigiets wat 'n "Christelike" konteks het se oorsprong van "Jesus" en Sy volgelinge is. Al wat ons moet doen is om dit te vergelyk met wat in die Skrif staan en jy sal sien dat dit nie naastenby die geval kan wees nie. Wat wys die duidelike Skrif- en historiese bewyse ons? Yeshua en die Nuwe Verbond skrywers waarsku dat verskeie ketter idees en leermeesters vorendag sal kom van binne die geledere van die vroeë kerk en dat dit van buite af met valshede infiltreer sal word. Moenie mislei word deur hulle begrippe soos: Hiervan kan afgelei word; - kan veronderstel word; - kan verstaan word; - hieruit word bepaal, nie. **Al hierdie begrippe is mense se opinies en is alles verdraaiings.**

**Mat 24:4** Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Pas op dat niemand julle mislei nie,

**Hand 20:29** Ek weet dat ná my vertrek, kragtige wolwe onder julle sal inkom wat geen omgee vir die kudde het nie. **Yog 10:13**
**30** Uit julleself sal daar manne opstaan wat verdraaide dinge praat om die studentevolgelinge weg te trek agter hulle aan;
**31** daarom moet julle waaksaam wees en onthou dat ek drie jaar lank nag en dag nie opgehou het om een en almal met trane te waarsku nie.

Bogenoemde is baie kragtige waarskuwings, net soos wat ons vind so vroeg as in:

**Dan 7:25** Hy sal woorde praat teen die Allerhoogste en planne maak teen die afgesonderdes van die Allerhoogste en beplan om vasgestelde tye en wette te verander en hulle sal in sy hand oorgegee word vir ’n tyd, tye en ’n halwe tyd, **Dan 11:36; Open 13:5**

Alles het net so tot vervulling gekom soos ons ook weldra uit die geskiedkundige bewyse sal sien! Daar is reeds verwys na die profesie aangaande die kruisiging en verwerping van God se wet en feeste en baie meer. Hierdie, en ander profesieë, is presies vervul en wys die egtheid van die Skrif. Hier kry ons profesieë wat nie net in die Skrif bewys word dat dit waar is nie, maar die geskiedkundige bewyse bevestig ook die egtheid van hierdie profesieë in die Skrif soos wat ons weldra sal sien!!

Die beste geskiedenisboek is die Boodskap van God - die volle waarheid! Hierdie God-geïnspireerde Boek gee vir ons die geskiedenis vooruit. Meer as 2600 jaar gelede het die profeet Yesha’yahu reeds weergegee wat ons vandag beleef, nl.

**Yes 59:14** Regverdige oordeel word teruggedraai en onpartydige opregtheid staan ver weg, want die waarheid struikel in die straat en opregtheid kan nie inkom nie.
**15** Ja, die waarheid kom kort en wie afwyk van die boosheid, maak homself ’n prooi.

Die vraag kom weer op soos in die hoofstuk “Yeshua - die Mens”: Hoe moet ek my vertroue in Die Enigste Lewende Skepper-God plaas as Hy as ’n “drie-eenheid”, wat nie in die Woord bestaan en wat nie bestaan het voor bykans vier eeue na Yeshua nie, verkondig word? Ons moet eerder die egtheid van die Skrif soek en aanvaar, in plaas van mensgebaseerde en heidense dogmas! Hoe openbaar Vader Homself in die Skrif? Dit en dit alleen is genoeg!
Daar is te veel mense wat hulle eie opinies het aangaande ’n Opperwese. (Dit is net opinies en nie Skrif nie.) Waar kom hierdie “opinies” vandaan? Alles is afkomstig van die basis wat jy gehoor het van ander en weereens hulle “opinies”. Wees gewaarsku, die wat byvoeg of wegneem uit die Skrif het verskriklike groot oordele wat wag op hulle, moet liewer nie na die volgende teksverwysings kyk nie, dit dra verdoemende gevolge:
**Deut 5:32; 12:32; Pred 3:14; Op 22:19.**
Misleiding is die byvoeging of weglating uit God se Woord, soos hierdie dogma, die kinderdoop, Paasfees, Kersfees en ’n magdom meer, te veel om op te noem.

Soos in bewyse uit die geskiedenis (wat ook nie vervals kan word nie) gesien kan word in die Hoofstuk oor die drie-eenheid, dat die dogma aangaande die drie-eenheid nie net vreemd was vir die Nuwe Verbond skrywers nie, maar wel eers eeue daarna uitgedink, saamgestel en afgedwing is deur wetgewing!

Dit bring ons by die volgende vraag:

**Is die Heilige Gees 'n aparte entiteit / persoon volgens die Skrif?**

## 2.2 Wat leer die Skrif aangaande die Gees wat Afgesonderd is

Gelukkig hoef ons nie te gaan soek in die anale van die geskiedenis nie, want ons kry dit baie duidelik in die Woord opgeteken. Ons kan nie anders as om voor te begin nie, anders gaan ons belangrike inligting mis, soos gesien in die hoofstuk "Yeshua - die Mens". Die hele Skrif is mos jou Handleiding en nie net 'n vers hier en daar nie! Hiervoor gebruik ons weer verklarende verduidelikings uit Strongs se *"Hebrew-Greek Dictionary"* om te probeer verduidelik.

In al die Bybels wat ek het (KJV, NKJV, HSCB, ESV2011, NET2, NIV, CJB, MacArthur Study Bible, Interactive Dake's, 33/53 OAV, Bybel Nuwe Vertaling, Bybel in Praktyk en PWL) word dieselfde aangehaal nl. "die Gees van God" en nie 'n derde persoon nl. God die Gees nie. Daar is nie 'n enkele teks in die ganse Skrif wat na "God die Gees" as 'n derde persoon verwys nie.

*Gees H7307 רוּחַ rûach roo'-akh*
*From H7306; wind; by resemblance breath, that is, a sensible (or even violent) exhalation; figuratively life, anger, unsubstantiality; by extension a region of the sky; by resemblance spirit, but only of a rational being*

Hierdie woord "Gees" beteken "asem" of "wind"; 'n onsienlike krag en is 'n gewone selfstandige naamwoord ('n soortnaam!). Kyk wat leer die Nuwe Verbond ons in die geval, want Skrif moet Skrif verklaar!

**2 Kor 3:17** יהוה is die Gees en waar die Gees van יהוה is, daar is vryheid.
**18** Meer nog, almal van ons, met onbedekte gesig, sien die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה soos in 'n spieël en word voortdurend verander na Sy beeld, tot meer en meer van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid, deur יהוה, die Gees.

**Yog 4:24** God is Gees en dit is toepaslik dat hulle wat Hom aanbid, in Gees en waarheid aanbid."

As die Woord wys dat God Gees is en ons ook sien dat God ’n Gees het, moet ons nie iets in die Skrif inlees wat nie daar staan nie! Nêrens kry ons die begrip van “God die Gees” soos in ’n ander entiteit nie, maar wel, “die Gees van God”. Sou ons kyk na die volle Woord van God, kry ons duidelike bewyse dat dit nie ’n persoon is nie, maar ’n verwysing na God se Goddelike krag en werking. Die Skrif kan nie op die een plek een ding sê en op ’n ander plek iets verskillend nie, anders weerspreek die Woord ditself!

**Mig 3:8** Aan die ander kant is ek vol krag, met die Gees van יהוה en met regverdige oordeel….

**Z’kh 4:6** ….“Dit is die woord van יהוה aan Z’rubavel, wat sê: ’nie deur mag of deur krag nie, maar deur My Gees,’ sê יהוה-Tzva’ot.

Kyk na die wonderlike gevolge in die aankondiging! ’n Engel bring die tyding aan Miryam:

**Luk 1:35** Die boodskapper antwoord haar en sê: “Die Gees wat Afgesonderd is, sal oor jou kom, die wonderwerkende krag van Ha’Elyon (die Allerhoogste) sal op jou rus en daarom sal die Afgesonderde wat uit jou gebore word, Seun van God genoem word.

Kyk mooi, hierdie wonderwerkende krag van Ha’Elyon (die Allerhoogste) is die Krag waarmee Vader werk. Geen derde “persoon” nie! Die volgende tekse bevestig presies wat die “aksie” na verwys.

**Yeg 36:27** Ek sal My Gees in julle sit en julle in My instellings laat loop en julle sal versigtig wees om My wette na te kom.

**Rom 8:5** Hulle wat in die vlees is, word deur daardie vlees beheer, maar die wat van die Gees is, word deur daardie Gees beheer, **Yog 3:6**

**Rom 8:11** en as die Gees van Hom wat ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een uit die dood uit laat opstaan het, in julle bly, dan sal Hy wat Yeshua, Die Gesalfde Een uit die dood laat opstaan het, ook aan julle dooie liggame lewe gee deur Sy Gees wat in julle bly. **Yeg 37:14**

Dit is baie duidelik dat, indien “die Gees van Hom wat ....., in julle bly (Vader se Gees) dit nie ’n ander “persoon” kan wees nie! Dit kan nie ’n derde persoon wees, nl. God die Heilige Gees nie. Kyk na die volgende vers wat dit baie duidelik stel nl. “die effektiewe aksie van Sy krag

**Efe 1:19** en wat die oorvloedige grootheid van Sy wonderwerkende krag is, in ons wat vertrou, volgens die effektiewe aksie van Sy krag

**20** wat Hy gewerk het in Die Gesalfde Een toe Hy Hom uit die dood uit opgewek het en Hom laat sit het aan Sy regterhand in die hemel,

**Luk 24:49** Ek sal die Belofte van My Vader oor julle stuur, maar julle moet in die stad Yerushalayim bly totdat julle aangetrek is met wonderwerkende Krag van Bo."

As dit gebeur in my lewe is ek 'n blyplek vir "God se Gees" in my . Soos gesien kan word, kan 'n "persoon" "nie **oor** julle gestuur" word nie!
**(2 Kor 3:17-18)**

Een van die belangrikste probleme met die drie-eenheidsleer is dat hierdie dogma die mens se begrip verblind oor die belangrike rol van God se Gees as die krag van God. Vals leerstellings moet verwerp word om die korrekte begrip van die wonderlike waarheid wat die Woord ons wys aangaande die Gees wat Afgesonderd is te verstaan! Sha'ul verwys hierna as 'n Gees van krag:

**2 Tim 1:7** want God het ons nie 'n Gees van vrees gegee nie, maar van krag, liefde en dissipline.

Sha'ul bid vir die "afgesonderdes wat getrou bly in Yeshua" in **Efe 1:1-17,** dat Vader hulle die Gees van wysheid en openbaring sal gee.

**Efe 1:17** sodat die God van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, die Vader van eer, lof en aanbidding, aan julle die Gees van wysheid en openbaring mag gee saam met kennis van Hom

**Rom 8:11** en as die Gees van Hom wat ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een uit die dood uit laat opstaan het, in julle bly, dan sal Hy wat Yeshua, Die Gesalfde Een uit die dood laat opstaan het, ook aan julle dooie liggame lewe gee deur Sy Gees wat in julle bly. **Yeg 37:14**

**Efe 2:22** terwyl julle ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees.

Lyk dit vir jou of Sha'ul in enige van sy briewe ooit probeer leer het dat die Gees deel is van 'n drie-eenheid? Al bogenoemde verwysings is baie duidelik, nie God die Gees nie, maar Die Gees van God. 'n Absolute onbetwisbare stelling. Hierdie krag het die ganse skepping tot stand gebring en onderhou dit steeds. Wat meer is, soos gesien kan word, is hierdie krag ook vir ons beskikbaar as Sy kinders! Sou 'n opdrag een keer vermeld word in die Skrif is dit genoegsaam om te gehoorsaam, maar indien dieselfde onderwerp 'n

tweede en selfs meer kere herhaal word, is dit nie des te meer so nodig om die erns daarvan te besef nie? Kyk weer na **Efe 1:19** en vergelyk dit met **Rom 8:11**!! Is Sy Gees in jou? God is Die Gees wat dan in jou is! Dit maak nie van my "God" nie. **Dit bevestig my kindskap!**

> **Hand 1:8** maar wanneer die Gees wat Afgesonderd is oor julle kom sal julle krag ontvang en julle sal My getuies wees in Yerushalayim en in die hele Y'hudah en ook in Shomron en tot by die grense van die aarde."

Hoe kan Yeshua so 'n aanhaling maak sou daar 'n drie-eenheid bestaan?

> **Hand 10:38** aangaande Yeshua van Natzeret, wat God gesalf het met die Gees wat Afgesonderd is en met krag. Hy het rondgegaan en almal genees wat onderdruk was deur die Bose een omdat God in Hom was.

As Yeshua God was, hoekom moet Hy gesalf word met die Gees, aangesien God Gees is? Hy het dus die volheid van die Gees?

> **Luk 4:14** Yeshua het in die krag van die Gees na die Galila teruggegaan en 'n verslag oor Hom het deur die hele streek uitgegaan.

Dus is die doel van die Gees in ons, duidelik in bogenoemde verwysings. Dieselfde krag het Yeshua in staat gestel om baie wonderwerke op aarde te doen tydens Sy lewe. So het Vader dan ook deur Sha'ul gewerk:

> **Rom 8:9** maar julle is nie in die vlees nie, maar in die Gees, as die Gees van God waarlik in julle bly, maar as iemand die Gees van Die Gesalfde Een nie het nie, behoort hy nie aan Hom nie.

Kyk baie mooi, hier bevestig Sha'ul dat dit **die Gees van God** is en nie "God die Gees," 'n derde persoon nie, maar die krag waarmee Vader ons lewens vernuwe en **Sy Gees wat waarlik in ons bly**.

> **Rom 15:19** deur die krag van tekens en wonderwerke en deur die krag van die Gees van God,

Kyk na die volgende erkening in die verklaring van die "*New Catholic Encyclopedia (1965, Vol. 13, "Spirit of God," pp. 574-576)*:

*"The Old Testament clearly does not envisage God's spirit as a person . . . God's spirit is simply God's power. If it is sometimes represented as being*

*distinct from God, it is because the breath of Yahweh acts exteriorly . . The majority of NT [New Testament] texts reveal God’s spirit as something, not someone; this is especially seen in the parallelism between the spirit and the power of God”*

Die *“Catholic Dictionary” (William Addis and Thomas Arnold, 2004, “Trinity, Holy,” p. 827)* erken soortgelyke opmerkings:

*“On the whole the New Testament, like the Old, speaks of the spirit as a divine energy or power”*

Hierdie verwysings moet genoeg wees vir hulle wat die drie-eenheidslering ondersteun, om te sien hoe vals die Roomse leer is: Aan die een kant definieer hulle “die Gees as “God se Gees, nie afsonderlik van Hom, en tog word die Gees as ’n aparte “persoon gesien met verwysing tot die drie-eenheids leerstelling! Soos gesien kan word, is die Woord baie duidelik oor die Gees.

Dit is die absolute natuur van die Goddelike teenwoordigheid en uitdrukking van God se krag wat aktief in Sy diensknegte werk, nie ’n aparte entiteit nie! Die volgende vers stel dit onomwonde dat Sy kinders deel het aan hierdie Goddelike natuur (Belofte), met die uitdruklike voorwaarde: wanneer julle vlug van die korrupsie van die begeertes wat in die wêreld is.

**2 Kefa 1:4** Hy wat deur hierdie groot en kosbare verklarings aan julle gegee het **om deel te wees aan hierdie Goddelike natuur** wanneer julle vlug van die korrupsie van die begeertes wat in die wêreld is.

In der waarheid is dit **deur God se Gees dat Hy alomteenwoordig is** oral op dieselfde tyd! Kyk na een van Vader se Karaktereienskappe:
Hy is יהוה Shamah – Yahua is hier (en oral).

**Hand 17:27** sodat hulle God kon soek en navraag doen en Hom deur Sy skepping kon vind, want Hy is nie ver van elkeen van ons af nie, **Rom 1:20**

**Ps 139:7** Waar sou ek heengaan **van U Gees af**, of waarheen sal ek vlug van U Teenwoordigheid af?

Dit word nie gesê van “die Gees” as ’n derde, afsonderlike “persoon,” nie, maar van “die Gees van God af!!

## In die Bybel word Die Gees as volg aangegee:

- die Gees van God - **Gen 1:2; 1 Sh'm 19:20; Mat 3:16**.
- die Gees in Die Gesalfde Een - **Rom 8:9-11; Fil 1:19.**
- die Gees van Wysheid - **Eks 28:3; Efe 1:17.**
- die Gees van Afsondering - **Ps 51:13; Yes 63:11; Mat 1:18.**
- die Gees - **Num 11:25; 1 Kron 12:18; Luk 1:80.**
- יהוה se Gees - **Num 11:29.**
- die Gees van יהוה - **Rig 3:10; 1 Sh'm 16:14; Luk 4:18.**
- U goeie Gees - **Neg 9:20.**
- Gees van oordeel en die Gees van suiwering - **Yes 4:4; 28:6.**
- die Gees van wysheid en begrip, die Gees van raad en krag, die Gees van kennis en van die respekvolle vrees van יהוה - **Yes 11:2.**
- Gees van onverdiende guns en smekinge - **Z'kh 12:10; Heb 10:29**.
- die Gees van julle Vader - **Mat 10:20.**
- die Gees van Waarheid - **Yog 14:16; 1 Yog 4:6**.
- die Trooster - **Yog 15:26.**
- Gees van Afgesonderdheid - **Rom 1:4**.
- Gees van die Lewende God - **2 Kor 3:3.**
- Die Bevryder
- Die Lewegewer
- Die Bevryder en Lewegewer, gestuur van Vader se Teenwoordigheid en Hy wat van die Teenwoordigheid van Vader af uitgaan - **Yog 14:26; 15:26**

Al hierdie is nie afsonderlike Name nie, maar die Karakterbeskrywing van die Een Gees van יהוה: God se Gees. Daar is net een. Daar is nie verskillende Geeste van God nie, maar net een. Alle ander geeste is nie van Hom nie, maar van die bose. Dit is daarom dan ook belangrik dat ons kyk na die stelling in die Skrif oor die sewevoudige Gees van God.

## 2.3 Die Sewevoudige Gees van God die Vader

Vader se identiteit word dan ook saamgevat in die volmaakte getal sewe. **In hoofstuk 11 van Yesha’yahu** kry ons die bekende profesie wat ons ’n unieke bekendstelling gee aan die sewe afsonderlike fasette van Sy Afgesonderde Gees wat Hy ook aan Die Gesalfde Een sou gee! Hierdie eienskappe vorm die sewevoudige kern of wese van die Gees wat Afgesonderd is!

> **Yes 11:1** Dan sal ’n Loot **[Mat 2:23]** uitspruit uit die stomp van Yishai en ’n Tak vanuit sy wortels sal vrugte dra. **[Open 5:5]**

> **Yes 11:2** Die Gees van יהוה (1) sal op Hom rus, die Gees van wysheid (2) [Luk 2:52] en begrip, (3) die Gees van raad (4) en krag, (5) die Gees van kennis (6) en die respekvolle vrees van יהוה.(7) [Open 4:5]

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | הָוקְי_חוּר | ruaḥ יהוה | - die Gees van יהוה |
| 2. | רוּח חכטה | ruaḥ hohma | - die Gees van wysheid |
| 3. | וּבִינָה | ruaḥ vina | - die Gees van begrip |
| 4. | רוּחַ עֵצָה | ruaḥ etza | - die Raadgewende Gees |
| 5. | וּגְבוּרָה | ruaḥ gevura | - die Gees van krag |
| 6. | רוּחַ דַּעַת | ruaḥ da'at | - die Gees van kennis |
| 7. | הָוקְי תאַרִיְ | ruaḥ yirat | - die respekvolle vrees van יהוה |

Is hier enige sprake van sewe "Geeste"? Nee, allermins nie, dit is eenvoudig die volheid van die Gees wat Afgesonderd is! Alles is eienskappe van die volheid van die Gees wat Afgesonderd is van יהוה wat in Yeshua is. Let asb. op dat Yeshua ook die Gees van die respekvolle vrees van יהוה gekry het. Sou Hy "co-equal" gewees het aan Vader, waarom sou Hy toegerus word met Vader se Gees?? In die volgende vers word baie duidelik gewys dat Vader Yeshua onskuldig verklaar het, waarom? Hy het as mens presies Vader se wil gedoen! **(1 Tim 3:15-16)**

> **1 Tim 3:16** Waarlik groot is hierdie Geheimenis van onpartydige opregtheid, wat openbaar is in die vlees, **onskuldig verklaar is in die Gees,** verskyn het aan engele, verkondig is onder die nasies, vertrou is in die wêreld en Hy (Yeshua) het opgegaan in eer, lof en grootheid.

> **Rom 8:9** maar julle is nie in die vlees nie, maar in die Gees, as die Gees van God waarlik in julle bly, maar as iemand die Gees van Die Gesalfde Een nie het nie, behoort hy nie aan Hom nie.

Kyk mooi, ek het nie "God" geword volgens die vers nie, maar sal leef deur die Gees van God wat in my is en ek behoort aan Hom! (Bevestiging van Kindskap).

Hierdie Gees van God in Yeshua is en bly dieselfde Gees wat ook in ons is en werk ook deur Yeshua soos wat Hy in en deur ons werk!

> **Fil 1:19** want ek weet dat hierdie dinge vir my tot lewe gevind sal word deur julle gebed en **deur die geskenk van die Gees van Yeshua**, Die Gesalfde Een, [Iyov 13:16]

**1 Kor 12:13** want ons is ook **almal deur een Gees gedoop tot een liggaam**, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink,

**Efe 4:4** sodat julle **in een liggaam en in een Gees sal wees**, net soos toe julle geroep is in een versekerde verwagting van julle roeping,

As Sha’ul hier verwys na “in een liggaam en in een Gees” het ek weereens nie “God” geword nie maar dat ek moet word soos wat Hy ons geskep het volgens **Gen 1:27.**

**Gen 1:27** God het die mens geskep na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskep;

Yeshua lei en help ons om Vader se kinders te word en deel te hê aan die Goddelike natuur en aan Sy Koninkryk. **(Tit 3:5-6: Yog 15:26)**

**2 Kefa 1:4** Hy wat deur hierdie groot en kosbare verklarings aan julle gegee het om **deel te wees aan hierdie Goddelike natuur** (Belofte) wanneer julle vlug van die korrupsie van die begeertes wat in die wêreld is. (Voorwaarde)

**Rom 8:14** want dié wat **deur die Gees van God** gelei word, dié is kinders van God. (Nie God die Gees, ’n derde persoon, nie!)

Deur al hierdie Skrifgedeeltes sien ons die verskillende werkinge **van die een Gees van God.**

## 2.4 Die Gees wat Afgesonderd is – Die Teenwoordigheid van God

Die Skrif wys telkemale dat die “Gees” die krag van God is en is verseker nie “God die Gees as derde persoon” nie, maar wel ’n wesenlike aspek van God self – waardeur die Vader en Yeshua, wat die inwoning van die Gees ontvang het, beide werk. Dit is die Goddelike inspirasie en die lewe wat deur die Gees wat Afgesonderd is, beheer word.

In ’n artikel vanuit die *“The Anchor Bible Dictionary: “Holy Spirit” (Vol. 3, 1992, pp. 260).* word as volg geskryf:

*“manifestation of divine presence and power perceptible especially in prophetic inspiration”*

Ons het verwys daarna **(2 Tim 3:15-16)** dat die Gees wat Afgesonderd is Bybelskrywers geïnspireer het om te skryf. Nou die vraag: Sou dit so wees, en dit was verseker so, hoe kon Agur die volgende vraag vra?:

> **Spr 30:4**? Wie het die wind in Sy vuiste versamel? Wie het die waters in 'n doek vasgebind? Wie het al die grense van die aarde vasgestel? Wat is Sy Naam (Karakter en Outoriteit) en wat is die Naam (Karakter en Outoriteit) van Sy Seun, as jy weet?

Met bogenoemde versekering dat die Gees Bybelskrywers geïnspireer het, waarom noem Agur net Vader en Seun en wend nie 'n poging aan om die "Heilige Gees" se "Naam" by te voeg nie? Of sou die "Heilige Gees" dan 'n fout gemaak het om Hom nie self by te voeg as die "derde persoon" nie? Nêrens kry ons dan ook 'n "amptelike naam" vir die Gees in die Skrif, sou hy 'n persoon wees nie! Sou die Goddelike wese "drie" wees, waarom die verwysing na net twee? By hierdie en vele meer verwysings in die Skrif, waar die geleentheid daar was, ontbreek dit telkens om die bevestiging van die Gees as derde persoon te bewys!! Die Skrif wys daarteenoor herhaalde kere dat God aan Sy profete geestelike inspirasie gegee het deur Sy Gees. Kefa stel dit ook as volg:

> **2 Kefa 1:21** want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens gebring nie, maar wanneer **deur die Gees wat Afgesonderd is beweeg,** het die afgesonderde mense van God gepraat.

> **Efe 3:5** wat in ander generasies nie aan die kinders van die mens bekend gemaak is soos dit nou **aan Sy afgesonderde afgevaardigdes en profete openbaar word deur die Gees nie**:

> **1 Kor 2:13** Dit wat ons ook oor praat, nie met argumente wat die menslike wysheid leer nie, **maar met dié wat die Gees wat Afgesonderd is leer** sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk.

Waarom is dit so belangrik dat jy tot bekering moet kom, geestelik weergebore word en dan eers gedoop word? Eenvoudig omdat jy moet oorgee – vertroue plaas in (nie net glo in, nie) Yeshua, Die Gesalfde Een en jy die geskenk van die Gees wat Afgesonderd is kan ontvang, dan vind plaas wat die volgende vers wys:

> **Kol 1:27**….. dit is, **Die Gesalfde Een wat in julle is**, die versekerde verwagting van ons eer, lof en grootheid;

Die gevolg is dan dat ons deur die **invloed en werking van God se Gees** toelaat dat Die Gesalfde Een (die amp / aanstelling wat Yeshua, die mens,

ontvang het) in ons leef. Die wonder volg dan dat die kind van Vader nie net verteenwoordig is in die hemel deur Yeshua nie, maar die versekering het van daardie verteenwoordiging!

> **Efe 2:6** en ons saam met Hom opgewek en ons saam met Hom laat sit in die hemel, in Die Gesalfde Een, Yeshua,

Kyk hoe stel Sha'ul dit nadat hy die Gees wat Afgesonderd is ontvang het:

> **Gal 2:20** Ek is saam met Die Gesalfde Een gekruisig en van toe af aan is dit nie meer ék wat self leef nie, maar Die Gesalfde Een leef in my. Die lewe wat ek nou in die menslike natuur leef, leef ek in die natuur van die Seun van God, wat my liefgehad het en Sy lewe vir my gegee het. **Rom 1:20**

Om simbolies begrawe te word saam met Yeshua in die "watergraf" van die doop, verklaar Sha'ul dan dat hy leef nou nie meer sy eie lewe nie. So verklaar hy dan sy "geestelike wedergeboorte" as 'n lewe wat hy oorgegee het (vertroue plaas in) sodat Die Gesalfde Een in hom kan leef. Dit is presies hoe ons Vader tevrede stel deur Sy Seun na te volg. Geen wonder dat Sha'ul ons ernstig as volg aanspoor nie:

> **1 Kor 11:1** Word my nabootsers, net soos ek ook Die Gesalfde Een naboots. **1 Kor 4:16**

Hy gaan dan voort:

> **Fil 2:5** Hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Die Gesalfde Een, Yeshua, is,

Ons kan nie 'n wedergebore lewe van gehoorsaamheid leef aan Vader en soos Yeshua word, deur my eie pogings nie. Dit kan alleenlik plaasvind deur die Krag van die Gees wat Afgesonderd is in my. Om navolgers van Yeshua te word moet ons Vader se hulp deur Sy Gees vra sodat ons Hom met respekvolle vrees kan gehoorsaam. Ons moet toelaat dat Die Gees wat Afgesonderd is die Gids word in ons lewens. Dit is noodsaaklik dat ons gereeld onsself moet ondersoek of ons werklik deur die Gees van God gelei word of staan ons Hom teë? Ons ontvang hierdie Goddelike krag en hulp deur Sy Gees, nie vanaf 'n "derde persoon nie.

Wat doen die Gees wat Afgesonderd is vir ons as kinders van God? Hierdie vraag affekteer / beïnvloed my hele wese en geestelike vertroue, want sonder die Gees kan ons geen verhouding hê met die Vader nie. As Vader se kinders, het ons deur wedergeboorte (nie bekering nie) Sy Gees in ons. **(Rom 8:14-17).**

Dit is uiters noodsaaklik dat ons moet weet en verstaan wat dit beteken “om deur die Gees gelei te word”. Die Gees dryf, trek of stoot ons nie, dit “lei” ons, MAAR, ons moet gewillig volg en elke keer die keuse maak! Met respek gesê, ‘Ons word nie rond geskuif op God se skaakbord nie’! Dit is my verantwoordelikheid, dit is nie uit “genade” nie. Dit is uit 'genade' dat Vader vir ons die geleentheid gee om te kies nadat ons dit nie verdien het nie. God se “genade” red niemand nie!

Soos wat ons in die Skrif kon sien, is die Gees van God by en in die kind van God waar Hy in en deur ons werk. Hy is naby ons:

**Deut 4:7** want watter groot nasie is daar wie **se god so naby aan hulle is soos יהוה, ons God, aan ons is,** wanneer ons ook al na Hom roep?

**Yir 23:23** Ek is ’n God wat naby is,” verklaar יהוה, “en nie ’n God wat ver is nie.

## 2.5 Hoe lei Die Gees wat Afgesonderd is, ons?

God se Gees leer en werk in ons lewe en bring ons in kontak met Hom deur middel van Die Gees van kennis. ( רוח דעת ruaḥ da’at)

**1 Yog 3:24** en wie ook al Sy (God) opdragte uitvoer, word deur Hom beskerm en Hy bly in hom. Hieraan weet ons dat Hy in ons bly: aan die Gees wat Hy ons gee.

Hierdie verwysing is so ’n belangrike teks, omdat ons hier presies sien Wie en Wat is die Gees wat Afgesonderd is met geen verwarring of enige twyfel dat dit die “sogenaamde” derde persoon kon wees nie. Dit is ’n baie sterk bewys dat Vader deur Sy Gees in ons bly; dus, Yoganan leer ook nie ’n derde persoon in die Gees nie!

**Yog 14:17** Hy is die Gees van die Waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie omdat dit Hom nie gesien het of Hom geken het nie, **maar julle ken Hom omdat Hy by julle bly en in julle is**.
**(Gen 41:38; Num 11:17-29; Rig 6:34)**

**Yog 14:26** maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees wat Afgesonderd is, wat My Vader in My Karakter en Outoriteit sal stuur, **sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het**.
**(1 Yog 2:27; Efe 1:23-2:1; 3:17-19)**

Bogenoemde is ons versekering van kindskap. Deur gehoorsaam te wees leer ons Vader se wil en onderwerp ons onsself aan Sy opdragte en **bly Hy in ons deur Sy Gees** en beskerm Hy ons.

> **Yog 14:15** As julle My lief het, voer voortdurend My opdragte uit.
> **(Deut 7:9; 31:16; Ps 91:14; Yog 15:14; Open 14:12; 22:14)**

> **Yog 16:13** maar wanneer Hy, die Gees van die Waarheid, gekom het, sal Hy julle in die hele waarheid lei, want Hy sal nie uit Homself praat nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy sê en die toekoms aan julle openbaar. **Iyov 32:8; 1 Tim 1:16**

Die verse impliseer glad nie dat ek nou maar uit "genade" "bekeer en parkeer is nie. Die Gees help ons deur wedergeboorte om tot 'n dieper begrip te kom van die waarheid en gehoorsaamheid aan Sy opdragte wat ek moet uitvoer.

God se Gees gee 'n dieper begrip van Sy Woord aan Sy kinders.

> **1 Kor 2:9** maar soos geskrywe is: "Die oog het nie gesien en die oor het nie gehoor en dit het nie in die gedagtes van 'n mens opgekom, dít wat God voorberei het vir dié wat Hom lief het nie." **Yes 52:15; 64:3,4**
> **10** God het dit aan ons deur Sy Gees openbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God,
> **11** want wie ken die innerlike van die mens, as dit nie die gees van die mens is wat in hom is nie? Net so weet ook niemand wat ín God is nie, behalwe die Gees van God,

Sonder die Gees wat Afgesonderd is, kan niemand God se wil en Sy Woord verstaan nie.

> **1 Kor 2:14** Die natuurlike mens aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie, want dit is vir hom dwaasheid en hy kan dit nie verstaan nie omdat dit deur die gees onderskei word,

> **Rom 8:26** Net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie wat nodig is, waarvoor ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitgesproke kreuninge

Kyk hoe kom die Gees van God ons as wedergeborenes se swakhede te hulp en help ons om dit te oorkom. Sha'ul stel dit as volg as jy die inwonende Gees het!

> **Fil 4:13** want ek is kragtig opgewasse teen alles, deur Die Gesalfde Een wat my krag gee.

Dieselfde bevestiging kom ook voor in **Mat 19:26 en Mar 10:27.** Die kind van God is geestelik herskep (wedergeboorte, nie bekering nie) en ek moet weet dat as ek opgestaan het vanaf die "watergraf" ek nie weer moet terugdraai nie.

> **Rom 12:2** en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

Hierdie geestelike wedergebore kind van God moet groei in hierdie gesindheid:

> **Fil 2:5** Hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Die Gesalfde Een, Yeshua, is,

Die Gees van God oortuig my van sonde en help my om sonde te sien vir wat dit is:

> **Yog 16:8** Wanneer Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig aangaande sonde, aangaande onpartydige opregtheid en aangaande oordeel:

God se Gees werk in ons en help ons om sonde raak te sien en dit te vermy:

> **Gal 5:22** Die vrugte van die Gees is liefde, blydskap, vrede, geduld, sagte omgee, goedheid, vertroue,
> **23** nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge is geen wet in plek nie,
> **24** maar dié wat aan Die Gesalfde Een behoort, het die menslike natuur met al sy passies en begeertes gekruisig.

Soos gesien kan word bring Die Afsonderde Gees spesifieke tipes vrugte voort in 'n mens se lewe. Soveel te meer moet ons groei tot geestelike volwassenheid:

> **2 Kefa 1:3** As die Een wat vir ons al daardie dinge deur Sy lering gegee het, (Yeshua) wat vanuit die Goddelike krag is, saam met die lewe en die aanbidding van God, (Vader) het Hy ons geroep in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en Grootsheid;
> **4** Hy wat deur hierdie groot en kosbare verklarings aan julle gegee het om **deel te wees aan hierdie Goddelike natuur** wanneer julle vlug van die korrupsie van die begeertes wat in die wêreld is.
> **5** Daar is nog dit: wanneer julle met ywer alles gebring het, voeg by julle vertroue, goedheid en by die goedheid, kennis

**6** en by die kennis, volharding en by die volharding, geduld en by die geduld, respekvolle vrees vir God
**7** en by die respekvolle vrees vir God, liefdevolle omgee vir die broers en by die liefdevolle omgee vir die broers, liefde,
**8** want as julle hierdie dinge het en dit meer word, is hulle nie leeg of onvrugbaar in julle nie, maar vestig dit julle in die leringe van ons Meester Yeshua, Die Gesalfde Een.
**9** Hy wat hierdie dinge nie het nie, is blind en het vergeet van die reiniging van sy vorige sondes.
**10** Aangaande dit, broers, doen moeite om julle roeping en verkiesing seker te maak deur goeie dade, want wanneer julle hierdie dinge doen, sal julle nooit val nie,
**11** want só word daar ryklik **vir julle ingang gegee in die ewige Koninkryk** van ons Meester en Verlosser, Yeshua, Die Gesalfde Een.

Hierdie dinge is die Goddelike natuur wat deel moet wees van ons lewens en onmoontlik is sonder die werking van die Gees in ons.

**Yog 14:16** Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle ’n ander Bevryder en Lewegewer gee om by julle te bly tot in ewigheid.

Hierdie Bevryder en Lewegewer is beskikbaar deur God se Gees (יהוה ruah) wat in ons woon.

**Rom 8:28** Ons weet dat, vir hulle wat God lief het, **Hy hulle in alles help tot die goeie**, vir hulle wat Hy afgesonder het om geroep te word,

Ons het die versekering dat wat ookal gebeur, **dit is God se wil vir Sy kinders**! God-die-Vader sal die waarheid openbaar aan wie Hom dien in respekvolle vrees en in waarheid sodat ons deur die Gees wat Afgesonderd is gelei kan word!

Yeshua stel dit aan Sy volgelinge dat Vader die Gees wat Afgesonderd is sal stuur:

**Yog 14:26** maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees wat Afgesonderd is, wat My Vader in My Karakter en Outoriteit sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.
**(1 Yog 2:27; Efe 1:23-2:1; 3:17-19)**

Dit is deur God se Gees in ons waardeur ons geestelike insig en begrip verkry. Dit is inderdaad so dat ons Die Gesalfde Een se gedagte sal ontvang:

**1 Kor 2:16** "Want wie het die gedagtes van יהוה geken dat hy Hom sou kon leer?" Ons hét egter die gedagtes van Die Gesalfde Een

'n Baie belangrike teks, want dit verwys na die handelinge van die Gees wat nie 'n "derde persoon" kan wees nie!

## 2.6 Die "nie-persoonseienskappe" van die Gees

Die Gees wat Afgesonderd is word dan ook na verwys as 'n "geskenk" en wat Vader sonder mate gee, wat hoegenaamd nie 'n persoon / wese kan wees nie! Die stelling dat 'n mens 'n "persoon in mate" gegee kan word, is alles behalwe normale denke. Hou in gedagte dat "God is Gees" en is Alomteenwoordig, dan sal hierdie begrip makliker verstaan word!

**Hand 10:45** en die broers vanuit die besnydenis, wat saam met Shim'on gekom het, was verstom en verbaas dat **die geskenk van die Gees** wat Afgesonderd is ook oor die ander nasies uitgestort is,

**Yog 3:34** want Hy (Yeshua) wat deur God gestuur is, bring die boodskappe van God, want God het **nie Sy Gees in mate gegee nie**. **(Kol 2:9)**

Hierdie vers wys geensins dat die Gees 'n derde persoon kan wees nie.

Die Gees wat Afgesonderd is, is in Sy volheid uitgestort op mense, nie in 'n gedeelte hier en daar nie!

**Hand 2:17** 'Dit sal gedoen word in die laaste dae, sê God: Ek sal My Gees **uitstort op alle mense** en julle seuns en julle dogters sal profeteer en julle jongmense sal visioene sien en julle oumense sal drome droom
**33** Hy is tot by die regterhand van God verhoog en het van die Vader 'n belofte aangaande die Gees wat Afgesonderd is ontvang en dít uitgestort, wat julle nou hier sien en hoor,

Hierdie verse wys ook presies wat ons vroeër in die skrywe weergegee het met een van Vader se Karaktereienskappe nl. Hy is יהוה-Shamah – Yahuah is hier (en oral).

Ons word ernstig gewaarsku dat ons die Gees wat Afgesonderd is kan uitblus.

**1 Thes 5:19** Blus die Gees nie uit nie.

Ons word gedoop in Sy Gees.

**Mat 3:11** Ek doop julle in water sodat julle van die sonde kan wegdraai na God toe, maar die Een wat ná my kom, Wie se sandale ek nie eens waardig is om uit te trek nie, is kragtiger as ek. **Hy sal julle doop in die Gees** wat Afgesonderd is en in vuur.

**Heb 6:4** maar dit is onmoontlik vir dié wat eenmaal in die doop afgegaan het, die hemelse geskenk gesmaak het, die Gees wat Afgesonderd **is ontvang het**, **Mat 12:31-32; 2 Kefa 2:21**

Word in die Gees gedoop – nie daarmee nie! Met ander woorde, dit omvou en deurdrenk jou hele wese.
Dus kan 'n mens deel hê daarin en daarmee gevul word.

**Hand 2:4** en **hulle is almal volgemaak met die Gees** wat Afgesonderd is en het begin praat in verskillende tale, soos die Gees aan hulle gegee het om te praat. **Num 11:29; Yeg 39:29; Luk 24:49**

Die Gees van Afsondering vernuwe ons deur die doop.

**Tit 3:5** het Hy ons Lewe gegee; nie op grond van die dade van onpartydige opregtheid, wat ons gedoen het nie, maar deur Sy eie liefde, deur die wassing van die geboorte wat van bo af is en **deur die vernuwing van die Gees** wat Afgesonderd is; **Yog 3:3**

Die Gees moet opgewek word in ons.

**2 Tim 1:6** Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om **die gawe van God op te wek** wat, deur die oplegging van hande, in jou is,

Soos gesien kan word is genoemde nie karaktertrekke van 'n persoon nie. So word die Gees ook beskryf as die Gees van beloftes, die waarborg van ons erfenis en die Gees van kennis/wysheid en openbaring.

**Efe 1:13** sodat julle ook die boodskap van die waarheid, die goeie boodskap van julle redding deur Hom in Wie julle vertrou het, gehoor het en julle geseël is in die Gees wat Afgesonderd is, **wat belowe is,**
**14** wat die waarborg is van ons erfenis, tot die losprys van hulle wat gered is en vir die eer en lof van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid.
**17** sodat die God van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, die Vader van eer, lof en aanbidding, aan julle die Gees **van wysheid en openbaring** mag gee saam met kennis van Hom

Al hierdie eienskappe wys duidelik dat die Gees nie 'n afsonderlike persoon is nie, in kontras met die Vader en Yeshua wat wel vergelyk word in die vorm van 'n persoonlikheid.

Hierteenoor word na die Gees telkens verwys met verskeie simbole en manifestasies in 'n totale ander vorm soos bv.

"asem" **Yog 20:22;**
"vuur" **Hand 2:3**;
"duif" **Mat 3:16;**
"aan te trek" **Luk 24:49;**
"wind" **Hand 2:2**;
"olie" **Ps 45:7 (**vergelyk met **Hand 10:38; Mat 25:1-10)**
"te kan drink" **1 Kor 12:13;**

wat ook Sy seël op ons gesit het en die Gees as deposito in ons verstand, wil en emosie gegee het: **2 Kor 1:21-22; 5:5.**
Hoe kan 'afgelei' word dat die Gees 'n persoon is?

> **Mat 1:20** maar terwyl hy dit oorweeg het, verskyn daar 'n boodskapper van יהוה in 'n droom aan hom en sê: "Yosef, seun van Dawid, moenie bang wees om Miryam te vat as jou vrou nie, want Hy wat in haar verwek is, is van die Gees wat Afgesonderd is.

In bogenoemde verwysings kan daar geen twyfel wees dat die Gees wat Afgesonderd is, die Goddelike teenwoordigheid en krag is nie. Verder sien ons dat Yeshua nooit die Gees aangespreek het nie, maar net die Vader. Sha'ul se lering is dan inlyn met Yeshua se lering en handelinge. Sou Sha'ul, wat deur Yeshua self onderrig is **(Gal 1:11-12)** en die een wat letterlik die meeste van die teologiese leringe van die ware Kerk geskryf het, nie verseker het dat ook die konsep duidelik geleer word nie? Tog vind ons glad nie so 'n lering in sy geskrifte nie! Kyk maar na sy standaard groet in sy briewe aan die onderskeie gemeentes as ook aan indiwidue. Telkemale verwys hy na "God die Vader en van ons Meester, Yeshua Die Gesalfde Een". Net een keer het Hy verwys na die Gees wat Afgesonderd is soos breedvoerig bespreek is in die lering aangaande "Yeshua - die Mens"! Ook Kefa doen dieselfde in sy briewe. Kyk maar gerus na die volgende Skrifverwysings:
**Rom 1:7; 1 Kor 1:3; 2 Kor 1:2; Gal:1:3; Efe 1:2; Fil 1:2; Kol 1:2; 1 Thes 1:1; 2 Thes 1:1-2; 1 Tim 1:2; 2 Tim 1:2; Tit 1:4 en Filémon 3.**

Dit is ondenkbaar en onverstaanbaar dat hulle so 'n fout, brief na brief sou gemaak het as daar wel 'n sogenaamde derde persoon bestaan het.

## 2.7 Kan die Gees aangespreek word as "Hy" of "Hom"?

Na aanleiding van bogenoemde Skrifverwysings is dit taalkundig verkeerd. Daar is baie taalkundige ontledings en komplekse studies gedoen oor die onderwerp. John Schroeder se opsomming in *"Is God a Trinity* is, vir my, die mees omvattende:

> *Many people assume that the Holy Spirit is a divine person, like the Father and Jesus Christ, based on references to the Spirit as "he," "him" and "himself" in the New Testament. This confusion arises from two factors—the use of gender inflected pronouns in the Greek language (a difficult concept to understand for those who speak only English) and bias on the part of some translators. Greek, like the Romance languages deriving from Latin (Spanish, French, Italian, etc.), assigns a specific gender for every noun. Every object, animate or inanimate, is designated as either masculine, feminine or neuter. The gender is often unrelated to whether the item is indeed masculine or feminine. For example, in French the word "livre, meaning "book," is of the masculine gender and is referred to by a pronoun equivalent to the English "he" or "him." And in Spanish, mesa, or "table," is in the feminine.*
>
> *Clearly, although these nouns have gender, their gender does not refer to actually being male or female. In the English language, in contrast, most nouns that do not refer to objects that are male or female are referred to in the neuter sense, with the pronoun "it." We might note that in the Hebrew language, in which the Old Testament was written, the word translated "spirit," ruach, is referred to with feminine pronouns. But the Holy Spirit clearly is not female or a woman. In Greek, both masculine and neuter words are used to refer to the Holy Spirit.*
>
> *The Greek word translated "Counsellor," "Helper," "Comforter" and "Advocate" in John chapters 14 to 16 is parakletos, a masculine word in Greek and thus referred to in these chapters by Greek pronouns equivalent to the English "he," "him," "his," "himself," "who" and "whom." Because of the masculine gender of parakletos, these pronouns are grammatically correct in Greek. But to translate these into English as "he," "him," etc., is grammatically incorrect. For example, you would never translate a particular French sentence into English as "I'm looking for my book so I can read him." While this grammatical construction makes sense in the French language, it is wrong in English. In the same way, to suppose on this basis that the Holy Spirit is a person to be referred to as "he" or "him" is incorrect. Only if the parakletos or helper were known to be a person could the use of a gender-inflected pronoun justifiably be used in English. And the term parakletos certainly can refer to a person— as it refers to Jesus Christ in 1 John 2:1. Yet the Holy Spirit is nowhere designated with personhood. So personal pronouns should not be substituted for it.*

*Furthermore, there is absolutely no theological or biblical justification for referring to the term "Holy Spirit" with masculine pronouns, even in Greek. The Greek word pneuma, translated "spirit" (but also translated "wind" and "breath" in the New Testament) is a grammatically neuter word. So, in the Greek language, pronouns equivalent to the English "it," "its," "itself," "which" or "that" are properly used in referring to this word translated into English as "spirit." Yet when the King James or Authorized Version was produced (early in the 1600s), the doctrine of the Trinity had already been accepted for more than 1,000 years. So naturally the translators of that version, influenced by that belief, usually chose personal rather than neutral pronouns when referring to the Holy Spirit in English (see, for example, John 16:13-14; Romans 8:26). However, this wasn't always the case.*

*Notice that in some passages in the King James Version the translators did use the proper neuter pronouns. For example, Romans 8:16 says, "The Spirit itself [not himself] beareth witness with our spirit, that we are the children of God." Similarly, Romans 8:26 says "the Spirit itself [again, not himself] maketh intercession for us with groanings which cannot be uttered." In these cases the translators correctly used neuter pronouns because the Greek word pneuma, translated "Spirit," is neuter in gender. Another example is Matthew 10:20, where Jesus says: "For it is not ye that speak, but the Spirit of your Father which [not who] speaketh in you." Another is 1 Peter 1:11, which refers to "the Spirit of Christ which [again, not who] was in them." The King James Version translators did use the proper neuter pronouns in these verses. Regrettably, later English UBS translators of the Bible have gone further than the King James translators in referring to the Holy Spirit with masculine rather than neuter pronouns. Thus, the Holy Spirit is almost always referred to as "he" or "him" in the more modern versions. This reflects not linguistic accuracy, but the doctrinal bias or incorrect assumptions of Bible translators who wrongly believe the Holy Spirit is a person.*

*"Is God a Trinity? by John Ross Schroeder*

## 2.8 Die Gees is afwesig in die visioene van God se troon!

Sou ons kyk na die visioene van Vader se troon in die hemel volgens die Skrif, word net verwys na Vader en Yeshua wat gesien word, die "Heilige Gees" as persoon is opvallend nie teenwoordig nie!

**Hand 7:55** maar hy, vol van vertroue en die Gees wat Afgesonderd is, het aanhou kyk na die hemel en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God gesien en Yeshua wat staan aan die regterhand van God

**56** en hy het gesê: "Let op, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan."

Stefanus het nie "iemand" gesien soos die "Heilige Gees" nie! Dieselfde met Dani'el se visioen in **Dan 7:9-14**? In **Openbaring hoofstukke 4 en 5** en weer in **7:10** kry ons geen derde persoon nie!

**Open 7:10** en hulle het met 'n harde stem geroep en gesê: "Verlossing behoort aan ons God, aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam!"

Nêrens in die Skrif word daar na drie afsonderlike persone verwys nie. Sou Sha'ul geweet het van 'n "derde persoon", hoe kon hy dan as volg geskryf het?

**1 Kor 8:6** is daar vir ons een God-die-Vader, vanuit Wie alles is en ons is in Hom; een Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, want alles is deur Hom en ook ons is in Sy hand. **Yog 10:30; Yog 17:21; Rom 14:9**

**1 Yog 3:9** Almal wat uit God gebore is, doen nie sonde nie omdat Sy Saad in hom bly en hy kan nie aanhou sondig nie, want hy is uit God gebore.

Daar is geen sprake van 'n "derde persoon" in die vers nie. Onthou die Skrif is letterlik gedikteer deur die Gees, wat Vader self is. Wat meer is, is dat ons in Vader is! Maak dit nou dat ons ook "God" is omdat Hy verklaar dat Hy in ons is?? Ek herhaal – God ís Gees! Dit is Sy wese, Sy karakter, optrede en dit is ook wat in elke wedergebore kind van God teenwoordig moet wees. In welke mate dit na buite sigbaar is, is afhanklik van hoe die persoon oorgegewe leef in Sy wese, karakter en optrede.

יהוה is Gees, **(Yog 4:24)**, nie slegs 'n deel van Hom nie, Hy is Gees.

**2 Tim 3:16** Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir 'n kursus in onpartydige opregtheid

**Kol 2:2** sodat hulle verstand, wil en emosie vertroos en versterk mag word en hulle in liefde nader kan kom aan al die rykdom van die volle versekering en die insig van die kennis van die geheime van God-die-Vader en van Die Gesalfde Een,

Waarom is die "Gees" nie ingesluit in die vers nie?? Nêrens kry ons ook die opdrag om die Heilige Gees te aanbid of te verheerlik nie. Daar is geen Bybelse ondersteuning vir die drie-eenheids dogma waar dit oënskynlik moes gewees het nie. Ons moet nie aan tradisies vashou wat die Woord

weerspreek nie! Ons moet ons vertroue suiwer op God se Woord plaas en tradisies wat ons geleer is, wat nie volgens Skrif is nie, vergeet. Kyk wat sê Yeshua self hieroor:

> **Yog 17:17** Vader, sonder hulle af in U waarheid, want U boodskap is die waarheid. **2 Sh'm 7:28**

> **Mat 15:3** Yeshua antwoord en sê vir hulle: "Waarom oortree julle selfs die opdragte van God ter wille van julle tradisionele wet?

## 2.9 Is daar Skrif bewyse vir 'n "derde persoon?

Bestaan daar enige Skrifverwysings wat die "drie-eenheid" in werklikheid bewys? Soos in die hoofstuk "Yeshua - die Mens" is dit net regverdig om ook verwysings wat volgens die kerk die drie-eenheid staaf, te ondersoek of daar enige bewyse van waarheid in is. Baie mense is beïnvloed deur kerk dogma en soek na ondersteuning vanuit die Skrif om hierdie dogma te probeer regverdig.

Ons moet seker maak dat, wat daar geskryf staan, in werklikheid is wat daar staan en nie wat ek daarin soek en valse teologiese afleidings maak nie. Kom ons kyk dus na Skrifverwysings wat gebruik word om persoonlike aktiwiteite van die Gees wat Afgesonderd is te probeer bewys.

### Personifikasie as taalgebruik

In die tale wat in die Bybelse tyd in gebruik was, was "nie-persoonlike" dinge somtyds beskryf op 'n persoonlike manier en het ook soms persoonlike aktiwiteite daaraan gekoppel. Soos die goue reël sê: Begin voor, alleen dan sal jy 'n geheelbeeld kry uit die Skrif!!

Wanneer ons met die Skrif omgaan, moet ons elke teks in die letterlike beskou solank dit sin maak. Alleenlik wanneer 'n letterlike interpretasie nie sin maak nie, of wanneer die Skrif verklaar dat dit simbolies is, soos in Openbaring, kan na 'n figuurlike betekenis **(soos personifikasie)** gekyk word. In die lig hiervan, kom ons ondersoek voorbeelde uit die Skrif.

> **Gen 4:10** יהוה sê: "Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die grond af.

Is die bloed van Hevel (Abel) dan 'n persoon, maak dit sin? Nee, dit is figuurlik omdat bloed nie 'n persoon met 'n stem is nie! Dit is personifikasie in die taalkunde.

**Spr 1:20** Wysheid word opgelig in die markplein, sy lig haar stem op in die strate,
**21** sy verkondig in die hoof plekke van bymekaarkoms; by die openinge van die poorte van die stad, bring sy haar boodskappe:

**Spr 8:1** Verkondig daarom wysheid en insig sal jou antwoord,
**2** want wysheid is op die top van die hoë plekke, sy staan tussen die roetes en langs die paaie.
**3** Sy roep uit by die poorte, by die ingang na die stad, roep sy hardop uit en sê:

Hier antwoord “wysheid” en “roep dit uit” en verheerlik God! Verseker is “wysheid” geen persoon nie en is dit personifikasie.

**Ps 65:13** Die weivelde sal oordek wees met vet wordende skape en die valleie sal geklee wees met koring; hulle sal uitroep van vreugde en sing.

**Yes 3:26** Haar poorte sal kla en treur en sy sal verlate op die grond sit.

**Yes 44:23** Roep uit van vreugde, o hemele, want יהוה het dit gedoen. Roep vreugdevol uit, laer dele van die aarde! Breek uit in uitroepe van vreugde, o berge, woude en elke boom daarin, want יהוה het Ya’akov losgekoop en in Yisra’el Sy lof, eer en waarde gewys.

**Yes 49:13** Roep uit van vreugde, o hemele en swaai in die rondte van vreugde, o aarde! Berge breek uit in vreugdevolle krete, want יהוה het Sy volk getroos en sal omgee vir Sy geteisterdes.

**Yes 55:12** want julle sal met vreugde uitgaan en met vrede gelei word; die berge en heuwels sal uitbreek in uitroepe van vreugde voor julle en al die bome van die veld sal hande klap.

**Hav 2:11** Die steen sal sekerlik uitroep van die muur af en die spyker sal dit antwoord vanaf die hout.

Daar is ook soortgelyke voorbeelde van personifikasie in die Nuwe Verbond.

**Mat 11:19** Wysheid word geregverdig deur die dade wat dit voortbring.”

**1 Yog 5:8** Daar is drie wat getuig: die Gees, die water en die bloed en die drie is in eenheid.

So kry ons dat hierdie figuurlike aanspreekvorm in die Woord op plekke toegedig word aan die Gees wat Afgesonderd is, asof van 'n afsonderlike persoon.
Wanneer persoonsaktiwiteite toegeskryf word aan die Gees, bv.:
praat**,** wandel, verlang en begeer, **(Hand 8:29, Hand 16:7) -** kan ons dus nie inlees in die verse dat God se Gees nog 'n Persoon is nie:

> *"In Acts, the use of the words 'Holy Spirit,' with or without an article, is rich and abundant. However, again, it is difficult to demonstrate personality from the texts" (2003, Vol. 13, "Spirit, Holy," p. 428).*

Soos gesien kan word, waar die Gees wat Afgesonderd is in sommige gevalle voorgestel word met 'n persoonlike handeling, moet ons dit duidelik verstaan dat dit God is wat Sy Gees gebruik om deur te werk, te praat of handel.
'n Ou voorbeeld: Sou 'n persoon 'n boek optel (soos bo verduidelik) met sy hand, sal jy kan sê dat die persoon tel die boek op. Dit maak nie die hand 'n ander persoon nie. Dit impliseer ook nie dat die hand 'n persoon is nie. Die hand is tog net so 'n deel, of 'n verlenging van die persoon en dit is die "verteenwoordiger" of 'n "wesenlike aspek" waarmee die persoon werk. Dus, soortgelyk is die Gees wat Afgesonderd is die "wesenlike aspek" deur wie Vader en die Seun werk. Die Gees wat Afgesonderd is is baie meer as die voorbeeld van die hand. Dit is Sy krag, wil en daardie EK IS **(Eks 3:14).** So kry ons ook hierdie alomteenwoordigheid van God die Vader in **(Ps 139:7-10; Yer 23:23-24)**. יהוה-Shamah – Yahuah is hier.

> **Yer 23:24** Kan 'n man homself in wegsteekplekke wegsteek dat Ek hom nie sien nie?" verklaar יהוה. "Maak Ek nie die hemel en die aarde vol nie?" verklaar יהוה.

Kyk hoe stel Kefa dit in **Handelinge 5:1-10**. Hy sê dat Gananyah en Shappirah vir die Gees en ook vir God gelieg het. Hier word geensins geïmpliseer dat die Gees wat Afgesonderd is iemand apart kan wees nie, maar dat die Gees hier die alomteenwoordige "agent" is deur wie Vader werk.

Verdere Skrifverwysings.
Met bogenoemde in gedagte kan ons kyk na van die verwysings wat gebruik word om die derde persoon te bevestig. Die eerste teks wat gebruik word hiervoor is gewoonlik:

> **Mat 28:19** Gaan daarvolgens, maak studentevolgelinge van al die nasies, doop hulle in die Karakter en Outoriteit van die Vader en die Seun en die Gees wat Afgesonderd is **Mar 16:15; Luk 24:47**

Hierdie teks is breedvoerig bespeek in “Yeshua - die Mens” en dra geen tema van die drie-eenheid nie. Belangrik - die “Karakter en Outoriteit / Naam is in die enkelvoud.

Die volgende vers is **2 Kor 13:14** en is ook breedvoerig bespreek en wys dat daar geen bewys is van ’n ‘derde persoon nie!

**2 Kor 13:14** Die vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, die liefde van God en die gemeenskap van die Gees wat Afgesonderd is bly by julle almal! Dit is waar!

**Mat 3:16** Nadat Yeshua gedoop is, het Hy opgekom uit die water uit en op daardie oomblik gaan die hemele vir hom oop en hy sien die Gees van God afkom, soos ’n duif en op Hom kom **(Mar 1:10; Luk 3:22)**
**17** en let op, ’n Stem uit die hemel wat sê: “Let op, dit is My Seun, Wie Ek lief het, in Wie Ek verheug is.”

Hier word die Seun gedoop, die Gees kom af in die vorm “soos ’n duif” (nie as ’n duif nie) en Vader maak ’n verklaring vanuit die hemel. Tog is daar geen aanduiding van die Gees as ’n derde persoon in ’n “eenheid” nie. Dit is duidelik dat die Gees nie as ’n persoon voorgestel word nie.

**Rom 15:30** maar ek versoek julle, my broers, in ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een en **in die liefde van die Gees,** om saam met my, vir my, in gebed by God te stry

Die Skrif verklaar duidelik dat God liefde is in **1 Yog 4:16.**

Weereens sien ons dat die Vader, die Seun en die Gees afsonderlik bestaan, maar glad nie in die vorm van drie persone nie. “die liefde van die Gees” is die liefde wat van die Vader uitgaan. “Liefde” is soos wat Sha’ul dit in **Gal 5:22** vir ons wys – in die “vrugte” van die Gees wat in die harte van mense uitgegiet word. Dit bewys weereens nie dat die Gees ’n afsonderlike persoon verteenwoordig nie.

**Gal 4:6:** maar omdat julle kinders is, het God **die Gees van Sy Seun** in julle verstand, wil en emosie gestuur, wat uitroep tot die Vader: “Ons Vader!”

Hier verwys dit duidelik na dieselfde Gees wat in Yeshua was, wat ook aan ons gegee word - God se Gees.

**Efe 2:18:** want in Hom is daar vir ons albei toegang deur een Gees tot die Vader.

Ek kan nie anders as om die voorbeeld uit *"The Expositor's Bible Commentary"* te gebruik, wat alles in die stryd werp om die "drie afsonderlike persone" te probeer bewys, nie! Dit maak die volgende bewering aangaande **Efe 2:18:**

*"Paul now adds Trinitarian teaching, for he is telling us that salvation consists in its fullness of acts by God the Father in sending both God the Son and God the Holy Spirit" (James Boice, Vol. 10, 1976, p. 473).*

Hierdie stelling in verband met die **Efe 2:18** is 'n infame leuen en wat hy hier sê is nie naastenby wat die vers aandui nie! Wat die vers wel wys, is dat Vader "ons albei" (Jood en nie-Jood) toegang gee tot kindskap deur Yeshua, Sy Seun, deur die werking van die Gees, nie die persoon nie!! Die Skrif moet die Skrif self verklaar! Sha'ul bevestig presies dit in **1 Kor 12:13!**

**1 Kor 12:13** want ons is ook almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink,

**1 Kefa 1:2:** hulle wat gekies is volgens die voorkennis van God-die-Vader, tot die afsondering deur die Gees sodat hulle sal wees tot gehoorsaamheid en tot besprinkeling met die bloed van Yeshua, Die Gesalfde Een: onverdiende guns en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid word vermenigvuldig vir julle!

Hier kry ons dat die vers begin met die wete dat: " hulle wat gekies is volgens die voorkennis van God-die-Vader" en sluit af met vergifnis deur Yeshua se opofferende kruisdood. In die middel kry ons: "tot die afsondering deur die Gees sodat hulle sal wees tot gehoorsaamheid…". "Deur die Afsondering deur die Gees beteken presies wat daar staan – om waarlik eenkant gesit te word deur die Gees, aanvaarbaar vir God die Vader en jy gehoorsaam Vader volkome. Dit impliseer glad nie 'n drie-eenheid nie. "Die Gees" is dus nie 'n persoon nie, maar 'eerder die bron waardeur Vader jou afsonder. Die Vader, die Seun en die Gees wat Afgesonderd is werk dus afsonderlik, gesamentlik in die lewe van Sy kinders.

**1 Kefa 3:18** want Die Gesalfde Een het ook eenmaal as gevolg van ons sondes gesterf, die Onskuldige Een, ter wille van sondaars, om julle na God toe te bring. Hy het gesterf na die liggaam, geleef in die Gees

Yeshua se soendood het ons verhouding met Vader herstel en Hy is steeds besig met hierdie versoeningsopdrag. Yeshua se opstanding is bewerkstellig deur die krag van die Gees – weereens, hier is geensins sprake van 'n derde persoonlikheid nie en word bevestig in **Gal 1:1.**

> **Gal 1:1** Sha'ul, 'n afgevaardigde - nie vanaf mense of deur 'n mens aangestel nie, maar deur Yeshua, Die Gesalfde Een en deur God-die-Vader wat Hom uit die dood uit opgewek het

Dit is God se krag (Gees) wat hom opgewek het. **(Fil 3:10)**

Wat het hierdie verwysings almal in gemeen? Nie een beskryf, verduidelik, definieer of bewys 'n "drie-persone wat voorgehou word nie! Dit het almal die volgende vae verwysings soos: "hiervan kan afgelei word; hiermee kan veronderstel word; hierdie is 'n sterk moontlikheid" en baie ander verdigsels. Al wat dit wys, is dat Vader, die Seun en die Gees wat Afgesonderd is belangrik is in die kind van God se lewe. Nêrens kan die Gees as 'n persoon aangedui word nie. Vader het ons getoets deur te vra of ons Sy en Sy Seun se name (wat ook na hulle Karakter en Outoriteit verwys) ken. Hoekom het Vader dan nie gevra wat is die "Gees" se naam nie! Daar is niemand in die Skrif naamloos nie!

Laat ons baie seker maak wat die Skrif werklik sê, teenoor wat dit nie sê nie – wees versigtig om nie in die gat van swak en onlogiese argumente, aannames en veronderstellings vasgevang te word nie!

Die volgende gedeelte word gedoen om te wys dat wat die meeste kerke doen, presies is wat Rooms-Katolisisme leer en dit word aanvaar uit luiheid en vrees vir posisie of bang "om die appelkar om te gooi, asook 'n massiewe hoeveelheid onkunde en net eenvoudig slaafse navolging sonder om die implikasies daarvan te besef!

## 2.10 Rooms-Katolisisme

Hier probeer ons nie sê dat die vals leringe in die kerk die Rooms-Katolieke kerk se skuld is nie, maar wys eerder net hulle onbybelse leringe uit waaroor die Protestante, wat weggebreek het, te lui / passief / bang was om dit wat hulle uit die Skrif moes geken het as dwaalleringe in die Rooms-Katolieke kerk, te verander nadat hulle Protestants geword het.

**In my ander skrywes, getiteld: "Die valse Feeste en ander dogmatiese mites" wys ek hoofstuk na hoofstuk hierdie valshede uit.**
**Hierdie skrywes is beskikbaar deur persoonlike navraag by fliperasmus@gmail.com.**
In die boek getiteld "*Roman Catholicism – a non-Christian cult: Promedia Publications 1988* van *A.Vincent Rudman* gee hy 'n beskrywing van wat Rooms-Katolisisme werklik is. Ek haal graag weer aan presies soos wat hy dit weergegee het:

> *Romanism a cult, not Christian.*
> *"In the first two articles of the deliberations of the Council of Trent (1545), Rome dealt the death-blow to the concept of universally accepted Christian Rule of Faith – the Bible.*
> *Firstly, tradition became part of Roman Worship and was placed on an equal footing (confessionally) with the scriptures.*
> *Secondly, the Bible was adapted to that sense in which Rome wished to interpret it, this interpretation not being even remotely concerned with truth, only that the aims and objectives of the upper hierarchy may be achieved – the accumulation of wealth and power. All else became subservient to this aim."*

Dit is onnodig om die res van die artikels weer te gee omdat bogenoemde genoeg bewyse gee dat wat hulle voorheen gedoen het en nog steeds doen, presies die definisie is van 'n "Nie-Christelike kultus". Met hierdie boek is ons besig om te bewys dat van die tyd na Yeshua af, die Skrif vervals, daaruit weggelaat en daarin bygevoeg word, om hulle doel daarmee te bereik nl.:

**Eerstens:** *"tradition became part of Roman Worship and was placed on an equal footing (confessionally) with the scriptures.*

**Tweedens:** *"Rome wished to interpret it, this interpretation not being even remotely concerned with truth,*

Moenie te vinnig antwoord en sê: “Ek het niks hiervan in gemeen met hulle nie!” Sou jy ondersoek instel, sal jy verbaas wees dat bykans die ganse kerk vandag nog steeds doen dit wat die valse kerk en later die Rooms-Katolieke Kerk, nie net geleer het nie, maar die wat dit nie nagevolg het nie, vervolg het met ongekende wreedhede.

Na aanleiding van die bogenoemde aanhaling: *“tradition became part of Roman Worship...”* wil ek jou weer vra – Hoe Rooms is jou “godsdiens”?

Kyk watter van die volgende Roomse tradisies volg jy slaafs na:

- Verwerping van die doen van God se Wet
- Verwerping van God se sewe vasgestelde feeste
- Die hou van heidense feeste: Kersfees, Paasfees en Sondag
- Verwerping van die profesie van drie dae en drie nagte in die graf
- Die glo van ’n mitiese “Nuwe Testament Christendom” as vervanging van God se standaarde
- Aanvaarding van die doop as teken van die Nuwe Verbond
- Die vals “Genade” lering wat nie vereis dat die gelowige volgens Vader se lewenswyse moet leef nie
- Bekering wat nooit lei tot wedergeboorte deur die Gees nie, ens.
-

Soos gesien in beide die vorige hoofstuk, “Yeshua - die Mens” en in die hoofstuk “Is die “Heilige Gees” ’n Persoon?”, wys dit baie duidelik die verwerping van Vader se Woord as standaard vir wat ons glo en vervanging met die Roomse dogma in plek daarvan en soos weergegee word in die tweede punt: *“the Bible was adapted to that sense in which Rome wished to interpret it, this interpretation not being even remotely concerned with truth”*.
So kan ons ongetwyfeld die vals leer aangaande ’n “persoon van die Gees in die valse kerk uitwys en moet ons versigtig daarop let hoe Vader ons as volg waarsku:

> **Open 18:4** Ek het ’n ander stem uit die hemel hoor sê: “Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plae ontvang nie, **(Yir 51:9, 45)**

Met die waarhede wat reeds in die Skrif gewys is moet ons onsself afvra: “Hoeveel van hierdie stellings en leringe wat uit die Skrif as vals uitgewys is, glo ek op die oomblik?
Ek moet dan sonder twyfel uitgaan en skoonmaak sodat ek die ware Skepper-God, Yahuah, in waarheid en Gees kan aanbid.

## 2.11 Samevattend

Die dogma in verband met die drie-eenheid en die godheid van Jesus (Yeshua) wat in die kerk geleer word, is grootliks gebaseer op die blatante, verkeerde veronderstelling van 'n "voor-bestaan" en 'n doelbewuste bevooroordeelde Griekse mistieke vertaling van die begrip *"logos"*. Die Skrifbewyse soos aangedui is glashelder ongeag of jy daarmee wil saamstem al dan nie.

Die emosionele en tradisionele bewyse wat die ondersteuners van hierdie twee onderwerpe vir hierdie en ander vals leringe, soos na verwys, gebruik om hulle leringe te probeer staaf, is totaal nie Skriftuurlik nie, om die minste te sê. Yeshua het hulle nie verniet beskuldig van "horende doof en siende blindheid nie.

> **Mat 13:11** Hy antwoord en sê vir hulle: "Aan julle is gegee om die geheime van die Koninkryk van die hemel te ken, maar dit is nie aan hulle gegee nie, **Spr 3:32**
> **12** want aan die een wat het, sal gegee word en dit sal vermeerder
> **13** en van die een wat nie het nie, sal ook dit wat hy het, weggevat word; daarom praat Ek met hulle deur vergelykende stories omdat hulle wat sien, nie sien nie en hulle wat hoor, nie hoor of verstaan nie;
> **14** in hulle is die profesie van Yesha'yahu vervul wat sê: **Deut 29:3,4; Yes 6:9; 29:10; Yeg 12:2** 'luisterende sal julle hoor en nie verstaan nie en siende **Yog 12:40; Rom 11:8** sal julle sien en nie ken nie,
> **15** want die verstand, wil en emosie van hierdie volk het dig geword en met hulle ore het hulle skaars gehoor en hulle het hul oë toegemaak sodat hulle nie met die oë sou sien en met die ore hoor en met die verstand, wil en emosie verstaan en hulle sonde erken en wegdraai na God toe en Ek hulle genees nie,' **Yes 6:9-10**

Vandaar die opdrag om uit haar uit te gaan! Uit die leuen uit, waar dit ookal is!

> **Open 18:4** Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: "Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plae ontvang nie, **Yir 51:9,45**
> **5** want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep.

# Hoofstuk 3

# Die drie-eenheidsleer

## 3.1 Geskiedkundige bewyse vir die ontstaan van die leer

Soos in die vorige hoofstukke bly ons hoof bron steeds die Woord van God, maar ons kyk ook wat wys die geskiedenis ons van die onderwerp! Skaars vyf dekades na Yeshua se hemelvaart, skryf Sha'ul dat baie gelowiges alreeds weggedraai het "na 'n ander goeie boodskap" (evangelie) wat nie bestaan nie.

> **Gal 1:6** Ek is verstom dat julle so vinnig deur sommige mense, wat julle lastig val en die goeie boodskap van Die Gesalfde Een wil verdraai na 'n ander 'goeie boodskap,' wat nie bestaan nie,
> **7** weggedraai word, weg van Die Gesalfde Een af, wat julle deur Sy onverdiende guns geroep het.
> **8** Selfs as ons, of 'n boodskapper uit die hemel, vir julle 'n goeie boodskap verkondig anders as die goeie boodskap wat ons aan julle verkondig het, sal hy vervloek wees!
> **9** Net soos wat ons dit van die begin af sê, sê ek nou ook weer: enige iemand wat aan julle 'n goeie boodskap verkondig anders as die wat julle ontvang het, sal vervloek wees!

Sha'ul gaan voort en stel dit dat hy in 'n stryd was met die misleiers: Kyk mooi, ons sal spoedig sien hoe die geskiedenis ook die Skrif bevestig!!

> **2 Kor 11:13** …want sulke mense is valse afgevaardigdes, misleidende werkers, wat hulleself voordoen as afgevaardigdes van Die Gesalfde Een
> **14** en geen wonder nie, as hy, wat die teëstander is, homself voordoen as 'n boodskapper van lig!
> **26** gereeld op reis in gevaar van riviere, in gevaar van rowers, in gevaar van my eie mense, in gevaar van die ander nasies, in gevaar in die stad, in gevaar in die wildernis, in gevaar op see, in gevaar onder vals broers,

Hierdie misleidende werkers was hulle wat voorgegee het dat hulle met hulle "waarheid" die ware volgelinge kon vervolg en gruwelik vermoor. Daar is letterlik miljoene ware volgelinge vermoor in die donker eeue oor dié dogma van die drie-eenheid, die taal waarin die Skrif gelees mag word en die doop. Teen die tweede eeu is die klein groepie ware volgelinge wat oor gebly het, **(Luk 12:32)** versprei deur dodelike vervolging. Ten spyte

van die vervolging deur die Roomse outoriteit asook deur die bogenoemde misleidende werkers, het hulle getrou gebly aan die waarheid van die Woord. Hulle wat die teëstanders is, het hulself voorgedoen as 'boodskappers van die lig! Hulle wat 'n ander Jesus (Soos in die hoofstuk "Yeshua - die mens") en 'n ander evangelie (Goeie Boodskap) en baie ander vals leringe verkondig het. **(Gal 1:6-9)**.

> **2 Kor 11:3** maar ek is bang dat, net soos die slang vir Havah **Gen 3:1-7** deur sy listigheid mislei het, julle denke net so korrup gemaak is, weg van die eenvoudigheid wat by Die Gesalfde Een is,
> **4** want as iemand kom en 'n ander Yeshua verkondig (soos **2 Yog 1:7)** as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees (valse gees) ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander goeie boodskap as wat julle ontvang het, kan julle maklik oortuig word,

Verskeie vals leringe aangaande die Godheid sou in die tye wat volg die lig sien en het die basis van baie vals dogmas gevorm. Die eenheid van vertroue in die waarheid van die Skrif het verlore gegaan en "nuwe aanvaarde" leringe vanuit heidense gelowe het die Woord-leringe van Yeshua en die apostels vervang. Die ware kerk het glad nie deel gehad aan die teologiese debatte in die vroeë eeue wat sy aanloop gehad het tot die formalisering van die drie-eenheidsdogma nie omdat die verkondigers van die waarheid met die dood gedreig is, vermoor is en gedwing is om hulle openbare stellings te verander deur brutale vervolging.

In hierdie stormagtige tye kry ons debatte, nie tussen waarheid en die leuen nie, maar eerder, een valsheid teenoor 'n ander valsheid! Dit is 'n werklikheid wat selde erken word en doodgedruk word deur die wat hierdie valsheid aanbied, tog is dit krities belangrik vir ons begrip oor hierdie onderwerp.

Wat was die Griekse filosofiese invloed in die aanvaarding van die "drie-eenheidsdogma? Baie historiese en geestelike navorsers getuig van die invloed wat Plato en Griekse filosowe van vroeg af in die ontwikkeling en aanvaarding van die drie-eenheidsdogma gehad het. Wat het hierdie filosofieë behels en watter invloed het dit gehad op die totstandkoming van die dogma? Dit kan as volg opgesom word: Die bekende Griekse filosoof Plato (429-347 v.Y.) het geglo in 'n geestelike drietal soos verwoord deur
*Charles Bigg: Christian Platonists of Alexandria, 1886, p. 249.*
*"God, the ideas, [and] the World-Spirit," though he "nowhere explained or harmonized this triad"*

Dit is die drie "Hipostases wat ons vroeër van gepraat het.
Die latere Griekse denkers het Plato se konsep oorgeneem en herbeskryf

as die "drie bestanddele": "die een" waaruit die "intellek" of "gedagtes" en 'n "gees" of "siel" saamgevat word. In hulle beredenering is dit dat al drie die begrippe  aspekte van dieselfde God is. Hierdie denke is oorgedra aan die Roomse "Nuwe Testament" tydperk en daaropvolgende eeue. Na die afsterwe van die laaste apostels het dié denke die vroeë kerk geïnfiltreer – hoofsaaklik deur hulle (die misleidende werkers wat **2 Kor 11:13** na verwys) wat reeds begin het om kompromieë aan te gaan met die ongelowige nasies.

*John McClintock* en *James Strong* stel dit as volg in die: *"Cyclopaedia of Biblical, Theological, and Ecclesiastical Literature, 1891, Vol. 10, "Trinity," p. 553:*
*"Towards the end of the 1st century, and during the 2nd, many learned men came over both from Judaism and paganism to Christianity. These brought with them into the Christian schools of theology their Platonic ideas and phraseology*

Die ware kerk het hard gestry teen die infiltrasie (o.a. Tertullian) en het met die Woord as hulle basis vir ware leringe, vas bly staan. (**2 Tim 3:15-16**). Daar was twee duidelike rigtings – die een wat gehou het by die eenvoudige waarheid van die Woord en die ander wat meer en meer kompromieë aangegaan het met heidense praktyke soos verkry is van die Grieks-Roomse kultus wêreld en wat steeds toegepas word in bykans al die Protestantse kerke.

Soos die debatte aangegaan het aangaande die karakter van God vanaf die derde en vierde eeu wat plaasgevind het met die sinodes van Nicea (325 n.Y.) en Konstantinopel, (381 n.Y.) was dit nie meer 'n debat oor Bybelse waarhede nie. Beide kante van die debatte is totaal beïnvloed deur hulle aanvaarding van onbybelse filosofiese idees. Hierdie deelnemers wat die dogma help formuleer het, is net eenvoudig oorweldig deur die Platoniste en hulle filosofieë en politisering van die kerk.

## 3.2 Die ontstaan van die "drie-eenheid" – *trinity*

Die woord "drie-eenheid (*trinity*) is geen Bybelse begrip nie! Die Engelse woord "trinity kom van 'n Latynse woord "trinitas en kom nêrens in die Woord van God voor nie!

Kyk na die Rooms-Katolieke Kerk se eie verklaring vir die oorsprong van die drie-eenheid in die leer van die kerk deur *Hubert Jedin* in:
*Ecumenical Councils of the Catholic Church: an Historical Outline, 1960, p. 28.*
*"Athanasius and the three Cappadocians [the men whose Trinitarian views were adopted by the Catholic Church at the Councils of Nicaea and Constantinople] had been included among its members"*

Die volgende verdoemende stelling kom uit: *The New Schaff-Herzog Encyclopedia of Religious Knowledge, Samuel Macauley Jackson, editor, 1911, Vol. 9, p. 91:*
*"The doctrines of the Logos [i.e., the "Word," a designation for Christ in John 1] and the Trinity received their shape from Greek Fathers, who were much influenced, directly or indirectly, by the Platonic philosophy. Those errors and corruptions crept into the Church from this source cannot be denied"*

Soos gesien kan word is die vals vertaling, byvoegings en weglatings van die Skrif duidelik raakgesien deur navorsers. (Sien die hoofstuk "Yeshua - die Mens" vir 'n breedvoerige ontleding aangaande, onder andere, drie voorbeelde van sulke vertalings. **(Yog1:1; Yes 6:9; Zag 12:10).**

Die voorwoord in *Edward Gibbon* se *"History of Christianity"* (Ons besef hy is 'n kontroversiële figuur vir sommige, maar sy stelling word deur baie ondersteun - Ons sal later uitbrei hieroor) som die Griekse invloed van die aanneming van die drie-eenheidsdogma as volg op:
*"If Paganism was conquered by Christianity, it is equally true that Christianity was corrupted by Paganism. The pure Deism [basic religion, in this context] of the first Christians . . . was changed, by the Church of Rome, into the incomprehensible dogma of the trinity." (1883, p. xvi). (See "How Ancient Trinitarian Gods Influenced Adoption of the Trinity," beginning on page 18.)*

Die skakel tussen Plato se lering en die drie-eenheid soos aanvaar deur die Rooms-Katolieke Kerk eeue later is so sterk dat *Edward Gibbon* in sy "meesterstuk" "*The History of the Decline and Fall of the Roman Empire"* verwys na Plato as volg:
*"the Athenians sage, who had thus marvellously anticipated one of the most surprising discoveries of the Christian revelation"—the Trinity (1890, Vol. 1, p. 574).*

Dus, die bewyse dat dié dogma géén verband het met die Skrif nie, word net meer en meer. Hierdie dogma het sy oorsprong vanuit Plato en is oorgeneem vanuit heidense, Griekse filosofieë soos gesien kan word, nie net in bogenoemde nie, maar letterlik in biblioteke vol boeke oor die onderwerp. Dit word egter onderdruk of vergete gelaat omdat die meerderheid van "God se kinders te lui is om 'n boek op te tel en te lees en verder hulle kinders leer dat kennis, veral geskiedenis en die ware stand van sake, nie belangrik is nie.
Geen wonder dat Sha'ul ons so vroeg as in 62 n.Y. in **Kol 2:8** waarsku:

> "Wees versigtig dat niemand julle beroof deur filosofieë en leë misleiding nie; volgens die leringe van mense en volgens die beginsels van die wêreld en nie volgens Die Gesalfde Een nie,

Konstantein was 'n slinkse, wrede, magsbehepte keiser wat alles in die stryd gewerp het om totale beheer te kry oor beide heidene sowel as die "misleide Christene" **(2 Kor 11:13).** (Hulle wat volgelinge van die ware Skrif en van Yeshua was, is ondergronds gedryf.) Hy het met slinkse planne vorendag gekom deur kompromieë met die heidene en sekulêre Christene aan te gaan deur vals leerstellings te skep wat aanvaarbaar sou wees vir beide groepe. Kom ons kyk dan wat het gebeur in die eeue hierna om onder andere 'n "drie-eenheidsdogma en kinderdoop in plek te kry onder dwang van Roomse beheer.

Christen leiers was ook staatsleiers, iets wat Konstantein wou verhoed aan die begin, maar later mee vrede gemaak het reeds van voor 325 n.Y.. Konstantein het homself die reg toegeëien om kerkdogma te dikteer sonder dat hy 'n "Christen" of 'n teoloog was. Op wrede, skokkende maniere, terwyl 'n menigte hulself as "Christene" beskou het hulle die volgelinge van die ware geloof vervolg en wreed vermoor oor hulle verskillende sieninge van "God" en sodoende hul eie sieninge afgedwing.

*Prof. Harold Brown* het die volgende kommentaar oor die daaropvolgende dekades aangeteken: *Heresies: Heresy and Orthodoxy in the History of the Church; 2003:*
*"During the middle decades of this century, from 340 to 380, the history of doctrine looks more like the history of court and church intrigues and social unrest . . . The central doctrines hammered out in this period often appear to have been put through by intrigue or mob violence rather than by the common consent of Christendom led by the Holy Spirit" (p. 119).*

## 3.3 Waar kom die begrip "Trinity" vandaan?

Die een probleem skep nog ander sonder dat die eerstes opgelos is. Verder is dit insiggewend om te sien waar die begrip "Trinity" vandaan kom.

Hier moet ons wel eers stilstaan en kyk na iets wat mense deurmekaar maak, veral uit ouer bronne. Voor 1860 was daar geen Antieke Geskiedenis Departemente of doelgerigte geleerdes nie. Hulle was of teoloë of filosowe wat 'n belangstelling ontwikkel het vir antieke dinge. Ander was weer joernaliste en onderwysers. Die veld was splinternuut, 'n paar jaar vroeër deur ontdekkers en avontuurlustiges ingelyf wat in die "Old-Near-East - Ou-Naby-Ooste (ONO) gaan toer het. Napoleon se oorlog in Egipte en sy argeoloë het ook baie bygedra om die vak en rigting van antieke studies en argeologie te bevorder.

Voor dit, het meeste kenners (dikwels welbekende geskiedkundiges) bloot hulle eie opinies gedeel gebaseer op die baie min kennis wat hulle gehad het. Die primêre tale waaruit die akademici gewerk het was Grieks en Latyns en geen ander taal was ontsyfer tot na 1860 nie. Daar was dus bitter min wat werklik gesê kon word, uit waarheid, oor antieke gelowe en hulle gebruike.

Omdat die veld nuut was, was daar 'n tendens om die antieke en mistieke Ooste te wil vergelyk met die ontsaglike ontwikkelde en wetenskaplike wêreld waarin hierdie mense hulself gevind het. Dit was 'n tyd toe godsdiens die agterbank ingeneem het en industrie en "ontwikkeling voortou geneem het in die samelewing. Mense het toe begin om die sukses en ontwikkeling van die Weste aan 'n meer mistieke agtergrond toe te skryf as bloot die soeke na mag en geld. Antieke Egipte en die meer "eksotiese Mesopotamië het hierdie denke goed gepas en kort voor lank is daar konneksies gemaak tussen die westerse kultuur en die van die Egiptenare en Babiloniëërs. Dit het tot 'n tydperk van "egiptomania gely waar tot geboue in die styl van Egiptiese tempels in Europa gebou is.

Tesame met hierdie ontwikkelings is die godsdienste van hierdie nasies bestudeer, in die mate wat hulle kon. **So is dit ontdek dat al hierdie kulture hulle gode in groepe van drie verdeel het.** Die aaname is toe gemaak dat hierdie "drie-eenhede is, omdat meeste Europeërs bekend was met hierdie konsep. Dus sal baie van die ouer boeke praat van *"Ancient Trinities*. Tog is hierdie nie 'n konsep wat in enige van hierdie kulture bestaan het nie. Toe die tale ontsyfer is, is daar besef dat hierdie *"trinities* eintlik "*triads* was. Die verskil is dat 'n *"triad* drie afsonderlike entiteite is wat saam werk of saam gegroepeer is om as 'n alliansie saam te werk. 'n *"Trinity* is 'n samestelling van drie entiteite in een en as een entiteit. Die praktiese

verskil is dat, byvoorbeeld in Egipte, Osiris, Horus en Isis 'n familie-eenheid verteenwoordig van Pa, seun en Ma wat saam in 'n storie is en saam werk om die koningskap van Egipte uit te beeld, maar elkeen is 'n entiteit op hulle eie. In die drie-eenheid is die Vader-Seun-Gees konneksie onskeidbaar.

Hierdie is iets wat nie in antieke bronne onderskei word nie, en ons moet die konteks van die kultuur en gode verstaan om die verskil duidelik te maak. *Edward Gibbon*, en baie van sy tydsgenote, het nooit hierdie onderskeid gemaak nie en het foutiewelik aangeneem dat die drie-eenhied vanuit antieke godsdienste ontstaan het.

Soos ons vroeër uitgewys het, het die ideologie van die drie-eenheid ontstaan vanuit Plato se filosofie wat ontwikkel het in Platonisme in en byna woordeliks in die vroeëre kerk ingedra is deur bekeerlinge wat nie die ou lewe laat afsterf het soos Paulus ons waarsku nie.

Ons hoofbron om die agtergrond te verstaan moet dus bronne van ná hierdie tyd wees.

Die enigste antieke godsdiens wat enige gode het wat werklik "deel van mekaar is, soos 'n drie-eenheid, is Hindoeïsme:

- 'n Vroeëre Katolieke teoloog, *St. Jerome,* getuig onomwonde, *'All the ancient nations believed in a Trinity'" (Old Truths in a New Light p. 382)*

Hierdie is baie misleidend en 'n voorbeeld van wat ons hierbo sê. Hy gebruik die woord vir *"triad* en dit word verkeerd vertaal / verstaan as drie-eenheid.

- Hier is 'n paar voorbeelde van wat *"triad* is en verkeerdelik gesien is as drie-eenheid:
  - Sumeria *"The universe was divided into three regions each of which became the domain of a god.*
    - o *Anu's share was the sky.*
    - o *The earth was given to Enlil.*
    - o *Ea became the ruler of the waters. Together they constituted the triad of the Great Gods"*

      *(The Larousse Encyclopedia of Mythology, 1994, pp. 54-55)*

- India *"The Puranas, one of the Hindu holy books of more than 3,000 years ago, contain the following passage:*
  *'O ye three Lords! know that I recognize only one God. Inform me, therefore, which of you is the true divinity, that I may address to him alone my adorations.' The three gods, Brahma, Vishnu, and Siva [or*

*Shiva], becoming manifest to him, replied, 'Learn, O devotee, that there is no real distinction between us. What to you appears such is only the semblance. The single being appears under three forms by the acts of creation, preservation, and destruction, but he is one.'*

- *Arthur Weigall: Paganism in Our Christianity, 1928, pp. 197-198)*:
  *"In the Fourth Century B.C. Aristotle wrote: 'All things are three, and thrice is all: and let us use this number in the worship of the gods; for, as the Pythagoreans say, everything and all things are bounded by threes, for the end, the middle and the beginning have this number in everything, and these compose the number of the Trinity'"*

Hierdie is "Pythagoreanism, 'n ander Filosofiese skool wat Platonisme beïnvloed het, maar ook 'n teëstander was.

- Bogenoemde Egiptoloog, *Arthur Weigall*, gaan voort en som die invloede van die aanvaarding van die antieke geloof van die drie-eenheidsdogma deur die Rooms-Katolieke Kerk meesterlik op in sy boek:

  *Paganism in Our Christianity, 1928, pp.197-203:*
  *"The origin of the conception is entirely pagan. It must not be forgotten that Jesus Christ never mentioned such a phenomenon [the Trinity], and nowhere in the New Testament does the word 'Trinity' appear. The idea was only adopted by the Church three hundred years after the death of our Lord; and the origin of the conception is entirely pagan . . .* ***"The ancient Egyptians, whose influence on early religious thought was profound, usually arranged their gods or goddesses in trinities: there was the trinity of Osiris, Isis, and Horus, the trinity of Amen, Mut, and Khonsu, the trinity of Khnum, Satis, and Anukis, and so forth . . .***
  **( Hier is 'n perfekte voorbeeld van hoe *"trinity* en *"triad* vermeng word. Hy bedoel *"triad*, nie *"trinity* nie.)**

  *"The early Christians, however, did not at first think of applying the idea to their own faith. They paid their devotions to God the Father and to Jesus Christ, the Son of God, and they recognized the mysterious and undefined existence of the Holy Spirit; but there was no thought of these three being an actual Trinity, co-equal and united in One . . . "The application of this old pagan conception of a Trinity to Christian theology was made possible by the recognition of the Holy Spirit as the required third 'Person,' co-equal with the other 'Persons' . . . "The idea of the Spirit being co-equal with God was not generally recognised until the second half of the Fourth Century A.D. . . . In the year 381 the Council of Constantinople added to the earlier Nicene Creed a description of the Holy Spirit as 'the Lord, and giver of life, who proceedeth from the Father, who with the Father*

*and Son together is worshipped and glorified.' . . . "Thus, the Athanasian creed, which is a later composition but reflects the general conceptions of Athanasius [the 4th-century Trinitarian whose view eventually became official doctrine] and his school, formulated the conception of a co-equal Trinity wherein the Holy Spirit was the third 'Person'; and so it was made a dogma of the faith, and belief in the Three in One and One in Three became a paramount doctrine of Christianity, though not without terrible riots and bloodshed . . . "Today a Christian thinker . . . has no wish to be precise about it, more especially since the definition is obviously pagan in origin and was not adopted by the Church until nearly three hundred years after Christ" (pp. 197-203).*

- Egipte - Voorbeeld van 'n tydperk in Egipte wat die verskillende godsdienste van die streke van Egipte probeer verenig na die val van die konings in Memphis (Waar Ra die hoofgod was):

  *"The Hymn to Amun decreed that 'no god came into being before him (Amun)' and that 'All gods are three: Amun, Re and Ptah, and there is no second to them. Hidden is his name as Amon, he is Re in face, and his body is Ptah.' . . . This is a statement of trinity, the three chief gods of Egypt subsumed into one of them, Amon. Clearly, the concept of organic unity within plurality got an extraordinary boost with this formulation. Theologically, in a crude form it came strikingly close to the later Christian form of plural Trinitarian monotheism" (Simson Najovits, Egypt, Trunk of the Tree, Vol. 2, 2004, pp. 83-84).*

- *James Bonwick* stel dit as volg in sy boek: *Egyptian Belief and Modern Thought (1878) p 396:*

  *"It is an undoubted fact that more or less all over the world the deities are in triads. This rule applies to eastern and western hemispheres, to north and south. Further, it is observed that, in some mystical way, the triad of three persons is one. The first is as the second or third, the second as first or third, the third as first or second; in fact, they are each other, one and the same individual being. The definition of Athanasius, who lived in Egypt, applies to the trinities of all heathen religions."* (Hy verwar weer die triads.)

Met bogenoemde inligting het die Roomse kerk die begrip "drie wat een god is" vanuit die Griekse geloof en filosofieë oorgeneem om, soos gesê, dit te inkorporeer in 'n lering wat almal moet pas. Skokkend om te dink dat met hierdie heidense praktyke kompromieë aangegaan is en om dit in te sluit in die Enigste Lewende Skepper-God se Woord wat Hy ons beveel het om

nie te doen nie! Kyk net hoe sterk spreek God Hom uit om nie met hulle te assosieer of hulle gebruike te aanvaar nie!

**Deut 5:32** Let op dat julle daarom doen net soos יהוה, julle God, julle beveel het; julle mag nie regs of links afwyk nie.

**Deut 12:31** Jy mag dít nie doen aan יהוה, jou God, nie, want alles wat vir יהוה verwerplik is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen,
**30** let op dat jy nie in die strik val om hulle te volg nadat hulle voor jou uit vernietig is nie en dat jy nie na hulle gode vra en sê: 'Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien sodat ek dit ook so kan doen?' nie.

**Yir 10:2** So sê יהוה (Yahuah): "Moenie die maniere van die nasies leer nie **Deut 12:29-31**

Wee jou, o mens, wat Vader se absolute bevele verontagsaam en boonop vervals soos in hierdie dogma van die 'drie-eenheid'!

## 3.4 Die "drie-eenheid" word 'n amptelike dogma

Sommer vroeg het hewige verskille ontstaan aangaande 'n ander probleem, nl. "Die karakter van die Heilige Gees". Onthou, hulle moes drie persone hê in hulle "Godheid" wat hulle geskep het (soos hierbo na verwys). Hieroor het die sinode van Nicaea die volgende kort verklaring gemaak:

*"We believe in the Holy Spirit."*

Om net 'n verklaring te maak los ongelukkig nie die probleem op nie!

*Karen Armstrong,* die geskiedkundige navorser, skryf die volgende:

*"This seemed to have been added to Athanasius's creed almost as an afterthought." "People were confused about the Holy Spirit. Was it simply a synonym for God or was it something more?" (Greek Philosophy's Influence on the Trinity. p. 115).*

*Professor Ryrie* skryf as volg:

*"In the second half of the fourth century, three theologians from the province of Cappadocia (soos hierbo na verwys) in eastern Asia Minor [today central Turkey] gave definitive shape to the doctrine of the Trinity" (Basic Theology 1999 p. 65).*

Hierdie drietal, Basil - biskop van Caesarea, sy broer Gregory - biskop van Nyssa en 'n ander Gregory van Nazianzus is "opgelei in die Griekse filosofie" *(Armstrong, p113)* en het 'n stap verder gegaan as Athanasius se sieninge.

Hulle het bepaal:

> *"that God the Father, Jesus the Son and the Holy Spirit were co-equal and together in one being, yet also distinct from one another."*

Kyk mooi na die tyd, eers ***"In the second half of the fourth century"***. Hier kan duidelik gesien word hoe die Griekse filosofie die drie-eenheidsdogma, wat nêrens in die Skrif voorkom en geregverdig kan word nie, beïnvloed en saamgestel het!

*"Greek Philosophy's Influence on the Trinity Doctrine," beginning on page 14.*
Volgens hulle sieninge, soos verwoord deur *Karen Armstrong:*

> *"the Trinity only made sense as a mystical or spiritual experience . . . It was not a logical or intellectual formulation but an imaginative paradigm that confounded reason."*

As gevolg van aanhoudende verskille en dispute het Keiser Theodosius die Sinode van Konstantinopel byeengeroep in 381, 44 jaar na Konstantein se dood, om die verskille op te los wat hy begin het. Gregory van Nazianzus was die nuut aangestelde aartsbiskop van Konstantinopel en het as voorsitter eenvoudig net beveel dat die sieninge aangaande die Heilige Gees en die drie-eenheid net aanvaar moet word. Die kommentaar oor die leerstellinge van die genoemde drietal word as volg verwoord in *The Harper Collins Encyclopedia of Catholicism, "God," p. 568:*

> *"Late in the fourth century the Cappadocians Basil of Caesarea (d. 379), Gregory of Nyssa (d. 394), and Gregory of Nazianzus (d. 390) formulated the classic expression of orthodox trinitarian doctrine: the one God exists in three equal persons. Their teaching made it possible for the council of Constantinople (38I) to affirm the divinity of the Holy Spirit, which up to that point had nowhere been clearly stated, not even In the Scripture. The Cappadocians regularized the philosophical vocabulary of trinitarian doctrine by distinguishing clearly between hypostasis (Gk., "particular person) and ousia ("common substance or nature)."*

Die sinode aanvaar die volgende verklaring in 381 n.Y. ('n Verkorte Engelse weergawe):

> *"We believe in one God, the Father Almighty, Maker of heaven and earth, and of all things visible and invisible; and in one Lord Jesus Christ, the only-begotten Son of God, begotten of the Father before all ages . . . And we believe in the Holy Spirit, the Lord and Giver of life, who proceeds from the Father, who with the Father and the Son together is worshipped and glorified, who spoke by the prophets . . ."*

Hierdie verklaring in 381 n.Y. bevestig dan ook die finale aanvaarding deur die Rooms-Katolike Kerk van 'n dogma wat glad geen fundering het in die Skrif nie, maar wat saamgestel is in raadsale.
Met bogenoemde verklaring, bekend as die *"Nicene Constantinopolitan Creed"*, gemaak in 381 n.Y., is die "drie-eenheidsdogma" as die amptelike lering aangaande wie God is, vasgemaak in die kerk!

My vraag is: Kan jy enige bewyse lewer dat God se Woord geraadpleeg is met die formulering van die dogma? Soveel te meer nog ook die gebrek aan enige Skrifverwysing vir die besluit in 381 n.Y.?
'n Professor in Teologie, *Richard Hanson,* maak die volgende opmerking aangaande die raad se besluit:
*"the council's decision "was to reduce the meanings of the word 'God' from a very large selection of alternatives to one only," such that "when Western man today says 'God' he means the one, sole exclusive [Trinitarian] God and nothing else" (Studies in Christian Antiquity, 1985, pp. 243-244).*

Keiser Theodosius was, soos Konstantein, betrokke in die daarstelling van kerk dogma met geen teologiese agtergrond nie. *Charles Freeman*, die historikus stel dit as volg:

> *"It is important to remember that Theodosius had no theological background of his own and that he put in place as dogma a formula containing intractable philosophical problems of which he would have been unaware. In effect, the emperor's laws had silenced the debate when it was still unresolved" (p. 103). Other believes about the nature of God was banned. Now that a decision had been reached, Theodosius would tolerate no dissenting views. He issued his own edict that read: "We now order that all churches are to be handed over to the bishops who profess Father, Son and Holy Spirit of a single majesty, of the same glory, of one splendour, who establish no difference by sacrilegious separation, but (who affirm) the order of the Trinity by recognizing the Persons and uniting the Godhead" (quoted by Richard Rubenstein, When Jesus Became God, 1999, p. 223).*

Nog 'n edik van Theodosius het sover gegaan om die nuwe lering af te dwing met wetgewing:

> *"Let us believe the one deity of the Father, the Son and the Holy Spirit, in equal majesty and in a holy Trinity. We authorize the followers of this law to assume the title of Catholic Christians; but as for the others, since, in our judgement, they are foolish madmen, we decree that they shall be branded with the ignominious name of heretics and shall not presume to give their conventicles [assemblies] the name of churches. "They will suffer in the first place the chastisement of the divine condemnation, and*

*the second the punishment which our authority, in accordance with the will of Heaven, shall decide to inflict" (reproduced in Documents of the Christian Church, Henry Bettenson, editor, 1967, p. 22).*

Hieruit is dit duidelik dat die "WET (soos bo vermeld) van 'n drie-eenheid, wat Yeshua nie geleer het nie en glad nie te vinde is in die Skrif nie, afgedwing is. Enigiemand wat teen die edik weerstand gebied het, was, in ooreenstemming met die edik en die kerk se outoriteit, gebrandmerk as ketters en daar is dienooreenkomstig met hulle gehandel.
My vraag is steeds - Indien die "WET" uit die Skrif gekom het, waarom moes daar wette in plek gebring word om dit af te dwing, mense vervolg en doodgemaak word oor die selfgemaakte "WET" van die "Godheid" wat nie uit die Skrif bepaal kan word nie??

Die drie-eenheidsdogma kry dus sy ontstaan deur mensewette en leringe.
As gevolg van hierdie rits gebeure het Professors *Anthony en Richard Hanson* dit so opgesom in hulle boek *Reasonable Belief: (1980, p. 172):*

*"A Survey of the Christian Faith by noting that the adoption of the Trinity doctrine came as a result of "a process of theological exploration which lasted at least three hundred years . . . In fact, it was a process of trial and error (almost of hit and miss), in which the error was by no means all confined to the unorthodox . . . It would be foolish to represent the doctrine of the Holy Trinity as having been achieved by any other way".*

Hierdie twee professors sluit as volg af in bogenoemde boek *"Reasonable Belief: (1980, p.175):*

*"This was a long, confused, process whereby different schools of thought in the Church worked out for themselves, and then tried to impose on others, their answer to the question, 'How divine is Jesus Christ?' If ever there was a controversy decided by the method of trial and error, it was this one"*

'n Voormalige lektor aan die Universiteit van Oxford, *K.E. Kirk* skryf so oor die aanneming van die drie-eenheidsdogma:

*"The theological and philosophical vindication of the divinity of the Spirit begins in the fourth century; we naturally turn to the writers of that period to discover what grounds they have for their belief. To our surprise, we are forced to admit that they have none . . . "This failure of Christian theology . . . to produce logical justification of the cardinal point in its trinitarian doctrine is of the greatest possible significance. We are forced, even before turning to the question of the vindication of the doctrine by experience, to ask ourselves whether theology or philosophy has ever produced any reasons why its belief should be Trinitarian"*

*("The Evolution of the Doctrine of the Trinity," published in Essays on the Trinity and the Incarnation of Christ, A.E.J. Rawlinson, editor, 1928, pp. 221-222).*

Vader kondig self Yeshua se koms in die Tanakh aan as 'n "Man" (wat 'n mens is; ook soos bo aangedui) en 'n menigte soortgelyke bewysbare aanduidings in die Nuwe Verbond dieselfde sê en nêrens word 'n aanduiding gevind dat Vader Hom "God" verklaar het of 'n stelling dat Hy "geïnkarneer" het, nie! Dit kan alleenlik gesien word as jy bonatuurlike aannames, veronderstellings en vals afleidings maak asook om Yeshua te inkarneer tot Godmens en nog vele meer. Kyk asseblief weer na die hoofstuk - "Yeshua - die Mens.

## 3.5 Is daar Skrifbewyse vir die "drie-eenheid?

Met bogenoemde in gedagte kan ons kyk na van die verwysings wat gebruik word om die sg. drie-eenheid te "bewys. Die eerste teks wat gebruik word hiervoor is gewoonlik **Mat 28:19.**

**Voorbeeld 1.**

> **Mat 28:19** Gaan daarvolgens, maak studentevolgelinge van al die nasies, doop hulle in die Karakter en Outoriteit van die Vader en die Seun en die Gees wat Afgesonderd is **Mar 16:15; Luk 24:47**

Hierdie teks is breedvoerig bespeek in "Yeshua - die Mens" (Bl. 38) en dra geen tema van die Godheid nie. NB! die "Naam of "Karakter en Outoriteit is in die enkelvoud.

**Voorbeeld 2.**

Die volgende vers is **2 Kor 13:14** en is ook breedvoerig bespreek, (Bl. 44), en wys dat daar geen bewys is van 'n 'drie-enige' God nie!

> **2 Kor 13:14** Die vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, die liefde van God en die gemeenskap van die Gees wat Afgesonderd is bly by julle almal! Dit is waar!

**Voorbeeld 3.**

> **Mat 3:16** Nadat Yeshua gedoop is, het Hy opgekom uit die water uit en op daardie oomblik gaan die hemele vir hom oop en hy sien die Gees van God afkom, soos 'n duif en op Hom kom **Mar 1:10; Luk 3:22**

**17** en let op, 'n Stem uit die hemel wat sê: "Let op, dit is My Seun, Wie Ek lief het, in Wie Ek verheug is."

Hier word die Seun gedoop, die Gees kom af in die vorm "soos 'n duif" (nie as 'n duif nie) en Vader maak 'n verklaring vanuit die hemel. Tog is daar geen aanduiding van drie persone in 'n "eenheid" nie. Dit is duidelik dat die Gees nie as 'n persoon voorgestel kan word nie.

**Voorbeeld 4.**

**Rom 15:30** maar ek versoek julle, my broers, in ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een en in die liefde van die Gees, om saam met my, vir my, in gebed by God te stry

Weereens sien ons dat Vader, Seun en die Gees bestaan, maar glad nie in die vorm van 'n drie-in-een nie. "Die liefde van die Gees" is die liefde wat van die Vader uitgaan. "Liefde" is soos wat Sha'ul dit in **Gal 5:22** vir ons wys – in die "vrugte" van die Gees wat in die harte van mense uitgegiet word. Dit bewys weereens dat die Gees nie 'n persoonlikheid verteenwoordig nie.

**Voorbeeld 5.**

**Gal 4:6:** maar omdat julle kinders is, het God die Gees van Sy Seun in julle verstand, wil en emosie gestuur, wat uitroep tot die Vader: "Ons Vader!"

**Efe 2:18:** want in Hom is daar vir ons albei toegang deur een Gees tot die Vader.

Ek kan nie anders as om die voorbeeld uit *"The Expositor's Bible Commentary"* te gebruik wat alles in die stryd werp om die "drie-eenheid" te probeer bewys nie! Dit maak die volgende bewering van **Efe 2:18** dat:
*"Paul now adds Trinitarian teaching, for he is telling us that salvation consists in its fullness of acts by God the Father in sending both God the Son and God the Holy Spirit" (James Boice, Vol. 10, 1976, p. 473).*

Hierdie stelling in verband met **Efe 2:18** is 'n infame leuen en nie naastenby wat die vers aandui nie! Wat die vers wel wys, is dat Vader "ons albei" (Jood en nie-Jood) toegang gee tot kindskap deur Yeshua Sy Seun deur die werking van die Gees, nie die persoon, die Gees nie!! Die Skrif moet die Skrif self verklaar! Sha'ul bevestig presies dit in **1 Kor 12:13!**

**1 Kor 12:13** want ons is ook almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink,

**Voorbeeld 6.**

> **1 Kefa 1:2:** hulle wat gekies is volgens die voorkennis van God-die-Vader, deur die afgesonderdheid van die Gees sodat hulle sal wees tot gehoorsaamheid en tot besprinkeling met die bloed van Yeshua, Die Gesalfde Een: onverdiende guns en vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid word vermenigvuldig vir julle!

Die vers begin met die stelling dat: "hulle wat gekies is volgens die voorkennis van God-die-Vader" en sluit af met vergifnis deur Yeshua se opofferende kruis dood. In die middel kry ons: "deur die afgesonderdheid van die Gees sodat hulle sal wees tot gehoorsaamheid…".

Deur die Gees wat Afgesonderd is beteken presies wat daar staan – om waarlik eenkant gesit te word deur die Gees, aanvaarbaar vir God die Vader en jy gehoorsaam Vader totaal. Dit impliseer glad nie 'n drie-eenheid nie; dus is "die Gees" nie 'n persoon nie, maar 'eerder die bron van Vader se krag. Vader, Seun en die Gees wat Afgesonderd is werk dus gesamentlik, afsonderlik, in die lewe van Sy kinders.

**Voorbeeld 7.**

> **1 Kefa 3:18** want Die Gesalfde Een het ook eenmaal as gevolg van ons sondes gesterf, die Onskuldige Een, ter wille van sondaars, om julle na God toe te bring. Hy het gesterf na die liggaam, geleef in die Gees

Ons herhaal weer soos op Bl 78:
Yeshua se soendood het ons met Vader herenig en Hy is steeds besig met hierdie versoeningsopdrag. Yeshua se opstanding is bewerkstellig deur die krag van die Gees – weereens, hier is geensins sprake van 'n derde persoonlikheid nie en dit word bevestig in **Gal 1:1.**

> **Gal 1:1** Sha'ul, 'n afgevaardigde - nie vanaf mense of deur 'n mens aangestel nie, maar deur Yeshua, Die Gesalfde Een en deur God-die-Vader wat Hom uit die dood uit opgewek het –

Dit was God se krag wat hom opgewek het. **(Fil 3:10).**

Laat ons baie seker maak wat die Skrif werklik sê, teenoor wat dit nie sê nie. Wees versigtig om nie in die gat te val vir wat swak en onlogiese argumente en aannames is nie! Die aanhalings word gedoen om te wys dat wat die meeste kerke doen, is presies wat Rooms-Katolisisme op hulle afgedwing het en net eenvoudig slaafs nadoen sonder om die implikasies daarvan te besef!

**Ons kan ook na Yog 1:1 verwys -** dit is egter al 'n paar keer genoem en volledig bespreek.

## 3.6 Waarop word die kerk se drie-eenheidsdogma gebou?

Een ding moet verstaan word en dit is dat die Skrif nie ditself kan weerspreek nie. Die uitsprake, soos hierbo na verwys, is uiters noodsaaklik en is almal vanuit die Skrif as ons verwysingsraamwerk!
*"To delete or to add to God's Word is to deny God as the standard of truth"*.

In **Deut 4:2; Deut 12:32; Spr 30:6 en Open 22:18-19** sien ons die herhalende opdrag om niks by te voeg of weg te laat van God se Woord nie, anders sal daar gevolge wees. Dit kan alleenlik gebeur indien jy die leer en profesieë van die Tanakh verwerp en boonop die oorweldigende bewyse wat in die Nuwe Verbond ingesluit is eenvoudig weglaat, vals aannames maak of verdraai!!

Wat leer die Skrif ons, wie het hierdie vals lering ingestel?

> **2 Kefa 3:17** daarom moet julle, vir wie ons lief is en dit vooraf weet, versigtig wees dat julle nie miskien meegesleep word **deur die misleiding van wettelose** mense en wegval uit jul eie standvastigheid nie,

> **Kol 2:8** Wees versigtig dat niemand julle beroof deur **filosofieë en leë misleiding** nie; **volgens die leringe van mense en volgens die beginsels van die wêreld** en nie volgens Die Gesalfde Een nie,

> **2 Kor 4:2** Ons **verwerp die geheime skandes** en ons **leef nie in misleiding of verwerping van die boodskap van God nie**, maar deur die openbaring van die waarheid, wys ons, voor God, ons gees aan elke mens se gedagtes,

Vals leringe kom van hulle wat die opdragte en wette van God misken, wat leer volgens leringe van mense en nie Yeshua se leer nie en wat die absolute waarheid van die Woord van God verwerp.

Onthou die volgende waarheid: Die Nuwe Verbond is vooruit beskou in die Tanakh en die Tanakh is openbaar in die Nuwe Verbond. Waar lê die probleem dan? Miskien is dit in die gebrek aan aanvaarding van Vader se Woord alleen as waarheid.

**Rom 15:4** Alles wat van die ou tyd af geskryf is, is geskryf vir ons tot lering sodat ons deur volhardende geduld en vertroosting vanuit die Skrifte ’n versekerde verwagting kan hê.

**2 Tim 3:16** Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir ’n kursus in onpartydige opregtheid
**17** sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad.

**Efe 2:20** Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou. **Ps 118:22-23; 1 Kefa 2:4**

Wat ek hier lees, is dat die hele Skrif ingegee is deur Vader self en het Hy nie self gesê dat “Hy onveranderlik” is nie?
Na aanleiding van bogenoemde inligting wil ek graag ’n paar aanhalings uit Dr. WPD de Waal se boek getiteld *“Satan agter wêreldgodsdiens”* maak. Hierin wys hy onomwonde dat die bekende Westerse vertaalde Bybels (UBS) wat in omloop is vandag, ’n Rooms beheerde teks het en glad nie die oorspronklike Woord is nie; dus kan verstaan word waarom daar teensprake in Westerse Bybels voorkom wat net nie verklaarbaar is nie. Verder wil mense nie self navorsing doen nie. Hulle het te passief geword en wil letterlik “gevoer” word; daarom is dit so maklik om hulle dogma aan te bied sonder bevraagtekening! **(Hand 17:11)**

Ek haal aan uit die boek *“Satan agter wêreldgodsdiens”* van *Dr. WPD de Waal. (Bl 8-9):*

> *“Ten einde Protestantse kerke met die Rooms-Katolieke Kerk te “herverenig”, is daar sedert die Tweede Vatikaanse Konsilie in 1963 tot en met 1968 deur die Vatikaan riglyne opgestel, vir ’n vertaling van ’n “Bybel” wat aanvaarbaar sou wees vir beide, Protestante en Katolieke. Dit is gekanaliseer deur die “United Bible Societies” (UBS) wat reeds in 1946 gestig is en waarby meeste Bybelgenootskappe wêreldwyd ingesluit is. (Ook die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. (Net die Trinitariese Bybelgenootskap van Londen (TBS wat in 1831 gestig is) is nie ingesluit nie).*
> *As vertrekpunt is die “Oxford Movement” se teks gebruik wat reeds sedert 1833 deur samewerking van die Vatikaan en die Arminiaanse “Church of England” (Anglikane) se geleerdes aan die Universiteit van Oxford tot stand gebring is.*
> *Hierdie Rooms-Arminiaanse UBS-teks is in 1965 deur ’n vergadering van die Vatikaan aanvaar as die “algemene teks” vir Bybelvertalings*

*van die toekoms. In 1966 het 'n internasionale komitee van die UBS die grondteks van die Griekse Nuwe Testament uitgegee, gebaseer op die beginsels van die gesamentlike teks deur die Vatikaan en Oxford soos reeds in 1833 ingestel was. Vir werk aan die tweede uitgawe van hierdie teks is die biskop van Milaan, Carlo M Martini, in 1968 deur die Vatikaan op die komitee aangestel. Daar was geen Gereformeerde op die paneel nie en is totaal deur die Vatikaan beheer.*
*Op 10 Januarie 1968 is 'n Vatikaan studiestuk uitgereik as finale riglyn vir nuwe Bybelvertalings, bekend as "Guiding Principles for inter-Confessional Co-operation in Translating the Bible". Dit is aanvaar deur die Uitvoerende Raad van die Vatikaan vir die bevordering van "Christelike Eenheid". Die derde uitgawe van hierdie UBS-teks is gebruik as teks vir die Afrikaanse "Bybel Nuwe Vertaling" soos uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid Afrika in 1975.*

Kyk maar gerus voor in jou Bybel en jy sal sien waarna Dr. de Waal verwys. Hoe Rooms dink jy is jou "Godsdiens"?

**Eerstens:** Sou ons die mees oorspronklike vertaling vanuit Aramees gebruik vir die Nuwe Verbond (in plaas van die bogenoemde "Griekse UBS-teks) sal al hierdie probleme baie maklik verduidelik kan word. Dan sal jy sien hoedat Satan dit reggekry het wat Daniël geprofeteer het in **Dani'el 7:25,** om wet en tye te verander vir sy doel. Die "wet" impliseer die hele Skrif.

**Tweedens:** Daar kan nie "voetpaadjies" deur die Skrif gevolg word nie, met ander woorde, 'n mens kan nie hier en daar 'n vers gryp en daarop 'n dogma probeer bou nie, want wat die Skrif op ander plekke van dieselfde onderwerp sê is noodsaaklik. Dit is veronderstel om dieselfde weer te gee.
Die begrip "konteks, konteks en nogmaals konteks is uiters noodsaaklik om toe te pas in die hele Skrif. Die hele Skrif moet in ag geneem word, anders kan allerhande valshede opgedis word soos: 'n drie-eenheid, inkarnasie, valse feeste, Sondag in plaas van Shabbat, "genade alleen", kinderdoop, ons gaan hemel toe en vele meer. Verder moet ons onthou dat daar geen plek is vir enige kompromie in die Skrif nie! Dan is dit verdraaiing!

## 3.7 Geloofwaardige drastiese stellings

Hier moet 'n ernstige stelling gemaak word, nl.:
Skrif bewyse is die LIG en onbewysbaarheid is DUISTERNIS wat nie in die Skrif gevind kan word nie.

**Spr 6:23** want die opdragte is 'n lamp en die instruksies 'n lig en die teregwysing wat dissiplineer is die pad tot lewe, **Ps 119:105**

**Ps 119:105** U boodskap is 'n lamp vir my voet en 'n lig op my pad. **2 Sh'm 22:29; Spr 6:23**

Geen duisternis kan in die Skrif gevind word nie!

**Voorbeeld 1.**

Ek haal graag die voorbeeld aan uit 'n dokument wat Dr. Ockert Schoeman vir my gestuur het.

**Vraag: "**Wat leer die Bybel ons omtrent die Drie-eenheid?

**Antwoord:** "Die mees ingewikkelde aspek aangaande die Christelike konsep van die Drie-eenheid is dat daar geen manier is om dit op die regte manier te verduidelik nie. Die Drie-eenheid is 'n konsep wat onmoontlik is vir enige menslike wese om volledig te verstaan, om nie eens te praat van verduidelik nie. God is oneindig groter as ons; daarom behoort ons nie te verwag dat ons ooit in staat sal wees om Hom volledig te verstaan nie.

Hier moet ons weereens wys op wat die Skrif werklik leer hoe ons Vader kan / moet ken. Die bostaande antwoord het geen Skrifbewyse nie.

**Efe 3:18** sodat julle saam met al die afgesonderdes kan ontdek wat die breedte, lengte, diepte, hoogte
**19** en die grootheid van die kennis van die liefde van Die Gesalfde Een is en dit kan ken en **gevul kan word met al die volheid van God**. **(Yog 14:26; 1 Yog 2:27; Efe 1:23-2:1Kol 1:9; 3:14)**

**Rom 1:19** aangesien 'n **kennis van God** aan hulle openbaar is, want God het dit aan hulle openbaar. **Ps 97:6**

**Efe 1:17** sodat die God van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, die Vader van eer, lof en aanbidding, aan julle die Gees van wysheid en openbaring mag gee saam met **kennis van Hom**

**Kol 2:2** sodat hulle verstand, wil en emosie vertroos en versterk mag word en hulle in liefde nader kan kom aan al die rykdom van die volle versekering en die insig van die kennis van die geheime van God-die-Vader en van Die Gesalfde Een,

Verder, as daar "geen manier is om dit op die regte manier te verduidelik nie" en geen Skrifverwysings om die drie-eenheid in die Skrif te bewys nie, dan is dit duisternis, dan is dit soos Sha'ul dit stel – 'n verwerplike gedagte!

Dan is die hele lering aangaande die sogenaamde drie-eenheid 'n klug! Alles wat probeer om die sogenaamde drie-eenheid te bewys is dus onbewysbaar en vals soos ook die volgende aanhalings sal wys!!

**Voorbeeld 2.**

*Randy Smith, Theological "ism"s, A Layman's Reference Guide to Selected Theological Terms, 1999, p. 90, quoted by Patrick Navas, Divine Truth or Human Tradition? 2007, p. 21*:

> *"The doctrine of the Trinity is the basis of our Christian faith. Because the doctrine of the Trinity cannot be fully understood, it requires the Holy Spirit to direct our minds to believe"*

1. Is die basis van ons Christen geloof?? As dit dan so sou wees, dan sou die handleiding van ons geloof mos juis die meeste daarop konsentreer en die meeste bewyse daarvan gee – nie waar nie? Daar is egter absoluut geen.
2. Nie ten volle verstaan word nie?? Hoeveel is dan verstaanbaar? Wat is die doel dan van die Skrif as dit nie vir ons die verstaan gee van Wie dié God is, wat ons moet aanbid, nie? Is daar dan enige kompromie met die leuen?
3. Die Gees sal ons lei om te glo?? Die Skrif verklaar dat die Gees ons alles sal leer – nie om te glo nie, maar om Hom te ken - net soos Yeshua gedoen het.

**Yog 14:26** maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees wat Afgesonderd is, wat My Vader in My Karakter en Outoriteit sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. **1 Yog 2:27; Efe 1:23-2:1; 3:17-19**

**Voorbeeld 3.**

*The same source quotes yet another as stating, "You cannot be saved if you don't believe in the Trinity."*

- Waar staan dit enigsins in die Skrif as 'n voorwaarde?

> *This is serious business. Hundreds of thousands of Christians have been excommunicated, persecuted and even killed over this doctrine. Yet even as some demanded that we believe in the Trinity, they admit that it is a mystery beyond understanding.*

- Hoe plaas ek my vertroue op so 'n onverstaanbare en onbewysbare dogma?

**Ek verwys na Bl. 52 waar die probleem hanteer word.**

**Voorbeeld 4.**

’n Skokkende stelling uit *A Handbook of Christian Truth:*

> *“The mind of man cannot fully understand the mystery of the Trinity. He who has tried to understand the mystery fully will lose his mind, but he who would deny the Trinity will lose his soul” (Harold Lindsell and Charles Woodbridge, 1953, pp. 51-52).*

- ’n Tipiese stelling om vrees te wek as jy met die kerk verskil. Daar is geen bewys van so ’n stelling in die Skrif te vind nie.

**Voorbeeld 5.**

*Author and theology professor Harold Brown writes: “It have proved impossible for Christians actually to understand the doctrine or to explain it in any comprehensive way. The doctrine of the Trinity . . . surpasses our human ability to understand and that must be respected as a divine mystery” (Heresies: Heresy and Orthodoxy in the History of the Church, 2003, p. 128).*

- Wat moet ek dan hiermee maak, net eenvoudig die valsheid aanvaar? Dan kan ek mos enige leuen aanvaar!? Nee – Vader het belowe dat ons Sy volheid kan ken **(Efe 3).**

**Voorbeeld 6.**

Professor in Teologie, *James White*, sê: *“The [Trinity] doctrine is misunderstood as well as ignored. It is so misunderstood that most Christians, when asked, give incorrect and at times downright heretical definitions of the Trinity”. (The Forgotten Trinity, 1998 p.16)*

- Volgens ’n welbekende teoloog in die kerk! Is dit nie vreemd dat meeste “gelowiges” nie verstaan of weet wat hulle glo nie?

**Voorbeeld 7.**

Professor in Teologie, *Louis Berkhof,* maak die stelling:

> *“The Church confesses the Trinity to be a mystery beyond the comprehension of man. The Trinity is a mystery, not merely in the Biblical sense of what is a truth, which was formerly hidden but is now revealed; but in the sense that man cannot comprehend it and make it intelligible” (Systematic Theology, 1996, p. 89).*

- Wat nou gemaak? Moet ons ’n valsheid ’n waarheid maak om enige kompromie aan te gaan? Dit laat die deur oop dat enige een iets kan leer

as waarheid wat nie in die Skrif geleer word nie en net verklaar "dit is bo die begrip van die mens – verwerplik!

**Voorbeeld 8.**

*Millard Erickson*, Navorsingsprofessor in Teologie by "Southwest Baptist Theological Seminary, sê van die drie-eenheid:

> *"This doctrine in many ways presents strange paradoxes . . . It is a widely disputed doctrine, which has provoked discussion throughout all the centuries of the church's existence.*
>
> *It is held by many with great vehemence and vigour. These [advocates] consider it crucial to the Christian faith. "Yet many are unsure of the exact meaning of their belief. Is this really what God wants?* **('n Goeie vraag!)** *These are surprising admissions about the Trinity—"an absolute mystery," "mysterious in its origin and its content," "impossible for nobody to actually understand," "unintelligible," "misunderstood," "presents strange paradoxes" and "widely disputed." (God in Three Persons: A Contemporary Interpretation of the Trinity, 1995, pp. 11-12)*

**Voorbeeld 9.**

Daar is nog vele meer, maar ek wil afsluit met nog net een verwysing. Hierdie is 'n klassieke voorbeeld vir die voorstaanders van 'n oorspronklike "Griekse Nuwe Testament" en waarin gepoog word om 'n drie-eenheid te bewys!

Eerstens wil ek jou wys op 'n "verklaring" wat gekry kan word in die NIV ten opsigte van **1 John 5:7-8**. Dit verwys daarna dat die gedeelte nie in die oorspronklike is nie!
Ek haal woordeliks aan:

**NIV - (1 Joh 5:7-8) 7** Late manuscripts of the Vulgate':

> "testify in heaven: the Father, the Word and the Holy Spirit, and these three are one. **8** And there are three that testify on earth **(not found in any Greek manuscript before the fourteenth century)**

Die samestellers is darem eerlik genoeg om te verklaar dat geen verwysing van hierdie tekse voor die veertiende eeu na Yeshua gevind kan word nie. Nogtans word dit deur die Roomse teks ingevoeg om te "help" bewys dat daar 'n drie-eenheid is.

Dit is as volg in die Afrikaanse Bybel deurgegee:

**AOV - 1 Joh 5:6** Dit is Hy wat deur water en bloed gekom het, Jesus die Christus; nie deur die water alleen nie, maar deur die water en die bloed; en dit is die Gees wat getuig, want die Gees is die waarheid**.**
7 ***Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een;***
*8* ***en daar is drie wat getuig op die aarde:*** die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig.

**PWL - 1 Yog 5:6** Dit is Hy wat deur water en bloed gekom het, Yeshua Die Gesalfde Een; nie deur water alleen nie, maar deur water en bloed
**7** en dit is die Gees wat getuig, want die Gees is die Waarheid.
**8** Daar is drie wat getuig: die Gees, die water en die bloed en die drie is in eenheid.

Neem asseblief ’n oomblik en vra uself af waarom die teks in die Skrif ingeskryf sou word? As die stelling waar is, dan is dit tog nie nodig nie aangesien die Skrif dit sou leer. As dit egter vals is, is daar geen twyfel dat dit ingevoeg is om iets te leer wat nie op enige ander plek in die Skrif geleer word nie. Hierdie is ’n blatante invoeging in die Skrif na 325 na Yeshua.

Interessant dat die Afrikaanse 2020 vertaling van die Bybel ook nie hierdie teks bevat nie. Daar is egter geen verduideliking of woord oor die weglating nie. Die PWL vertaling bevat nie hierdie ingevoegde teks nie aangesien dit nie die Griekse aangepaste tekste gebruik het nie en direk vanaf die Aramese oorspronklike vertaal is wat nie daardie teks bevat nie.

Ek herhaal weer die logiese gevolgtrekking.

Wat het hierdie verwysings almal in gemeen? Nie een beskryf, verduidelik, definieer of bewys ’n “drie-eenheid” wat voorgehou word nie! Dit het almal die volgende vae verwysings soos: “hiervan kan afgelei word; hiermee kan veronderstel word; hierdie is ’n sterk moontlikheid” en baie ander verdigsels. Dit is alles menslike opinies en het geen fundering in die Skrif nie! Al wat dit wys is dat Vader, die Seun en die Gees wat Afgesonderd is belangrik is in die kind van God se lewe. Nêrens kan die Gees as ’n persoon aangedui word in die Skrif nie. Vader het ons getoets deur te vra of ons Sy, en Sy Seun se name ken. Hoekom het Vader dan nie gevra wat is die “Gees” se naam nie! Daar is niemand in die Skrif naamloos nie! ’n Naam het mos die persoon se karakter en outoriteit aangedui! Hoekom verwag die Skrif hier dat ons Sy Karakter moet ken as beweer word dat ’n mens God nie kan verstaan nie?

Daar is nog baie meer sulke verwysings, maar ek volstaan hiermee.

## 3.8 Samevattend

Is יהוה nie die God van die enigste waarheid nie? Is Hy nie die God wat baie spesifiek en presies is nie? Klink die "drie-eenheid" vir jou na 'n dogma waarop ek my vertroue en verlossing moet bou – spesifiek as Sha'ul vir ons wys in **1 Kor 14:33** *"God is not a God of confusion.* **(NKJV)**.

Die stelling is voorheen gemaak en word weer herhaal: Ons kan nie met bewerings werk sonder om bewysbare feite in die Skrif te gebruik nie, uit en gedaan, anders is daar weerspreking of nog erger, vervalsing! Genoemde aanhalings wys baie duidelik dat die drie-eenheid nie Skrif bewysde waarheid is nie en moet geag word as - soos Sha'ul dit stel "'n verwerplike gedagte"!!

Ek kry nie so 'n vae God in die Bybel nie. Hy is baie presies in dit wat Hy wil hê ek en jy moet weet. Wat ons in die Woord kry, is presies dit wat Vader vir ons gegee het om Hom en Sy Seun ten volle te ken! Moenie dat onkunde jou pootjie nie, onkunde is geen verskoning nie!

Soos gesien kan word, is dat die drie-eenheid onverklaarbaar is, maar die eenheid van God / dat Hy net een is, is baie duidelik verklaarbaar vanuit die Skrif!

In die lig hiervan, tesame met die feit dat die drie-eenheidsleer eers in die 4de eeu ontstaan het en geen lering daaroor vroeër gegee is nie, hoort dit op die rak van vals leringe en is dit nie aanvaarbaar vir die ware, waarheidsoekende kind van God nie.

# Hoofstuk 4

# Wie is dan die Enigste Ware God?

## 4.1 Agtergrond

Van ewigheid voor die skepping tot in ewigheid wat kom, is, was en sal daar net een ware God en Heerser wees. Van die begin van hierdie skepping, het die vyand probeer om Hom vals aan te bied en sodoende te sorg dat die mens die verkeerde God aanbid. יהוה-God het die mens geskep om soos Hy te lyk en dus het die teëstander Sy beeld verdraai om sodoende ons lewens te beheer.

Die teëstander het vir Havah (Eva) oortuig dat יהוה-God onregverdig is en die seën van hulle wil weerhou, die volk Yisra'el het Hom uitgebeeld as een van die Egiptiese gode. Later in die geskiedenis het Yisra'el gereeld die ander volke se gode en afbeeldings nagevolg. יהוה-God is die enigste wat geen afbeelding het nie, behalwe die mens wat Hy geskep het om soos Hy te lyk. Die Griekse filosowe het hom volgens kennis en die beelde van ander godsdienste uitgebeeld. Toe Yeshua kom en hierdie beeld volmaak verteenwoordig soos elkeen van ons geroep is om te doen, is Hy skielik God gemaak.

In hierdie hoofstuk gaan ons dan kyk wie hierdie Een Ware God is en hoe Hy Homself voorstel aan ons.

Die Boodskap van God (U ken dit as die Bybel) is ons handleiding vir hoe ons moet leef volgens Vader se Karakter. Aangesien dit oor baie eeue geskryf is, kom dit uit verskillende hoeke en tog is daar 'n absolute eenheid in Sy Karakter soos wat Hy Homself openbaar as die God van Avraham, Yitz'gak en Yisra'el.

Soos wat Hy Homself openbaar in Sy Boodskap, staan Hy reglynig teenoor die heidendom in alle aspekte. God is Een; daar is geen ander nie **(Deut 6:4; Yes 45:21; 46:9)**. Veelgodedom word ondubbelsinnig, sonder om doekies om te draai, absoluut verwerp **(Eks 20:3–5).**
Daar is geen panteon van gode nie; dit is niks anders as bose geeste nie **(Yes 45:21; 1 Kor 10:19-20)**; apoteose (die opheffing van 'n mens na goddelike status) word veroordeel **(Yeg 28:2 e.v.).** Sinkretisme (die vermenging van godsdienste), onderskeidend van die identifisering met 'n spesifieke godsdiens, word uitgeskakel **(Gen 14:18–22),** wat 'n geskiedkundige en teologiese rol in die groei van godsdienste in die heidendom gespeel het. **(Num 25:2–3; Rig 18)**.

Verse soos **Eks 15:11** “יהוה, wie is soos U onder die gode?, praat nie van veelgodedom nie, maar openbaar die onwerklikheid en nutteloosheid van die heidense gode. Die gedagte is: Hoe kan hierdie afgod-oortreders saam met die Lewende God goddelikheid toe-eien? Die Een God is ook uniek in al Sy eienskappe. Die profeet vra: “Met wie wil julle God gelykstel, of met watter gelykenis Hom vergelyk? **(Yes 40:18).**

**Reg deur die Boodskap** gee dit vir ons die onvergelykbaarheid van יהוה-God. Hy het geen gelyke; geen beeld kan van Hom gemaak word nie **(Eks 20:4; Deut. 4:35)**. Afgodery, alhoewel dit vir eeue voortbestaan het, is verdoem deur hierdie openbaringe in die Boodskap van wie God is. Die beelde wat in Torah gebruik word, soos die gerubs, is nooit ’n verteenwoordiging van יהוה-God nie.

Tog is die onsigbare God nie ’n filosofiese konsep nie; Hy manifesteer sy Teenwoordigheid deur donder, aardbewings, weerlig en wind. **(Eks 19:18; 20:15[18]; Hab 3:4 e.v.)**. Hierdie natuurlike verskynsels wys Sy krag. Hy is almagtig **(Iyov 42:2)**. Niemand kan Hom weerstaan nie **(41:2)**; Hy is die opperkrygsman **(Ps. 24:8)**. Sy grootheid lê egter nie primêr in Sy krag nie. Hy is alwetend; wysheid behoort aan Hom alleen **(Iyov 28:23 e.v.)**. Lig is altyd in Hom **(Dan 2:22)**; en dit is Hy en Hy alleen wat die toekoms bekendmaak. **(Yes 43:9)**. Hy is die bron van menslike begrip **(Ps. 36:10[9])**, en Hy gee aan die mens vermoëns. **(Eks 28:3; I Kon 3:12).**

Hy is ook die alomteenwoordige God **(Ps 139:7–12)**. Hy is verhewe bo die natuur want dit is Hy wat dit geskep het, Sy wette daargestel het en aan dit orde gegee het **(Yir 33:25)**. Hy is buite tyd en ruimte; Hy is ewig. Alles sal vergaan; Hy alleen was voor die skepping en sal dit tot die voleinding daarvan sien **(Yes 40:6–8; 44:6; Ps 90:2)**. Die alomteenwoordige God verander nooit **(Yes 41:4; Mal 3:6).** Hy is die rots van alle bestaan **(2 Sam 22:32).**

Die Skrif is baie spesifiek en reguit oor hierdie vraag:

## 4.2 Wie is God, wat aanbid moet word?

**Eks 20:2a** “Ek is יהוה, jou God, .......
**:3** Jy mag geen ander gode voor My hê nie.

Sonder dat ons na enige iets anders kyk is dit al wat ons besluit bepaal. As hierdie God, יהוה, nie die God is wat jy aanbid nie, aanbid jy ’n ander God, wat verbied word. Nie een met die naam Jesus of enige iets anders nie, nee, יהוה is my God en Hy alleen.

Kom ons blaai deur ons handleiding - die volle Boodskap van God alleen - en kyk Wie is dan die enigste ware God wat aanbid moet word. Wie is jou Magtige wat heers?

**Deut 4:35** Dit is vir jou gewys sodat jy kan weet dat יהוה God is; **daar is geen ander buiten Hom nie.**
**39** Weet daarom vandag en neem dit ter harte: **יהוה, Hy is God**, bo in die hemel en onder op die aarde; **daar is geen ander nie.**

**Deut 6:4** Luister, hoor en doen Yisra'el, יהוה **is ons God;** יהוה **is Een.**

**Deut 6:13** Jy moet יהוה, jou God, respekvol vrees, Hom dien en by Sy Naam (Karakter en Outoriteit) moet jy sweer.
**14** Julle mag nie agter ander gode aan gaan; enige van die gode van die volke wat rondom julle is nie
**15** sodat die woede van יהוה, julle God, nie teen julle brand en Hy julle van die aarde af vee nie, want יהוה, julle God, is 'n jaloerse, Magtige God tussen julle.

**1 Sh' 2:2** Daar is niemand afgesonderd soos יהוה nie; inderdaad, daar is niemand buiten U en ook is daar geen Rots soos ons God nie.

**2 Sh' 7:22** Om hierdie rede is U groot, יהוה God, want daar is niemand soos U en **daar is geen God behalwe U nie,** volgens alles wat ons met ons ore gehoor het.

**1 Kon 8:60** sodat al die volke van die aarde kan weet **dat** יהוה **God is; daar is geen ander een nie.**

**2 Kon 19:15** Hizkiyahu het voor die Teenwoordigheid van יהוה gebid en gesê: "יהוה, God van Yisra'el, wat op die troon sit bo die gérubs, alleen is die God van al die koninkryke van die aarde, U het die hemel en die aarde gemaak!

**2 Kon 19:19** Nou bid ek, יהוה, ons God, bevry ons uit sy hand sodat al die koninkryke van die aarde kan weet dat U, יהוה, alleen God is."

**Yes 37:16** "O, יהוה-Tzva'ot, God van Yisra'el, wat bo die gérubs op die troon is; U alleen is die God van al die koninkryke van die aarde; U het die hemel en die aarde gemaak.

**Yes 37:20** Nou, יהוה, ons God, bevry ons vanuit sy hand sodat al die koninkryke van die aarde kan weet dat U, יהוה, alleen God is."

**Yes 44:6** So sê יהוה, die Koning van Yisra'el en sy Loskoper, יהוה-Tzva'ot: 'Ek is die Eerste en Ek is die Laaste en buiten My is daar geen God nie. **Open 1:17; 2:8; 22:13**

**Yes 45:5 Ek is יהוה en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God** nie; Ek sal jou omgord, alhoewel jy My nie geken het nie
**6** sodat mense kan weet van die opkoms van die son tot sy ondergang dat daar buiten My geeneen is nie; **Ek is יהוה en daar is geen ander nie;**
**14** So sê יהוה: "Die produkte van Mitzrayim en die handelsware van Kush en die S'vaïete, manne van gestalte, sal na jou toe oorkom en joune wees; hulle sal agter jou loop; hulle sal in kettings oorkom en voor jou buig; hulle sal jou versoek: 'Waarlik, God is by jou en **daar is geen ander, geen ander God nie!**
**18** want so sê יהוה, wat die hemele geskep het; Hy is die God wat aarde gevorm en dit gemaak het, Hy het dit vasgestel en dit nie as 'n verwoeste plek geskep nie, maar dit gevorm om bewoon te word: "**Ek is יהוה en daar is geen ander nie**.
**21** Verklaar en stel julle saak; laat hulle inderdaad saam beraadslaag. Wie het dit lankal aangekondig? Is dit nie Ek, יהוה, nie? **Daar is geen ander God buiten My nie**, 'n regverdige God en Verlosser; daar is geen buiten My nie.
**22** Draai na My toe en word gered, alle eindes van die aarde, want **Ek is God en daar is geen ander nie**.

**Yes 46:9** Onthou die dinge wat van ouds af was, **want Ek is God en daar is geen ander nie; Ek is God en daar is niemand soos Ek nie;**

**Yo'el 2:27** So sal julle weet dat Ek tussen Yisra'el is en dat Ek יהוה, julle God, is en **daar is geen ander nie** en My volk sal nooit beskaamd word nie.

**Ps 62:5** My lewe **wag net op God**, want van Hom is my verlossing!
**6 Hy alleen is my God en my Verlossing;** Hy is my Verdediging, ek sal nie beweeg word nie.

**Ps 18:31** want **wie is god buiten יהוה en wie is magtig soos ons God**?

**Ps 86:10** want U is groot en doen wonderlike dinge; **U alleen is God.**

**Mat 4:10** Toe sê Yeshua vir hom: "Gaan weg, jou teëstander, want daar is geskrywe: '**Aanbid יהוה, jou God en dien Hom alleen**'."
**Deut 6:13; 10:20; Luk 4:8**

**Mar 12:29** Yeshua antwoord hom: “Die eerste van al die opdragte is: ‘Luister, hoor en doen Yisra’el, יהוה is ons God, יהוה is Een’

**Mar 12:32** Die leraar van die wet sê vir Hom: “Uitstekend, Leermeester, U het met waarheid gesê dat God Een is en dat daar geen ander is behalwe Hy nie

**Luk 4:8** Yeshua antwoord en sê vir hom: “Daar is geskrywe: ‘Jy moet יהוה, jou God, aanbid en Hom alleen dien’.” **Deut 6:13-14; 10:20; Mat 4:10**

**Y'hu 1:25** Hy alleen is God, ons Verlosser, deur Yeshua, Die Gesalfde Een, ons Meester; aan Hom kom toe die lofprysing, die danksegging, die eer en die majesteit, nou en tot in alle tye! Dit is waar.

**Gal 3:20** ’n Tussenganger verteenwoordig nie een alleen nie, maar God is een.

**Open 19:4** Die vier en twintig ouderlinge en die vier wesens het neergeval en ons God, wat op die troon sit, aanbid en gesê: “Dit is waar! Lofprys יהוה alleen!”

In Judaïsme is die bewys van God se bestaan onvolledig as dit nie ook Sy absolute Eenheid bevestig nie. Alhoewel Joodse filosowe die eenheid verskillend gesien het, het nie een afgewyk van die vaste geloof in God se eenheid nie. Dit is belangrik om te besef dat, terwyl die Griekse filosowe, soos Plato, reeds in die vierde eeu ’n saamgestelde eenheid gepromoveer het, die Joodse filosowe eers in die middeleeue begin het om God se eenheid as ’n korporatiewe eenheid te sien.

Die betekenis van die Hebreeuse woord - “egad word op **Bl. 32** hanteer.

## 4.3 Is daar meer as een God?

### Beteken die volgende verse dat daar meer as een is wat 'god' is?

**Ps 95:3** want יהוה is ’n groot God en ’n groot Koning bo alle gode.

**Ps 97:9** want U, יהוה, is hoog verhewe oor die hele aarde; U is hoog verhewe bo alle gode.

**Ps 135:5** Ek weet dat יהוה groot is en dat ons Meester bo alle gode is.

**Ps 136:2** Loof die God van die gode met uitgestrekte hande, want Sy liefdevolle goedheid duur vir ewig.

Oppervlakkig lyk dit so.

Kom ons lees ’n stelling van Sha'ul daarmee saam:

> **1 Kor 8:4** daarom, wat kos betref wat aan afgode geoffer is, weet ons dat ’n afgod niks in die wêreld is nie en dat daar geen ander God is nie, behalwe Een, **Deut 6:4; Yir 16:13**
> **5** want al is daar ook sogenaamde “gode,” of dit in die hemel en of dit op die aarde is, soos daar dan ook baie “gode” en baie “meesters” is,
> **6** is daar vir ons Een: God-die-Vader, vanuit Wie alles is en ons is in Hom; Een Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, want alles is deur Hom en ook ons is in Sy hand. **Rom 14:9**
> **7** Nie almal het dié kennis nie. Meer nog, sommige wat nou nog bewus is van die afgod, eet dit as ’n afgodsoffer en hulle gewete, wat swak is, word besoedel,

Die onderwerp van die lering is bietjie anders, maar die stellings hier maak die bogenoemde vraag duidelik. Nee, daar is nie meer as een God nie, maar sommige erken nog die “gode en daarom word dit so genoem dat mense dit kan verstaan. Daar is net een God.

## Ondubbelsinnig en duidelik - Daar is net een Magtige God

## Hoe sal ek weet dit is die ware God?

Deur Sy Karakter en Outoriteit soos wat Hy Homself openbaar in die Skrif.

Soos ons reeds gesien het openbaar Hy Homself as die enigste God. As ek dus ’n ander god aan Hom kan gelykstel, dan is dit nie die God wat Homself in die Boodskap (Skrif) openbaar nie.

## 4.4 Die Karakter en Outoriteit van יהוה

1. Die Enigste Skepper-God.

**Gen. 14:18 "**Malki-Tzedek, die koning van Shalem, nie-Levitiese priester van El-`Elyon (Die Allerhoogste, Magtige God), het brood en wyn uitgebring

**19** en hom geseën en gesê: "Geseënd is Avram deur El-`Elyon, **die Skepper van die hemele en aarde.....**

**22** maar Avram antwoord die koning van S'dom: "Ek het my hand opgelig voor יהוה, El-`Elyon, **die Skepper van die hemele en aarde**,

2. יהוה-`Elyon - Yahuah, die Allerhoogste, **Ps 7:18**
3. יהוה- Megaddeshkem - Yahuah wat my afsonder, **Eks 31:13**
4. יהוה- Nèsi - Yahuah my Banier, **Eks 17:15**
5. יהוה- Rafah (Rofeka) - Yahuah wat jou gesond maak, **Eks 15:26**
6. יהוה-Ra'ah - Yahuah my Herder (Skaapwagter), **Ps 23:1**
7. יהוה- Shalom - Yahuah van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, **Rigt 6:24**
8. יהוה- Shamah Yahuah-Shamah - Yahuah is hier / oral, **Yeg 48:35**
9. יהוה-Tzva'ot - Yahuah van die hemelse leërmag, **1 Sh'm 1:3**
10. יהוה-Tzidkenu - Yahuah, ons Onpartydige en Opregte, **Yir 33:16**
11. יהוה-Yir'eh - Yahuah sal voorsien, **Gen 22:14**
12. יהוה-Tzuri - Yahuah is die Rots, **1 Sh'm 2:2**
13. **El** beteken letterlik "Magtige. Eloha is die enkelvoud wat "Magtige met outoriteit beteken. Eloyim is die meervoud vorm hiervan, maar is altyd in die enkelvoud betekenis wanneer dit na die Skepper-God verwys. Dit word egter in verwysing na aanbidding vir God gebruik; dus verwys dit na die enigste ware Magtige God, יהוה en na geen ander ding wat deur mense aanbid word nie.
14. El-Elohei Yisra'el - Die Magtige God is die God van Yisra'el
15. El-`Elyon - Die Allerhoogste, Magtige God
16. El-Gibbor - Magtige God van krag
17. El-`Olam - die Ewige Magtige God
18. El-Ro'i - Die Magtige God sien, **Gen 16:13**
19. El-Shaddai - Die Magtige God is meer as genoeg, **Eks 6:3**
20. Koning, **Open 19:16**

    **Ps 47:3 "**want יהוה-Elyon, (die Allerhoogste Magtige God), word respekvol gevrees! Hy is 'n groot Koning oor die hele aarde.
21. Meester *[adon]* van die hele aarde (**Y'ho 3:11**) en word daarom as "My Meester (Adonai) aangespreek.
22. יהוה-Abba Yahuah-Vader, **Gal 4:6**
23. יהוה- Die Onveranderlike, **Mal 3:6a**
24. יהוה is Liefde, **Deut 7:8; Efe 2:4,5**

25. יהוה is Gees, **Yog 4:24**
26. יהוה is vertroue, **Yir 17:7**
27. יהוה- God van die hele wêreld
28. יהוה- Die Enigste Ware God
29. יהוה- my Skuiling
30. יהוה- HaShafat - Die Een wat oordeel vel, **Rigt 11:27**
31. God is Goed: Yeshua self het gesê dat net God goed is, **Luk 18:19**
32. Onverdiende Guns - "Genade in die ou vertaling, **Tit 3:5; Dan 9:9**
33. Absoluut getrou, betroubaar en vertrouenswaardig, **Eks 34:6;Num 23:19**
34. Soewerein; Hy het absolute mag en outoriteit, **Dan 4:35; Mat 20:15**
35. יהוה is Wysheid, **Rom 11:33; Ps 104:24; Spr 3:19**
36. Die Almagtige, **Gen 17:1; 18:14; Deut 3:24; 32:39; Yes 40:12,15**
37. יהוה- God van my redding, **Ps 24:5**; **Ps 25:5**

**Is dit die God wat jy aanbid? Dit is die enigste God!**

Vir die verduideliking en uitleg van elkeen van hierdie karaktertrekke van die Enigste Lewende Skepper-God, יהוה, bestudeer die reeks op YouTube by Padwlewe - *"Die Karakter en Outoriteit van Vader* - of lees die boek "*God van die Verbond deur Gerrie C Coetzee.*

Ons gevolgtrekking vanuit al die Skrifte tot nou toe is dus duidelik: Daar is geen aanduiding in die Skrif dat Yeshua ook God is, of dat daar enige een naas יהוה God is of kan wees nie.

# Hoofstuk 5

## ’n Uitnodiging

Die groot vraag bly nou: Wat gaan jy maak met wat die Skrif ons leer as waarheid, in plaas van dit wat ons deur tradisie geleer is in die Christelike instansies? Satan het dit reggekry om die mens deur middel van die emosionele, tradisionele godsdiens so te verblind om nie die waarheid van die Woord meer raak te sien nie.

Een ding wat uitstaan in die Skrif is: Die Enigste Lewende Skepper-God is ’n Regverdige God wat nie sondes kan oorsien nie!

> **Rom 2:5** As gevolg van die onsensitiwiteit van jou verstand, wil en emosie wat nie wil wegdraai van sonde af nie, versamel jy vir jou ’n skat van toorn vir die dag van die toorn en openbaring van die regverdige oordeel van God.

Daar sal onder geen omstandighede enige kompromie aangegaan word met enigiemand nie. Nadat Yeshua die jong man uitgenooi het, het hy omgedraai, weggeloop en het die jong man die ewige lewe verbeur.

> **Mar 10:22** Hy het egter treurig geword oor dié woord en bedroef weggegaan,

Kyk maar self, Yeshua het nie ’n poging aangewend om enige kompromie met die jong man aan te gaan nie! Daar is ook geen kompromie met enigiemand in die ganse Skrif te vinde nie! Vader se instruksies en beloftes is vas en vertrouenswaardig dat:

> **1 Yog 1:9** As ons ons sondes erken en laat staan, (Dit is die voorwaarde) is Hy vertrouenswaardig en regverdig om ons ons sondes te vergewe en Hy sal ons van alle boosheid reinig. (Dit is ’n ewige Belofte).

Te maklik word geleer dat: God se “genade” sal my oorsien want ‘Hy is mos ’n God van liefde’! Hierdie uitspraak en ook al die valshede soos uitgewys in die onderwerpe in hierdie boek is ongetwyfeld van die grootste leuens van die teëstander sedert **Gen 3:1-4.** Sou “genade” wees wat die kerk daarvan maak, wat was die doel van die koms van Yeshua as mens, verlosser, middelaar en baie meer?

> **Rom 1:17** Daarin word die onpartydige opregtheid van God openbaar deur vertroue tot vertroue volgens wat geskryf is: “Die regverdige sal vanuit vertroue lewe”

Glad nie uit “genade” nie! Onverdiende guns word aan almal aangebied, dit is waar. Die vraag is egter: wat maak jy daarmee?

Die samesteller van die *Complete Jewish Bible, Dr David Stern*, het per geleentheid die volgende uiters belangrike stelling gemaak, nl.
*“The heresies based on Scripture verses taken out of context are beyond number, and the mystery they causes are beyond measures!”*

Sou ons kyk na die vergelykende storie van die “verlore seun” **(Luk 15:11),** moet die vraag gevra word: Wat wil Yeshua vir ons daarmee sê?
Hierdie seun vat wat hom nie eintlik toekom nie, gaan verkwis dit, land in die “varkhok van die lewe”. Daar kom hy tot die besef dat, wat hy met sy lewe gemaak het, is niks meer werd as ’n varkhok nie. Kyk mooi: Hy moes die besluit neem, dit is nie vir hom gemaak uit “genade” nie. Intussen het die vader geduldig vir hom gewag om terug te kom, Dit is genade. Hy het nie ’n soekgeselskap gestuur om die seun te gaan soek nie.

Die “seun” kom self tot die besef; “Ek is verlore” en die enigste manier om by die huis uit te kom, is dat “ek moet opstaan en terug gaan na my vaderhuis”. Kry jy enige gedagte dat die seun uit “genade” gaan haal is of gedwing is of oortuig is? Vader se onverdiende guns (genade) is beskikbaar van die skepping af! Dus – hy erken sy probleem, neem die besluit om om te draai, voeg die daad by die woord, staan op en gaan terug huis toe. Lyk dit vir jou na “genade”? Die uiteinde is dat sy vader hom met groot vreugde terug ontvang het. Dit is onverdiende guns!! Nee, jy is nie ’n pion op God se skaakbord nie, dit is en bly jou en my verantwoordelikheid om te reageer! Kyk na die Goeie Boodskap hier onder en draai terug!!

Met die Waarheid van die Skrif, wat wys Wie die God van die Bybel is, het dit tyd geword dat elke mens wat onverdiende guns (genade) aangebied is, ’n besluit moet maak wie hy wil dien: Die Enigste Lewende Skepper-God van die Verbond, soos Hy Homself in Sy Woord bekend gestel het, of ’n veelgodedom soos geleer word deur die kerk wat Vader uitdruklik verbied in **Eks 20:3.** Kyk ook hoe lê God klem op die waarheid van “Ek” en nie “ons” nie!

**Deut 32:39** Sien nou, Ek Is Hy en daar is geen god naas My nie.

**Yes 45:5** Ek is יהוה en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie;

**Yes 40:25** “Met wie sal julle My dan vergelyk dat Ek sy gelyke kan wees?”

Die tetragram: יהוה - YHWH H3068 Volgens *Mickelson’s Enhanced Dictionary* word die volgende aangegee as Vader se Naam:

יהוה *Y$^{e}$hôvâh (yeh-ho-vaw')*
1. *(meaning) the self-Existent or Eternal, the I AM.*
2. *(person) Y$^{e}$hôvâh, Jewish national name of God.* **(Werklik? Moet dit nie wees “Die God van die Bybel” nie????)**
3. *(As expressed in Hebraic Koine Greek) ἐγώ εἰμί, I AM (literally: I myself, I am).*

**Verwys na 3 hierbo:**

Selfs die Griekse weergawe van die Naam יהוה is baie duidelik *“literally: I myself, I am”* - enkelvoud!

Die Hebreeus in die Tanakh wys baie duidelik hoe Vader Homself bekend gestel het en dit is veronderstel om dieselfde deur die ganse Skrif te moet wees!

**Eks 3:14** God sê vir Mosheh: “אהיה אשר אהיה (EK IS, WAS, SAL WEES WIE EK IS, WAS, SAL WEES).” Ook sê Hy: “So moet jy die seuns van Yisra’el antwoord: אהיה (EK IS, WAS, SAL WEES) het my na julle toe gestuur.”

**Verwys na 2 hierbo:**

Kyk net na die patetiese aanduiding van die Naam “Yhovah, dat dit ’n *“Jewish national name of God”* is, soos elders in die dokument reeds na verwys is. Indien daar geleer word dat dit die Naam is waarmee die Enigste Lewende Skepper-God Hom aan die ganse mensdom mee bekend gemaak het in plaas van dat dit ’n *“Jewish national name of God”* is, sal dit die hele dogma van drie-in-een omvêrwerp.

**Eks 3:15** Verder sê God vir Mosheh: “Dit moet jy vir die seuns van Yisra’el sê: ‘יהוה, die God van julle vaders, die God van Avraham, die God van Yitz’gak en die God van Ya’akov, het my na julle toe gestuur.’ Dit is My ewige Naam (Karakter en Outoriteit) en dit is hoe van My gepraat word van geslag tot geslag.

**Is dit hoe van Hom gepraat word in jou geslag - of die vorige een, twee...?**

**Ek nooi jou uit om die Enigste Bybelse Skepper-God, jou God te maak.**

Vir die ware soeker na die onvervalste Ewige Waarheid van die Skrif kan die volgende e-pos adresse gebruik word vir verdere ondersteuning en inligting.

fliperasmus@gmail.com
gerrie@padwlewe.org.za

**Yog 17:3** Dít is die ewige lewe: dat hulle U sal ken, want U is die God van Waarheid, asook Hom sal ken wat alleen deur U gestuur is, Yeshua, Die Gesalfde Een.

# Die Ware Blye boodskap

1. יהוה, Die Enigste Skepper-God het die mens gemaak na Sy beeld = om volgens Sy Karakter te lyk en te leef volgens Sy lewenswyse en so Sy outoriteit te aanvaar. **Gen 1:26, 27**
2. Die mens het ’n ander outoriteit gekies en was nie gehoorsaam nie. Dit is wat sonde is. **Rom 3:23; 1 Yog 3:4-6**
3. Vader het voorsiening gemaak vir die toedekking van sonde deur offers. **Lev 4:14; 5:10**
4. Aangesien die offer van diere nie die volmaakte antwoord is nie, het יהוה ook voorsiening gemaak vir ’n finale, volledige offer. Die Middelaar en uitvoerder van Vader se Verlossing – die beloofde Gesalfde Een. **Gen 3:15; 1 Yog 2:1**
5. Yeshua, wat die beloofde Gesalfde Een **geword het**, het die finale sondoffer gebring, vir alle nasies, wat elke persoon, slegs in vertroue, kan aanvaar as sy sondeoffer. Deur die doop lê ek die ou lewe af en leef ek in ’n gehoorsame verbond met Vader. **1 Yog 2:2; Rom 6:4,6; 2 Kor 5:15; Hebr 11:6**
6. Daardeur word die skuld van my sonde verwyder en ek word deel van יהוה-God se Koninkryk. **Hand 3:19; 1 Kefa 3:18; 2 Kefa 1:11**
7. Nou gee die Gees van God aan my nuwe geboorte volgens my oorspronklike skeppingsdoel. Die Gees wat Afgesonderd is kom woon in my en ek is afgesonderd en priester in die Koninkryk. **Yog 3:16; 1 Kefa 2:5,9; Open 1:6; 5:10**
8. Nou is my oorspronklike doel herstel en sal ek dus daagliks leef volgens Vader se Karakter en lewenswyse wat Hy vir ons kom gee het in Sy Boodskap - die Woord van God. So word die verhouding herstel. **Mar 12:14; 2 Kor 5:18**
9. Om as deel van die Koninkryk te leef, moet ek al Sy instruksies, Torah, Sy standaarde, instellings, reëls en Sy voorskrifte volg en leef volgens Sy lewenswyse. Dit is weer gehoorsaamheid aan Sy outoriteit. **Yog 14:15; 15:14; 1Yog 2:3-6**
10. Nou kan ek verklaar dat ek יהוה-God ken = Sy kind is = ewige lewe het en ’n verbondsverhouding het met die Enigste, Lewende, Skep-per-God, יהוה. **1 Yog 3:1; Rom 6:23**

**Nou is ek kind van God.**